

matieland



US word belangrike rolspeler
in hernubare energienavorsing



**Van sukses na betekenisvolheid –
Russel Botman en die US**

Read *Matieland* in English at www.matiesalumni.net

Tel: +27 21 887 4740

Fax: +27 21 887 3875



www.annabasson.co.za

info@annabasson.co.za

MOSTERTSDRIFT - P.O.R



SOLE MANDATE

Victorian gem renovated to perfection! Ample accommodation, spacious entertainment areas, leading to private pool & garden.

SIMONSRUST - R 1 580 000



ALLEENMANDAAT

Netjiese dorps huis naby skole en US (114 m²). 3 Slpk, 2 badk, leefarea en oopplan kombuis. Binne-tuin, motorhuis en ekstra parkering.

PARADYSKLOOF - R 4 800 000



Immaculate property with quality finishes and lovely mountain views. Entertainer's dream with spacious under cover braai area and pool.

SENTRAL - R 2 890 000



ALLEENMANDAAT

Segureitsontwikkeling uit Dorpstraat (156 m²) 3 Slaapkamers, 2½ badkamers, ruim leefarea met kaggel, pragtige kombuis en motorhuis.

DIE BOORD - R 2 900 000



Situated in a quiet street and within walking distance to all amenities. 3 Bedrooms, study, private garden with pool and double garage.

SENTRAL - P.O.R



ALLEENMANDAAT

Ruim & stylvolle 3-slaapkamer woonstel (183 m²) met motorhuis. Ouwêrelde sjarme . Rolstoel vriendelik.


KAMPUS - R 1 850 000



ALLEENMANDAAT

Kampus belegging! Neem oordrag eers in 2008. Ruim 3 slaapkamers, 2 badkamers, motorhuis, 2 afdakke, privaat patio & braai.

DIE RAND - R 699 000



SOLE MANDATE

2 Bedroomed town house (66 m²) in security complex with pool. Lock-up garage and extra parking.

UNIEPARK - R 2 450 000



Naby skole. Vir die groter gesin. 6 Slaapkamers, 3 badkamers, studeerkamer, swembad en vele meer!

WOONTELLE / FLATS

La Rez	23 m ²	R	435 000
Risadahof	45 m ²	R	590 000
Libertas	34 m ²	R	660 000
Twee Pieke	50 m ²	R	795 000
Cyrus	29 m ²	R	899 000
34 on Merriman	35 m ²	R	900 000
Son Vida	46 m ²	R	960 000
Simonsrust	71 m ²	R	960 000
Bericht Plaza	55 m ²	R	1 015 000
Huis Piron	49 m ²	R	1 550 000

HELDERBERG - R 6 M



10 ha. Beautiful mountain and ocean views. Big dam. 7 ha of vines include, Cabernet Sauvignon, Shiraz and Pinotage.

DEVON VALLEY - R 12 M



7 ha. Exclusive gentleman's estate with guest house is situated in a beautiful valley on the outskirts of Stellenbosch.


VOORBLAD:

Prof Russel Botman en sy gesin lei die akademiese prosesjie na afloop van sy inhuldiging as Rektor en Visekanselier.

Foto: Hennie Rudman (SSFD)

Die Universiteit se oudstudente en donateurs ontvang Matieland gratis.

REDAKTEUR: MARTIN VILJOEN
REDAKSIEKANTOOR

Bemarking en Kommunikasie, Privaat Sak XI,
Matieland, 7602, Tel (021) 808 4921, Faks (021)
808 3800, E-pos: media@sun.ac.za

SIRKULASIE

Malena Fourie, Stellenbosch Stigting,
Privaat Sak XI, Matieland, 7602,
Tel. (021) 808 4843, Faks (021) 808 3026,
E-pos: alumni@sun.ac.za

Gepubliseer sedert 1957

Jaargang 50 01:2007

ISSN 0025 5947

ONTWERP EN UITLEG

Lizanne Murison, Out of the Blue Creative
Communication Solutions,
Tel. (021) 947 3508, www.outoftheblue.co.za

DRUK: ASM-USD
FRONT COVER:

Prof Russel Botman and his family leads the academic procession after his installation as Rector and Vice-Chancellor.

PHOTO: Hennie Rudman

Matieland is mailed free of charge to the University's alumni and donors.

EDITOR: MARTIN VILJOEN
EDITORIAL OFFICE

Marketing and Communication, Private Bag XI,
Matieland, 7602, Tel (021) 808 4921,
Fax (021) 808 3800, E-mail: dd@maties.sun.ac.za

CIRCULATION

Malena Fourie, Stellenbosch Foundation,
Private Bag XI, Matieland, 7602,
Tel (021) 808-4843, Fax (021) 808-3026,
e-mail: alumni@rnaties.sun.ac.za

Published since 1957

Year 50 01:2007

ISSN 0025 5947

DESIGN AND LAYOUT

Lizanne Murison, Out of the Blue Creative
Communication Solutions, Tel. (021) 947 3508,
www.outoftheblue.co.za

PRINTING: ASM-USD

Menings uitgespreek in Matieland is nie noodwendig dié van die redakteur of die Universiteit Stellenbosch nie.

Viewpoints expressed in Matieland are not necessarily that of the editor or Stellenbosch University.

inhoud contents

REDAKSIONEEL EDITORIAL	1
BRIEWE LETTERS	3
BROKKIES SNIPPETS	7
ARTIKELS ARTICLES	
Van sukses na betekenisvolheid - 'n universiteit van hoop	12
Totsiens, prof Chris	15
Om groen te leef	16
NAVORSING RESEARCH	
US-navorsers gekies om prestigeryke navorsingsleerstoele te beklee	19
US skep die room in landbounavorsing	19
FAKULTEITE FACULTIES	
Three new deans	20
Venootskapskoleprojek werp vrugte af	21
Pynlose tandartsbesoekе dalk moontlik danksy lasers	22
Cum laude for CIB's first graduates	22
Rooibostee kry meer skop	22
Vegetation map makes Prof Mucina proud	23
From Nature to National Geographic	23
Ma, ek wil gaan wynkunde swot	24
Bosluise se dae is getel	25
Kundigheid in Plantpatologie aan die US aansienlik uitgebrei	25
Universiteit versterk bande met snyblom- en vrugtebedrywe	25
ALLERLEI MISCELLANEOUS	
Eight glasses of water a day keeps the doctor away?	26
Jong US-professor stel hoë prys op keuses	27
Stellenbosch philosopher receives Harry Oppenheimer Fellowship Award	28
US tolkloakaal – eerste van sy soort by universiteit in die Wes-Kaap	28
Stellenbosch – broeiplek vir musiektaalent	29
Internasionale studente woeker met Afrikaans	30
Woordfees 2007 bring landskappe bymekaar	31
MATIES ALUMNI	32
SPORT	36
STELLENBOSCH STIGTING FOUNDATION	38
IN MEMORIAM	39
AGTERBLAD	40



UNIVERSITEIT-STELLENBOSCH-UNIVERSITY
jou kennisvenoot-your knowledge partner



WWW.MATIE-e-winkel.com

Die e-winkel is nou oop!

Bestel nou jou Matie en Universiteit Stellenbosch memorabilia soos klerasie, skryfbehoefte, korporatiewe geskenke en meer – alles aanlyn. (Alumni produkte sal binnekort beskikbaar wees.)

Nie toegang tot die Internet nie?

Skakel Linda Meyer by tel (021) 886 8853 of stuur e-pos na matiewinkel@adept.co.za





(Nuwe fluoressent) lig in ons lewens. Lees ons artikel oor hernubare energie op bl 16.

redakteursbrief

Is jou gesig op Facebook?

Ek het die verwaande idee dat ek iets van rekenaars weet. Ek word selfs nou en dan gevra om 'n rekenaar-gogga by 'n kollega te gaan ontmasker.

My vals sin van tegnologiese bedrewenheid het egter 'n doodsteek gekry toe ek my onlangs op Facebook begewe het. Facebook is 'n vinnig groeiende, virtuele wêreld op die internet.

Die profiel, oftewel persona, wat jy hier vir jouself skep hoef natuurlik glad nie soos jy te lyk of te klink nie. Maar jou kuberklets-vermoëns verrai vinnig jou "tegnologiese" ouderdom wanneer jy begin netwerke bou, foto's rondstuur, belangsgroepe skep, aan gesprekke deelneem, 'n skoolmaat in Suid-Amerika opspoor, in afkortings praat en in 'n maalkolk van virtuele moontlikhede beland.

Om alles te kroon, hoor ek dat in die kuberruimte 'n generasiegaping sowat 5 jaar is. Dit beteken dat vandag se tieners enige iemand bo 30 as behorende tot die oerknal beskou! Laat mens dink.

Tog wonder ek of daar werkelik iets nuuts onder die son is. So lees ek in 'n vorige *Matieland*:

Die mens van vandag word in 'n tegniese wêreld gebore; reeds vroeg oefen die mechanismes en apparaat van die wetenskap 'n bindende mag op sy ganse lewe uit. Is dit te verwonder dat vir vele die uitmekhaarhaal en heropbou van tasbare dinge, die ontleding van konkreta 'n groter sin van realiteit en waarde het as

om die Letterkunde of die Filosofie te beoefen?

Raai net uit watter jaar se *Matieland* dit kom? 1975, 1983 of dalk 1996? Dit was in die *Matieland* van 1958 en die titel van die artikel was "Die Universiteit in die Tegnologiese Eeu".

Nou, in die 21ste eeu (wat glo as die Eeu van Biotecnologie gaan bekendstaan) is die tegnologie met al sy uitdagings steeds met ons.

Tegnologie kan natuurlik positief ingespan word – veral in 'n wêreld van kwynende energiebronne én aardverhitting.

Matieland het vir Engela Duvenage, wetenskapskrywer van die Fakulteit Natuurwetenskappe, gevra om 'n artikel te skryf oor hernubare energie. Sy gaan haal die storie by prof Wikus van Niekerk en sy Gideonsbende van hernubare-energiespesialiste en noem ook enkele van die vindingryke projekte waarmee die Universiteit op hierdie gebied doenig is.

Russel Botman

In hierdie uitgawe van *Matieland* verwelkom ons prof Russel Botman, ons nuwe rektor en visekanselier. Prof Russel, eintlik reeds 'n bekende gesig op die Matiekampus, is op 11 April amptelik ingehuldig. Lees gerus die opsomming van sy toespraak waarin hy sy visie vir die Universiteit Stellenbosch uitspel.

Geniet dit
Martin Viljoen

Read *Matieland* in English

A growing number of former international students have requested an English version of *Matieland*. Due to the high costs of printing this is unfortunately not possible, but the good news is that articles in Afrikaans will from now on be available in English on-line.

To read *Matieland* in English, therefore, go to www.matiesalumni.net and click on "Matieland". You are welcome to send your comments to media@sun.ac.za



NS: Jubileum-uitgawe kom in Desember

Omdat ons in hierdie uitgawe op prof Russel Botman fokus, het ons dit goedgedink om ons fees-uitgawe tot die einde van die jaar uit te stel. Intussen sê ons baie dankie vir die pragbydraes van ons alumni (sien bl. 4). Moenie ophou skryf nie! Soveel as moontlik briewe word geplaas en as 'n brief verkort word, is die volledige weergawe wel aanlyn beskikbaar. Gaan besoek gerus www.matiesalumni.net. Die foto regs het in 'n *Matieland* van 1960 verskyn. Die foto is geneem deur mnr Christo S Botha. (US Argief). Weet iemand dalk wie die studente op die foto is?





Christo Grobler, Brussel, België:

Ek doen evangelisasiewerk in België en was van 1991 tot 1996 op Maties (Helderberg) waar ek teologie geswot het.

Ek het belang gestel in sendingwerk, en was gereeld op uitreike saam met Studentekerk. België was egter vir my 'n misterie, maar het my soos 'n magneet aangetrek!

Ek het in 1997 België toe gekom waar ek vir 'n jaar saam met ABC en die BEZ gewerk het. Nou is ek al tien jaar hier. Praat al Vlaams en Frans (bietjie minder).

Min mense besef dat ons Protestantse geloof eintlik sy oorsprong in België en Nederland het en dat die mense na SA gevlug het, maar toe het België nog nie bekend gestaan

as België nie. Dus is dit 'n soort erfskuld wat ek wil "terugbetaal" omdat die mense hier nie geïnteresseerd is in die Bybel nie. Ook ons Afrikaanse taal het sterk bande met Vlaandere, 'n provinsie in België.

Ek is getroud met Annick, 'n Suid-Afrikaanse Belg en het 2 seuns, Marnus en Enco.

Ons taak is veral om mense bewus te maak van die Bybel en dat God van hulle hou en dat Hy hulle wil help.

België is 'n pragtige, kultureel sterk land met baie geskiedenis, ou geboue, die Europees parlement in Brussel, die NAVO hoofkantore en baie maatskappy hoofkantore.

België het 3 landstale: Nederlands, Frans en Duits met Engels wat daarby kom. Ek werk in die Nederlandstalige gedeelte op vrywillige basis. Dus ek word nie betaal of ondersteun deur mense nie, maar werk self in Brussel as Dataverwerker. So kan ek ook dan met my kollegas oor God en die Bybel praat. Meestal begin hulle daaroor en ek antwoord.

- Stuur vir Christo e-pos by c.grobler@scarlet.be



Skryf en wen!

Ons wenbrief kom van ds Gawie le Roux van Noorsekloof (sien bl 5). Twee bottels Landskroonwyn én 'n handige wynsak van die Matiewinkel is op pad na jou toe! Kontak Landskroon by tel (021) 863 1039 of sien www.landskroonwines.com.

Matieland also acknowledges the letter of Ms SMG Davis of Graaff-Reinet and will address the issue personally. Read her letter at www.matiesalumni.net.



Baie dankie ook vir die oulike skrywes van mnr Eben de Jager van Parow (sy bydraes is aanlyn te sien) en Pierre en Nilla

Jordaan van Witsand vir hul interessante reaksie op die artikel oor ou huise op Stellenbosch. Dit kan nie onbeloon gelaat word nie. 'n Gratis intekening op Fynproe is op pad na julle toe! Kontak Fynproe by tel (021) 863-1022 of sien www.fynproe.co.za.

Komaan, laat hoor van jou!

Briewe moet vergesel wees van 'n naam en adres, maar kan op versoek anoniem geplaas word. Briewe moet verkiekslik nie langer as 250 woorde wees nie.

Rig jou briewe aan: Die Redakteur: Matieland, Afdeling Bemarking en Kommunikasie, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602. Briewe kan ook gefaks word na tel (021) 808 3800 of per e-pos gestuur word na media@sun.ac.za.

Mev M Theron, Port Elizabeth:

Graag wil ek my waardering uitspreek ten opsigte van die insiggewende tydskrif, *Matieland*. Wat wel skokkend is, is dat heel op die voorblad van Natalia gepraat word as 'n "performer". Waarom nie 'presteerde' nie? Is die Stellenbosch Universiteit dan nie juis daar om vir die behoud van ons Afrikaanse taal op te tree nie? Dis vir my totaal onverklaarbaar en onaanvaarbaar. Verduidelik asseblief.

(In retrospek kon daar moontlik 'n alternatief gebruik word. Die woord "performer" het met die skryf van die artikel 'n beter beskrywende woord geblyk te wees om die vele talente en suksesse van Natalia da Rocha te versinnebeeld. Behalwe vir u voorstel van "presteerde" doen "verhoogkunstenaar" ook op, maar beide sou moeilik Natalia se beroep én karakter weergee. Hoe dit ook al sy, Matieland onderneem opnuut om te alle tye Afrikaanse alternatiewe te oorweeg. Enige ander voorstelle vir "performer" van MatiesAlumni? Red.)

Noeline Minnaar Boshoff, Kalifornië:

Ek woon in Kalifornië en geniet die laaste 32 jaar om nuus van my Alma Mater te lees. Hier is heelwat Afrikaners in die omgewing en daar word selfs Bybelstudie in Afrikaans weekliks gedoen.

My Afrikaans is miskien nie meer van die beste na 32 jaar in die VSA nie, maar soms was ek verontrus deur die verengeling van Afrikaans wat ek in sommige artikels waargeneem het. Dit wil my voorkom dat dit gedoen word om "modern" en "verlig" te lyk.

Ek het gevolglik die brief in 'n vorige *Matieland* van Walter Hassenpflug baie geniet. Die Genootskap van Afrikaners het in Stellenbosch en omgewing

Cornelis de Jager, Hermanus:

Prof Leon de Stadler verwys op die brieweblad (*Matieland* 2006:2) na Afrikaans as 'n kleiner plaaslike taal. Is die "plaaslike taal" van Stellenbosch en omgewing nie Afrikaans nie? En as 20 universiteite in Suid-Afrika "onbeskaamd" eentalig Engels is, is die getjank oor Afrikaans aan die US nie meer amusant nie.

Maar as die groot geeste wat "weet" praat, moet ons minderes seker maar swyg. Maar nou het ek al gewaar dat "professionals" katastrofaal kan mistas. Spasie ontbreek om my stelling te bewys. Mag ek net een voorbeeld noem? Was dit nie die amateur, Noag, wat die ark se spykers ingehamer het nie? En was dit nie "professionals" wat die Titanic gebou het nie?

Een van die wêreld se grootste denkers, CJ Langenhoven, sê: minag jou eie, en staan verstom dat die vreemdes nie oormekaar val om jou te vertel hoe oulik jy is nie.

ongeveer 'n eeu gelede ontstaan en daarom voel ek dat Afrikaans hofsaaklik as voertaal op Stellenbosch gebruik moet word. Daar is 'n spreekwoord "When in Rome do what the Romans do". Dieselfde voel ek moet die leuse wees op Stellenbosch. Diegene wat voel dat hulle nie Afrikaans wil aanleer nie, kan gerus hul opleiding by ander universiteite gaan kry.

My kinders was al drie onder 6 toe ons na Kalifornië verhuis het om verder te studeer. Ons praat nog steeds slegs Afrikaans met mekaar en selfs my kleinkinders praat vlot Afrikaans.

Hou Stellenbosch asseblief hoofsaklik Afrikaans!

CSA Coetzee, Bloemfontein:

Al is ek nie 'n Matie of 'n Oud-Matie nie, geniet ek die leesstof in *Matieland* wat ek by vriende onder oë kry terdeé.

Ons Afrikaanse sangers staan deesdae so hoog aangeskryf, dat ek nie kan help om te wonder waarom julle nie erkenning aan jul eie top-presteerdeer op hierdie gebied gee nie. Natuurlik verwys ek na die een en enigste Theuns Jordaan wat gehore so bekoor met sy fenomenale diep basstem.

Nie Steve, Kurt, Dozi, Juanita ens. ens. ens. het aan jul Universiteit studeer nie! Julle kan met reg baie trots wees op hom. Ek sien reikhalsend uit na 'n foto-artikel oor hom.

Sterkte met jul gewaardeerde groot taak.
(Baie dankie, dis 'n sinvolle voorstel en beslis een wat ernstig oorweeg sal word vir 'n toekomstige uitgawe. Red.)

Elma Ross, Thaba Tshwane:

Dit blyk dat *Matieland* nie huis belangstel in energie-medisyne, ook soms bekend as elektro akupuntuur / bio-elektrone stimulasie / meridian prikkels, ens. Dit verteenwoordig verskillende vorme van Chinese behandeling, wat ook voorkomend kan wees.

Verskeie universiteite in die Weste het reeds hierdie tendens aangegegryp.

Dis my mening dat, as iemand die geleenthed sou kry om navorsing te doen, dit heel moontlik bewysbaar is dat dit 'n groot verskil vir veral nierieters kan maak.

Om net meer "Westers"-georiënteerde navorsing te doen, beteken net "meer van dieselfde". Die Oosterlinge is hoogs ontwikkel, en ons kan baie by hulle leer.

(Baie dankie vir die voorstel vir 'n tema. Daar word wel navorsing oor energie-medisyne aan die US gedoen. Betrokkenes is versoek om direk met u te skakel - Red.)

Rev Mapunda Ngwira, Blantyre, Malawi:

Thank you for continued contact with the university through the *Alumnus* and *Matieland* magazine.

There was a request for feedback from those of us that do not have sufficient knowledge of Afrikaans - I feel with the current increased use of electronic communication, an electronic English version of *Matieland* and even *Alumnus* would be greatly helpful. There is so much happening at the University and to past students which catch my attention, but the language barrier causes us to miss out on current events. Please consider both options for electronic versions (accessible by email and on website), and also continue sending hard copies to those that are not on your email list.

I value what the University has done in my life.
(Please see comments on page 2 with regard to an English online edition. Editor.)

MATIELAND IS 50 JAAR OUD

Ongelooflik! Dis al wat mens kan sê oor die wonderlike vertellings wat *Matieland* ontvang het na ons in 'n vorige uitgawe *Matieland Alumni* van die jare 50 versoek het om die pen op te neem. Natuurlik het ons nie naastenby genoeg spasie om al die brieue te plaas nie, maar ons publiseer almal volledig aanlyn by www.matielandalumni.net. Hier kan ons net enkele uittreksels plaas.

Dr AGS Gous, Queenswood:

Op 82 jaar is *Matieland* in die pos altyd 'n fris bries wat jou langs geheue-aan langs Eersterivierlaan af waai.

Jy word herinner daaraan dat die Stellenbosch ambience van jou jeug lewens-skeppende kreatiwiteit gepak het. Myne was tydens 1943 – 1949. Jy besef weereens dat die Matie spesifiekeheid uniek in die wêreld is, en dat daar geen krag is wat meer kan pols gee aan jou spiritualiteit, intellek, liggaam, verhoudings en liefde, as die vibrasie in die skaduwee van die eike en die pieke nie. Dit laat jou snags kliphard swot, luister en uit volle bors sing in die kerk, met intervarsity die Ikeys voos duik, gepakklike en gedas dien en debatteer op die studenteraad, en saans in die maanskyn in die Laan vir jou meisie vertel hoe lief jy haar het.

Jy (ek) het op Stellenbosch gekom as 'n vaal Afrikaanssprekende seuntjie uit die Karoo wat nog nooit voorheen eers 'n professor gesien het nie.

Ewe geroer is jy, wat nog net Afrikaans kon praat, wanneer jy uitgedaag word om Grieks, van alle tale, by 'n Skotse professor te leer wat net Engels kon praat!!! (Salige nagedagtenis aan dierbare ou prof Edgar).

Waar is daar beter humorsin as in *Matieland*? Hulle het geskerts dat prof Edgar se cowboy bene so krom-rond was dat hy verplig was om sy blou enkelkajuit Packard se koppelaar met sy regtervoet en sy rem en petrol met sy linkervoet te trap!

Dankie Here, dankie *Matieland*. Rom! Rom! Rom!

Mev Helene (née Steyn) Smit, Somerset-Wes:

Ek was 'n Matie 1941 – 1943 en het in Sonop gebly. Ek is 84 jaar oud maar Stellenbosch is baie spesial vir my en my gesin.

Klaas du Bois en Jan Pienaar (albei al oorlede) het my, 'n 17-jarige eerstejaar, aan Koos Meyer bekendgestel. Die Saterdag het hy vir my vir flik geskiet. Dit was die begin van ons kys tot ek afgestudeer het. Maar ons vriendskap het vir 59 jare geduur tot die dag van sy dood.

Destyds was September Lentedag en dit het aan die 2de-jaars behoort en was dit 'n prettige affère op Coetzenburg – meer genotvol as deesdae se Jool. Toe was die studentetal so by die 3 000 en het almal geweet wie is wie. (En almal het geweet wie is Koos Meyer).

My 3 jaar met Koos was 'n belewenis. Hy en sy maats, Chris Lombard, Tarzan van den Berg, Dabs Bekker, Joe Badenhorst, Mike en Sammy Lenhoff het die boonste verdieping van die bekende huis Molenvliet bewoon.

In September 1942 was Koos se Juniorjaar en het hy die hele skouspel op Coetzenburg gereël en oorheers. Hy het ons letterlik vir ure laat kraai van die lag. Die donkie wat deel was van die "opvoering" is saam met my en Kalahari Uys op 'n foto.

Voor die opvoering het Koos my by Sonop kom oplaai. Hy het op een of ander manier 'n askar en 2 perde wat dit trek by die munisipaliteit "geleen". Pragtige blink geskrop. Destyds was dit waarmee die vuilgoed verwyder is.

Heléne Smit nooi haar ou vriende om haar te bel by tel (021) 851 5462 – Red.

Ds Danie Erasmus, Ottosdal:

Baie geluk *Matieland* met u 50 jaar!

Ek was vanaf 1960 tot einde 1963 'n inwoner van Huis Fred Liebenberg op Stellenbosch. In 1963 was dit my voorreg om as Primarius te dien. Na 'n tyd as predikant in Swartruggens, Alice en Jamestown, is ek tans 'n emeritus predikant op Ottosdal.

Sterkte *Matieland* vir die volgende 50 jaar. Mag God u seën.

Ds Gawie le Roux, Noorsekloof:

Baie dankie vir die praguitgawe van Matieland 2006:2 wat ek so pas ontvang het.

Februarie 1958 en ek vertrek vir my terziere opleiding na Stellenbosch ten einde my roeping na te volg.

Bewapen met Studentegids en al, loop ek 'n eensame pad om die onberekenbare nuwighede van die Matie-kampus te ontgin.

Ons dra gedwee ons akkers as PSO-studente om ons te identifiseer as sotte, kies 'n sokkong op die inisiasiekonsert en hou konsert dat die biesies bewe!

Vir (ds) Gideon Boshoff het ons die grootste respek; prof JFA Schwartz leer ons nuwe Matieliedere op die maat van sy voetritme: Burschen heraus, die Universiteitslied, Gaudeamus Igitur en ander nostalgieë.

By die waatlemoenfees by Dagbreek, spreek die rektor, prof HB Thom, ons eerstejaars toe en skilder die wonders van die akademie vir ons in rooskleurige taal asook die verantwoordelikhede van studentewe.

Hand aan hand stap ons saam met die skoner geslag (gedwonge natuurlik). Dié

van ons wat nie daar geholpe raak nie, moes maar die tiekies probeer by die Poskantoor se slingertelofone. Wat 'n frustrasie om te probeer deurkom na 'n spesifieke dameskoshuis en dan tiekie vir tiekie in te gooi in die bodemlose put van die Poswese terwyl jy wag dat die dametjie aan diens oor die interkom opskree na die koshuisvloer waar jou "date" nog besig is om haar hare droog te maak of te bad.

Ons manne het geweet lente is hier wanneer die damesstudente met "bobby socks" en "kid gloves" by hulle veelkleurige lenterokkies, rompe en bloese begin klasdraf. Natuurlik was dit ook die in-ding om saans na aandete met jou geliefde in Die Laan te gaan stap. Tweede beste is 'n skiet vir koffie of nog goedkoper - 'n skiet vir Sondagaand se kerk in 'n volgepakte Studentekerk en dan veral wanneer jy sit en dophou wie het nou vanaand vir wie "uitgeturn"!


Die lewe was goedkoop. As jy privaat looseer eet jy twee heerlike etes per dag vir twaalf pond tien (R25) per kwartaal by Bergville langs die Studentekerk.

Daar was ook iewers 'n diskrete restaurantjie waar Limpie Basson soms jazz-klavier

gespeel het en 'n beskeie Deon Louw gedurende middagpouses bietjie Errol Garner op die klavier in die oefenkoala van die ou Conserve getokkel het.

Ek sê dankie vir my Alma Mater!

"...waar die Eersterivier se walle sier tot nou!"



Foto's uit 'n Matieland van 1960.

Pierre en Nilla Jordaan, Witsand:

Meisies moes Sondae 22:00 in die koshuisse wees en dit was verpligtend vir mans om Sondae 'n pak klere te dra as hulle die koshuis verlaat. Meisies moes te alle tye rokke buite die koshuis dra.

In die vyftigerjare moes 'n mens 'n volle halfuur voor die diens begin, in die Studentekerk sit om enigsins 'n plekkie te kon kry. Een Sondagaand het die ligte afgegaan. Mn Lazarus van Bosmanstraat was na sy afrede die koster. Toe my pa van die kansel af vra: "As meneer Lazarus in die kerk is, sal hy asseblief opstaan", het 'n student soos blits geantwoord: "Dominee, maar meneer Lazarus het mos lankal opgestaan!"

'n Student is twee keer gedoop, eers in jou eerstejaarkoshuis en dan in jou tweede jaar wanneer jy in jou "permanente" koshuis gekom het. Niemand van ons het enige sielkundige of ander skade opgedoen nie! Ek (Pierre) was self met my huiskomitee op die rooi mat voor prof Thom omdat die uitputtende "PT-oefeninge" vir een van die outjies te veel was. Hy het naar geword, sy ma gebel en 'n klag is teen ons gelê.

Die kleiner kampus van daardie jare net eenloodgieter geken, mnr Van Söhnen, 'n man van Duitse afkoms en die oupa van ons huidige Minister van Finansies, mnr Trevor Manuel!

'n Heerlike rustige atmosfeer in die strate, pret, plesier en studeer. Alles onder die mantel van een gemeenskaplike taal wat ons almal met respek gepraat het.

Klaus Werner Pakendorf, Stellenbosch:

Teen die middel van Februarie 1958 het ek per trein vanaf Goodwood na Stellenbosch gereis. Die Stellenbosch stasie was die kruispad waar die meeste studente hul eerste ontmoeting met die US sou hê.

Saan met my het baie ander studente gereis, maar hulle het hoofsaaklik teologie geswot (tokkelokke afgelei "van talk a lot").

Af en toe het ek myself "getreat" en 'n "besigheid" by die Uitspan Kafee geëet - twee groot geroosterde snye witbrood met tamatiesmoor - 'n koningsmaal vir 'n honger student.

Ek het 'n kamer in Die Laan 22 gehuur en etes ingeneem by oom Chris Bester in Keeromstraat. Die kos was heerlik so eg uit die boerekombuis, maar daar was streng reëls, en bewaar jou as jy laat aankom, vuil vanaf die sportveld was ook nie toegelaat nie.

Ons klas het bestaan uit sowat 40 studente met slegs een dame, Carina Deetlefs. Waarskynlik die bekendste (of berugste) karakter was Vloog Theron, wat op 'n keer agterstevoor op 'n donkie in die Universiteitsgeboue rond gery het.

Sport op Stellenbosch was altyd belangrik, en rugby was koning. Politiek was maar redelik eensydig, maar 'n groot tydverdryf vir bepaalde "super regses", was die opbrek van vergaderings gereël deur die opposisie partye soos die Sappe of die Progge in die Stadsaal.

Johan Loubser, Kleinmond :

Al die eerstejaarmans was in Dagbreek, met in elke seksie 'n senior student as raadgwer.

'n Raadgwer, mnr Bouwer Bouwer, stuur my as nuwe eerstejaartjie om iets by 'n mede raadgwer, mnr Jannie Momberg, vurige studente NP-lid, te gaan haal. Dié toe nog vir my 'n onbekende en ek spreek hom per abuis aan as mnr Bromberg en word behoorlik die kop gewas vir so 'n flater. Ja, studente en hul politiek het ook baie verander.

Ons is nog behoorlik gedoop met vroegmôre oefeninge, middernagtelike 'parties', en is ingelyf deur in die lang gange van Simonsberg in die bakoond af te kruip.

Intervarsity was 'n jaarlike hoogtepunt met die gepaardgaande opgewondenheid van die 'sing-songs' wat dit vooraf gegaan het en die geskarrel om 'n stem-pel by die hek te kry, wat vir jou 'n kaartjie op die paviljoen verseker het.

Die jooloptog het nie veel verander nie, behalwe vir die kilometers se stap langs die vlotte en blikkie skud al langs Voortrekkerweg deur Goodwood, Parow en Bellville.

Dan was daar die Sondagaande, wanneer alle paaie na die studentekerk geleë het.

Die groot karakter van daardie tyd was natuurlik Vloog Theron.

Prof Malvern van Wyk Smith, Grahamstad:

Studente het nie motors gehad nie (nie eers die rykes nie!) en almal het geloop of fietsgery. Tussen klasse het Victoriastraat gelyk soos Amsterdam.

Daar was net twee bioskope in die dorp, die Plaza en die Rec (kort vir Recreation Theatre), wat albei op 'n Saterdag net so propvol was as die Studentekerk die volgendeoggend.

Die twee uitstaande predikers van my dae was Kosie Gericke,

later Visekanselier van die universiteit, en Andries Treurnicht, later die gedugde en verkrampete leier van die Konservatiewe Party. Albei kon die kerkteëls lospreek.

Toekomstige later ontmoet as 'n kandidaat vir die Progressiewe Party het hy my met verstommenis aangestaar.

'n Klompie van ons, waaronder HW van der Merwe, Jan Loubser en ('n bietjie later) Van Zyl Slabbert het die Kontakstudiegroep gestig en het gepoog om "nie-blanke" sprekers soos Adam Small na die kampus uit te nooi, maar dit het maar naelskraap gegaan.

Mev Corrie Swart (née Janse van Noordwyk), Bredasdorp:

"Ma, ek wil gaan drama swot", het my laat terugdink aan my één jaar by die ou Drama Department in 1964.

Wat 'n wonderlike jaar met dosente soos Rina Botha, wat my 'n gly in *imperial mints* gegee het. Prof Fred Engelen kon jou in Vlaams lekker sleg sê as iets nie reg was nie, tog het ons groot respekte vir hom gehad. Tine Balder, sy vrou, het ons teatergrimering geleer en ons was mal oor

haar. Gisela Täger het beweegkunde gegee en moes ons mooi luister om haar Engels te verstaan. Jo Geevers het teatergeschiedenis aangebied. Elize Zievogel het ons alles van kostums geleer. Willem de la Guerre was die department-sekretaris en sieketrooster vir al die studente. Meneer Jef Contryn, besoekende Vlaamse Poppemeester, het ons alles van poppekas geleer.

Dankie vir elke uitgawe van Matieland, ek geniet al die leestof, al het die kampus nou vir my vreemd geword met al die nuwe geboue en koshuise.

Mnr Eddie Rademeyer, Louis Trichardt:

Toe ek in 1948 met die trein uit Rhodesië op Stellenbosch aangekom het, het ek baie gou by die musiekbedrywighede ingeval.

Sangfeesaand was die jaarlikse vertoonplek waar al die kore saam kon optree. Omdat ek 'n soort vreemdeling was uit die Noorde, moes ek inval by die PSO-koor (Privaatstudente organisasie-koor).

In 1948 was ons koorleier Ernie Marais, 'n tokkelok. My eerste sangfeesaand was 'n wonderlike ondervinding en die emosie wat dit by my opgewek het is nog steeds deel van my lewe.

Jare nadat ek weg is van Stellenbosch het ek in Bulawayo, met verskeie toere wat die US-koor na Rhodesië onderneem het, gehelp met die reellings in die mooi stadsaal op Bulawayo.

Ek het daar (in Bulawayo) grootgeword en was vakhof by een van die hoërskole. Dit was 'n groot genot om vir Philip McLachlan by ons huis te ontvang.

Hy het my in detail vertel hoe hy die dirigierwerk behartig het. Die telmate het hy gememoriseer en het nooit die bladmusiek gevolg nie. Mag die kore op Stellenbosch nooit taan nie – hulle vorm in my geheue die hart en siel van die Eikestad. (Eddie Rademeyer was 'n "George Formby-sanger" van 1948 - Red.)

EXCEED UNITED KINGDOM

LONDON • JOHANNESBURG • CAPE TOWN

...your trusted partner in business

We are an independent company specialising in tax, accounting, company secretarial and other fiduciary services.

Our people have a reputation for professionalism, consistency and reliability. Our clients find our presence reassuring and we assist them with:

Accounting and tax services:

- management and year end accounts for companies and individuals
- corporate and personal tax planning and administration
- VAT registration and administration
- non residents property structures

Company secretarial services:

- company registrations
- company administration, including secretarial and nominee services
- establishment of suitable structures in the UK or Offshore

Other Services:

- practical business advice with establishing an entity in the UK
- human resource management systems
- payroll administration
- provide effective structures for remuneration for individual consultancy in the UK & abroad



Excel with Exceed.

STELLENBOSCH

ELEGANT SOUTH AFRICAN HOSPITALITY

EENDRACHT



STYLVOLLE SUID-AFRIKAANSE GASVRYHEID



In the historic centre of
Stellenbosch - 5 min walk from more than
30 restaurants and cafés.



161 Dorp Str, Stellenbosch

T: 27 (0)21 883 8843

SMS Reservation Enquiries only on 084 6845942

info@eendracht-hotel.com • www.eendracht-hotel.com



US se nuutste eregraduandi

Die digitale pionier en voorstitter van Microsoft, Bill Gates, die maatskaplike entrepreneur en sakevrou Wendy Luhabe en die veteraan politikus en kampvegter vir menseregte, Helen Suzman is tydens die Desembergradeplegtigheid van die Universiteit met eregrade vereer, terwyl die wêreldbekende wetenskaplike en chemikus, prof Chintamani Nagesh Ramachandran (CNR) Rao van Indië in absentia tydens die Maartplegtigheid vereer is.

Bill Gates, waarskynlik een van die invloedrykste mense op aarde, is vereer vir sy merkwaardige pionierswerk as leier in die digitale era, waardeur hy die digitale wêreld vir gewone mense meer toeganklik gemaak het, en vir die onbaatsugtige gebruik van sy rykdom om onderwys en gesondheid na mense in armer lande te help bring.

Wendy Luhabe is vereer vir haar insig en haar rol as een van die invloedrykste sakevroue in Suid-Afrika én Afrika, wat deur haar verset teen stereotipering en vooroordeel 'n onmeetbare bydrae tot die ekonomiese bemagtiging van vroue in die sakewêreld gelewer en terselfdertyd 'n reuse rol gespeel het as een van die argitekte van 'n nuwe maatskaplike, politieke en

ekonomiese bestel in Suid-Afrika.

Sy het al talle top-poste in die sakewêreld beklee, onder ander voorsitter van Vodacom, die Industrial Development Corporation (IDC), Alliance Capital en Vendome SA. Sy is kanselier van die Universiteit van Johannesburg.

Die US het Helen Suzman vereer vir haar onverskrokke en onbaatsugtige optrede as kampvegter vir menseregte en haar volgehoudende vreeslose pogings oor vele dekades in belang van 'n demokratiese politieke bestel in die Republiek van Suid-Afrika.

Vir 13 jaar het sy alleen die Progressiewe Party in die Parlement verteenwoordig en het sy haar onverpoosd teenveral rasselfdiskriminasie en vir 'n demokratiese bedeling uitgespreek.

Agt en twintig eredoktorsgrade is reeds aan haar verleen en sy is ook twee keer vir die Nobel Vredesprys genomineer. In 1989 is sy vereer met die titel Dame of the British Empire – voorwaar 'n besondere prestasie vir 'n buitelandster.

Prof CNR Rao is vereer vir sy belangrike bydraes tot verskeie terreine van fisiese en vastetoestand chemie, en sy verbintenis tot voorpunt wetenskaplike navorsing en die aanwending van die wetenskap en tegnologie vir die oplossing van die dringende probleme van die samelewing. Hy is een van die hoogs aangeskrewe wetenskaplikes van die Derde Wêreld en president van die Third World Academy of Sciences.

University's latest honorary graduates

The University boasts four new honorary graduates: digital pioneer and chairman of Microsoft, Bill Gates, social entrepreneur and businesswoman, Wendy Luhabe, and veteran politician and champion for human rights, Helen Suzman, who received their degrees at the December graduation ceremony. A video was played of Bill Gates receiving his degree in absentia. An honorary doctorate (in absentia) was bestowed on the world-renowned scientist and chemist, Prof Chintamani Nagesh Ramachandran (CNR) Rao of India, at the March graduation ceremony.

Bo: Mnr Bill Gates, wat nie die geleentheid kon bywoon nie, het 'n spesiale videoboodskap laat opneem wat tydens die geleentheid gespeel is. (Foto: Anton Jordaan (SSFD))

Middel: Nuwe eregraduandi, me Helen Suzman en me Wendy Luhabe (Foto: Anton Jordaan (SSFD))
Onder links: Prof CNR Rao

Beter diens vir studente met spesiale leerbehoeftes



Die personeel van die KSSL is me Corlia Harmsen, me Marcia Lyner-Cleophas, me Connie Park en me Pippa Louw. By hulle is mnr Lesley Olivier, 'n visueel gestremde student. (Foto: Anton Jordaan (SSFD))

'n Beter diens. Dis die belofte van die Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoeftes (Gestremdhede), oftwel die KSSL, wat vroeër vanjaar geopen is.

Die Kantoor vorm deel van die Sentrum vir Studentenvorligting en -ontwikkeling (SSVO) en streef daarom 'n bewustheid van diverse leerbehoeftes en gestremdhede te skep en dien ook as skakel tussen sowel voornemende en ingeskreve studente en die betrokke fakulteite.

"Ons wil graag studente met spesiale leerbehoeftes doeltreffend op kampus integreer deur 'n holistiese ondersteuning te bied. Dit sluit in akademiese, sosiale en sielkundige aspekte," sê Corlia Harmsen, Skakelbeampte van die KSSL.

Die Kantoor fokus ook op kampuswyse toeganklikheid, onder meer die fisiese toeganklikheid van geboue.

Die KSSL spog met 'n brailleringslokaal wat steundienste soos die omskakeling van tekste in braille, rekenaars met skermlees- en Zoomtekst sagteware en masjiene wat tekste vergroot (Lastronmasjién), bevat.

Kontak Marcia Lyner-Cleophas, Hoof: KSSL by telno (021) 808 3497 of per e-pos by cleophas@sun.ac.za of vir Corlia Harmsen by telno (021) 808 3675 of per e-pos by coriah@sun.ac.za vir meer inligting.



USB se prof Stef Coetzee aangestel in toppos by AHI

Prof Stef Coetzee, spesiale professor aan die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) is aangestel as uitvoerende direkteur van die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) in Pretoria. Hy gaan sy rol as akademikus op die gebied van Veranderingsbestuur, Organisasievernuwing en Volhoubare Ondernemings verlaat om die leisels by die AHI oor te neem.

Hy gaan van 1 Oktober 2007 by die AHI aansluit.

"Ek sal graag 'n rol wil speel om die kundigheid by universiteite te mobiliseer tot voordeel van die sakesektor en ontwikkeling van die land," het prof Coetzee gesê.

Oor sy tyd by die USB het hy gesê dit was gekenmerk deur sy bydrae tot die Afrika-Studiegroep vir die Nepad-sekretariaat in die veld van ekonomiese beleidsontwikkeling. Hy het vyf verslae die lig laat sien.

Prof Eon Smith, direkteur van die USB, het gesê prof Coetzee het gedurende sy relatief kort dienstertym by die USB 'n betekenisvolle en positiewe impak op die USB gemaak.

Stef Coetzee to head AHI

Prof Stef Coetzee of the Business School has been appointed as the new Executive Director of the Afrikaanse Handelsinstituut, a business organisation, in Pretoria.

Prof Marlene van Niekerk
(Foto: Lien Botha)



USB launches Africa's first centre for individualised learning and coaching



At the launch of the USB's new Africa Centre for Individualised Learning and Coaching were Prof Wim Gevers, USB associate director: academic, Dr Caroline Horner director of the centre, (from right) Prof Mike van Oudtshoorn, chair of the centre and founder of the i-coach academy, Frik Landman, CEO of USB-ED and Thian Combrinck, head of partnership programmes at USB-ED.

The only internationally accredited academic master's degree in coaching in South Africa - the Master's degree in Professional Coaching - will soon be offered by the recently launched Africa Centre for Individualised Learning and Coaching (ACILC) at the University of Stellenbosch Business School (USB).

ACILC, a joint undertaking of the USB and the i-coach academy at Middlesex University in the UK, focuses on the international development of advanced coaching and learning practice through research and education, with special attention to models relevant to Africa.

Presently, ACILC offers the degree through Middlesex University. A PhD can also be obtained, while short courses and a certificate programme in Coaching Practice are offered through USB Executive Development Ltd.

According to Prof Mike van Oudtshoorn, chair of ACILC and academic dean of the i-coach academy, coaching has become an important learning process worldwide, especially in accelerated learning. It is an empowering process that builds capacity and helps people to realise their potential, and organisations to enhance their performance.

"ACILC's coaching programmes are not business specific. Hence, the coaching skills acquired here can be applied in any industry."

Contact Prof Mike van Oudtshoorn at tel (021) 918 4390 or via e-mail at mike.vanoudtshoorn@acilc.usb.ac.za or Dr Caroline Horner at tel (021) 918 4260 or via e-mail at caroline.horner@acilc.usb.ac.za for more information.

Marlene van Niekerk receives Hertzog Prize: well-known author Prof Marlene van Niekerk has a new feather in her cap. She received the sought-after Hertzog Prize from the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (South African Academy for Science and Art) for her book, *Agaat*.

Marlene van Niekerk ontvang Hertzogprys

Prof Marlene van Niekerk, Doseint in Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde en Koördineerde van die Meestersgraad in Kreatiewe Afrikaanse Skryfkunde aan die US, is vanjaar se wenner van die gesogte Hertzogprys vir haar boek *Agaat*. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het terselfdertyd ook die CL Engelbrechtprys vir Letterkunde, ook vir *Agaat*, aan haar toegeken.

Van Niekerk is verder deur die Klein Karoo Nasionale Kunste fees (KKNK) vereer met 'n Afrikaans Onbeperk-toekenning in die kategorie "Vernuwend Denke".

Vir *Agaat* het prof Van Niekerk in 2005 die Universiteit van Johannesburg-prys gewen, asook die MNet-prys en die WA Hofmeyr prys. In 1995 het sy die MNet-prys en die CNA-prys vir die ewe bekende *Triomf* verower, asook die Noma-prys vir publikasie

in Afrika. *Triomf* is in verskeie tale vertaal en is goed ontvang in Amerika. *Agaat* was 'n groot sukses in Nederland (Querido 2006) en sal voorts verskyn by Little Brown in Engeland, by Gallimard in Frankryk en by Neri Pozza in Italië.

Die Hertzogprys word beskou as die vernaamste prestige prys in Afrikaans en gee erkenning aan letterkundige werke van hoogstaande gehalte in Afrikaans. Dit word jaarliks om die beurt toegeken aan poësie, drama en verhalende prosa.

Die CL Engelbrechtprys word toegeken vir die beste gepubliseerde Afrikaanse letterkundige werk: roman, bundel, kortverhale, drama of poësie.

* Die Departement Afrikaans en Nederlands bied ook jaarliks kort slyskole aan vir digters en skrywers. Sien www.sun.ac.za/afrndl vir meer inligting.



Navorsingsfondse vir kreatiewe uitsette 'n eerste vir die akademie!

Die Universiteit Stellenbosch se besluit om navorsingsfondse beskikbaar te stel vir kreatiewe uitsette - kunswerke, toneelopvoerings, literêre publikasies of musiekstukke - van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, is 'n eerste in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse universiteite.

Veertien navorsers in die Fakulteit het navorsingsfondse ontvang vir hul kreatiewe uitsette. Hulle is me Jean Brundrit (Visuele Kunste), me Katherine Bull (Visuele Kunste), prof Keith Dietrich (Visuele Kunste), me Elizabeth Gunter (Visuele Kunste), prof Marlène van Niekerk (Afrikaans en Nederlands), me Pamela Kierman (Musiek), mnr Luis Magalhaes (Musiek), me Suzanne Martens (Musiek), dr Corvin Matei (Musiek), mnr Mario Nel (Musiek), prof Hans Roosenschoon (Musiek), prof Nina Schumann (Musiek), mnr Bennie van Eeden (Musiek) en me Magdalena Roux (Musiek).

Volgens prof Sandra Klopper, Visedekaan: Kunste en Waarnemende Voorsitter van die Departement Musiek, gee die US met hierdie stap erkenning aan kreatiewe uitsette as 'n vorm van navorsing.

"Navorsers wat nie in die kunste werk nie, besef nie altyd wat navorsing in die kunste behels nie, en dat daar net so veel navorsingswerk gedoen word as in enige ander vakgebied," sê sy.

Die voorstel om navorsingsfondse aan navorsers in die kunste beskikbaar te stel vir kreatiewe uitsette is oorspronklik deur prof Temple Hauptfleisch van die Dramadepartement en prof Hennie Kotzé, Dekaan: Lettere en Sosiale Wetenskappe gemaak.

Daarna is riglyne opgetrek vir die evaluasie van kreatiewe uitsette in drama, musiek, visuele kunste en literatuur wat ook na ander universiteite gestuur is vir terugvoer.

Verder word daar beoog om ander universiteite te nader om saam te span met die US om deur


navorsingsfondse erkenning te gee aan navorsers in die kunste se kreatiewe uitsette. Die volgende stap is om die Onderwysdepartement te nader om hulle beleid insake die nie-erkennings van kreatiewe uitsette as navorsing in die kunste te verander.

"Ek dink die Universiteit se toekenning van navorsingsfondse vir kreatiewe uitsette in die kunste en die werk aan riglyne vir die evaluasie van hierdie uitsette is 'n groot stap, tekenend van erkenning en respekte vir die tipe werk wat ons doen," het prof Klopper gesê.

Creative output to be awarded

In an innovative step, the University has awarded research funds for creative output - a first in the history of South African universities. Fourteen researchers in the Faculty of Arts and Social Sciences are the first recipients.

Akademie vereer sewe van US



Prof Michael Samways van die Departement Bewarings-ekologie en Entomologie

Bewenens die gesogte Hertzog- en CL Engelbrecht-prys wat aan prof Marlène van Niekerk, vir Agaat, toegeken is (sien brokkie links), is daar 'n verdere oes aan toekennings van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Dr Edwin Hertzog (Voorsitter van die Raad) het die Frans du Toit-medalje vir Bedryfsleiding ontvang as voorsitter van Medi-Clinic vir sy leierskap en verbintenis tot ontwikkeling in sy veld.

Prof Pierre du Toit (Politieke Wetenskap) is bekroon met die Stals-prys vir Politieke Wetenskap vir sy vernuwend werk wat nie huiver om ook ongewilde boodskappe te bring nie.

Prof Johann Mouton (Sosiologie en Sosiale Antropologie) se baanbrekerswerk het hom die Stals-prys vir Algemene Wetenskapsleer en Algemene Navorsingsmetodologie besorg.

Prof Koot Reinecke (Plant- en Dierkunde) het die Havenga-prys vir Biologiese Wetenskappe ontvang vir sy rol in nasionale en internasionale vakverenigings en vir sy publikasies en wetenskaplike voordragte.

Prof Michael Samways (Bewarings-ekologie en Entomologie) is die Senior Kaptein Scott-gedenk-medalje toegeken vir sy jarelange bydrae tot die omgewingsbiologie en sy impak op verskeie fronte.

Prof Jan van Vuuren (Logistiek) en Nicky Pantland van Oxfordshire, VK, is die Douw Greeff-prys toegeken vir hul artikel "Die Suid-Afrikaanse uitgebreide maritieme gebied: 'n alternatiewe metode vir die bepaling van die voet van die kontinentale helling, gepubliseer in die SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie".

Seven from University honoured
Apart from Prof Marlène van Niekerk's Hertzog Prize, a further six people with University ties were honoured by the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (South African Academy for Science and Art).

Stellenbosch University students ranked in top 20 in international moot court competition

A team of law students from Stellenbosch University recently finished in 16th position out of 178 universities in the 14th Annual Willem C Vis International Commercial Arbitration Moot held in Vienna.

The team was represented by Chrystal October, Malcolm Ratz, André Pelser and Franziska Myburgh, and coached by Prof Mustaqeem de Gama and Mr Louw Kriegler from the Faculty of Law. This is the University's best result to date following its overall ranking of 25th position in 2005.

The annual Willem C Vis International Commercial Arbitration Moot is the largest of its kind and is aimed at encouraging students to study international commercial law and arbitration, a method of dispute resolution that enjoys marked preference in the international business world, and to apply the knowledge so gained to a concrete problem. In the process, students also gain experience in the techniques of litigation.

The competition consists of three parts. Students are presented with an international business transaction dispute and are required to write memoranda for both the claimant as well as the respondent. After the written memoranda have been submitted teams gather in Vienna where the oral arguments of the teams are adjudicated.

Ingenieurstudent ontvang Kanseliersmedalje

'n Student in siviele ingenieurswese is 2006 se ontvanger van die Universiteit se gesogte Kanseliersmedalje.

Dr Celeste Barnardo, een van die beste voor- en naagraadse studente wat nog aan die Fakulteit Ingenieurswese gestudeer het, het 'n gemiddelde van 87,8% al oor al haar studiejare gehandhaaf. Sy het in 2006 haar PhD in Siviele Ingenieurswese verwerf.

Die Universiteit ken jaarliks die Kanseliersmedalje toe aan 'n finalejaarstudent wat uitnemend presteer het. Dr Barnardo het die toekenning by die Gradeplegtigheid in Desember ontvang.

Dr Celeste Barnardo
(Foto: Anton Jordaan (SSFD))




Foto: Anton Jordaan (SSFD)

Fleiks in Neelsie staar sluiting in die gesig

Die Protea Cinema in die Langenhoven Studenterentrum (Neelsie) sal moontlik binnekort sy deure moet sluit. Die twee teaters bestaan sedert 1995.

Volgens me Sunette Brink, Bestuurder van die Neelsie, was die teaters meestal as 'n diens aan studente beskou en deur die sentrum onderhou. Die Neelsie is egter 'n besigheid en word op kommersiële beginsels bestuur.

"As bestuur staan ons glad nie onsimpatiek teenoor die versoek om nie die teater te sluit nie,

maar ongelukkig moet ons nou, na baie jare se finansiële ondersteuning en gracie, 'n verantwoordelike besluit neem. Die area kan moontlik in goeie verhuurbare ruimte omskep word en hierdie uitbreiding van die huundersamestelling kan die Neelsie se aantrekkingsskrag vir studente aansienlik versterk. 'n Finale besluit sal geneem word nadat alle insette deeglik ondersoek is aangesien daar ook 'n sterk argument vir die voortbestaan van die diens is."


Save the Neelsie Cinema, 'n groep besorgde studente en personeellede,werp alles in die stryd om die teater te laat voortbestaan. Die groep sê onder meer dat die studentegemeenskap se belangrikere is as die najaag van wins en dat die rol wat kunsfilms in die diversifisering van die US-gemeenskap speel, nie genoeg beklemtoon kan word nie.

Volgens mnr Johan du Bois, woordvoerder van die groep, is hulle besig met 'n voorlegging vir die Universiteit oor hoe die teater ekonomies lewensvatbaar bestuur kan word.

'n Opsie is om die teater as 'n semi-kommersiële onderneming te bestuur. Dit kan beteken dat die teater ook vir ander funksies gebruik word of dat net een van die twee teaters dalk sluit.

'n Verdere uitdaging is dat die teaters dringende upgraderingswerk nodig het.

Kontak me Sunette Brink by tel (021) 808 3582 of per e-pos by sbrink@sun.ac.za.



"Grow Up, Get Tested"-veldtog by US gehou

Die Rektor, prof Russel Botman, en lede van sy bestuurspan het hulle steun vir die MIV/Vigs-program van die US getoon deur deel te neem aan 'n optog in Victoriastraat vroeër hierdie jaar.

Die optog genaamd die "March in March", is gereel om die visie van die MIV/Vigs program - dat



Women scoop Succeeding Against the Odds Awards

Three woman students have scooped this year's Succeeding Against the Odds Awards for 2007. They are Amanda de Beer, an honours student in German; Daniella Badenhorst, an honours student in Education Psychology and Toni Mould, a Social Work student.

At the tender age of 24, Amanda de Beer balances the demands of her studies, the duties of being the breadwinner, caring for a sister with disabilities and taking on extra work in order to cover her study costs.

The 22-year old Daniella Badenhorst is a person of extraordinary calibre that, in the face of an incurable illness, believes that her strength comes from using her passion and zest for life to improve the lives of others.

The 23-year old Toni Mould's dream is to work with people with disabilities. She was already six the first time she was able to walk.

The awards acknowledge those students who have performed excellently relative to the context of their background and the obstacles they had to overcome. The awards are worth R50 000 each and annually offer the recipients an opportunity to develop to their full academic potential.

Photo above: Amanda de Beer, Toni Mould and Daniella Badenhorst (Foto: Anton Jordaan (SSFD))

daar geen nuwe MIV-infeksies teen 2012 op kampus sal wees nie - en die "Grow Up, Get Tested"-veldtog onder die kampusgemeenskap te bemark.

Die "Grow Up, Get Tested"-veldtog is 'n inisiatief van die US se MIV-program waarin die Universiteit se MIV-beleid en die bestuur van die MIV-strategie gekoördineer word.

Foto links: Die Bestuur van die Universiteit het vroeër vanjaar deelgeneem aan die "March in March" ter ondersteuning van die US se MIV/Vigs-program (Foto: Anton Jordaan (SSFD))

Heemstede and Huis Visser are RAG champions

The combined team of Heemstede and Huis Visser were crowned winners of this year's RAG (Jool). Second place belonged to Nerina and Simonsberg while Erica and Dagbreek came third.

The theme this year was "Merlin & Monroe" which proved to be spectacular when applied to the annual Float Procession and Vensters. The combination of myth and Broadway resulted in original and colorful displays to entertain the spectators at both events.

New on the scene was the first ever Mr Matieland with Joe Warren as the eventual winner. Ms Matieland 2007 is Tara Nissen.

The male and female finalists combined efforts to raise in excess of R100 000, which will be allocated to much needed community projects.

According to Chairperson Tertia Krause, the RAG Committee hopes to even better last year's record effort of raising R750 000. "We are indebted to the residences, sponsors and students who participated and were instrumental in the success of RAG 2007," she said.

RAG offers wide marketing opportunities as well as supporting social responsibility. Sponsors and donors are invited to contact the RAG Committee at: 021 808 3632.

Photos: Some guys have all the luck. Mr Matieland 2007, Joe Warren, with Ms Matieland 1st princess, Madelein Grobbelaar and 2nd Princess Richelle Burger. In front is Ms Matieland 2007, Tara Nissen. (Photo: Anton Jordaan (SSFD))


Top photo: Heemstede and Huis Visser also won first prize for Vlotte. (Photo: Die Matie)

LearnWell4Life

Sit skop in jou kop - vir studiesukses

Gewilde studiehulp-DVD van EquipU4, 'n Eenheid van Universiteit Stellenbosch nou in Afrikaans, Engels en isiXhosa beskikbaar. Die LearnWell4Life DVD spreek nege van die mees-aktuele studie-uitdagings aan wat senior skoolleerders en universiteitstudente wêreldwyd beleef.

* Vir meer inligting en bestellings kontak Marita by equipu4@sun.ac.za, tel: (021) 8082564, of besoek ons webwerf: www.equipu4.com



LEES EN LAAT WAAI
Wegbreek

Wegbreek is tjokvol reisstories, ja. Maar ons stories gaan oor baie meer as bloop watter plekke om te kies en hoe om daar te kom. Daar's ook rusbankreise waar ons jou op ongelooflike trippies vat, sonder dat jy 'n vinger hoeft te lig (behalwe om om te blaai). En kopreise waar ons 'n bietjie dieper dink oor die reis van die lewe. Eintlik is *Wegbreek* 'n leefstyltydskrif met reis as tema, pleks van 'n blote reisgids. Alles in goeie gatskop Afrikaans.

Teken in op *Wegbreek* vir 12 uitgawes en SPAAR 40% op die jaarlikse bladprys. 12 Uitgawes kos jou net R144 (spaar R96). Bel ons by 0860 100 203 of SMS 'Wegbreek Student' na 34007 en ons bel jou terug. SMS kos R2.

THE • BAY • HOTEL
Kampsbaai

Luilekker bederf...

vanaf **R650 | R850**
per persoon wat deel per enkel persoon

Ons rig 'n hartlike uitnodiging aan alle
Vorige Mej. Matieland Widders
en
SR Voorsitters

vir 'n gratis aand verblyf en vol ontbyt!

021 438 3972 | res@thebay.co.za | www.thebay.co.za

*Voorwaardes geld. Geldig tot 30 September 2007

Baie geluk, prof Russel! Die Minister van Onderwys, me Naledi Pandor (heel links), wens prof Botman geluk. By hulle is die Kanselier, prof Elize Botha.



Van sukses na betekenisvolheid – 'n universiteit van hoop

Te midde van 'n feestelike atmosfeer op die Stellenbosch-kampus is Hayman Russel Botman op 11 April as die nuwe Rektor en Visekanselier en elfde hoof van die Universiteit Stellenbosch in 'n tot boordens toe vol Kruiskerk in Stellenbosch ingehuldig.

Die US is alombekend vir sy akademiese uitnemendheid in alle ons kernfunksies. Ons dilemma én ons uitdaging is hoe beweeg ons van sukses na betekenisvolheid, gegewe die veranderde sosio-politieke milieу waarin hierdie Universiteit moet opereer en waarin sy 'n groter betekenis moet hê vir al ons mense?"

So het prof Russel Botman tydens sy inhuldigingstoespraak sy termyn as rektor uitgespel.

Volgens hom het die Universiteit as een van die voorste navorsingsuniversiteite baie om op trots te wees. Die onderrig-programme is sinoniem met goeie gehalte en die US trek die "beste van die beste." Maar, het hy bygevoeg: "Ons sal egter nie eerlik wees nie, as dit al is wat ons oor onsself te sê het. Daar wag vele uitdagings."

Hy het ook gesê dat die Universiteit reeds in 'n belangrike stap die onreg van die verlede erken het en dat dit nou sy strewe is om hom toe te wy aan die realisering van hierdie selfverklaarde verbintenis. "Nou wil ons 'n Universiteit van betekenis en betekenisvolheid wees vir Suid-Afrika en Afrika."

In sy toespraak het hy spesifiek verwys na geloofwaardigheid, relevansie, studentesukses, mensebestuur en Afrosentrisme. "Ons lei aan gebreklike geloofwaardigheid, ondanks ons uitnemendheid. Ons wys ook nie genoeg relevansie nie, ongeag van ons vermoë om gesogte studente aan die bedryf te lewer. Ons straal ook nie genoegsaam 'n gees van Afrosentriese kundigheid uit nie, ongeag van ons sterk internasionale profiel."

Om dilemmas by die horings te pak,

"moet ons die kern van ons eie institusionele krag begryp en 'n nuwe pedagogiese raamwerk - 'n Pedagogie van Hoop - vestig."

"Dit is my strewe om die Universiteit met die bestaande Visie as vertrekpunt, op te rat na 'n instelling in Afrika wat nie net beduidend 'anders' wil wees, soos gegrond op ons verlede nie, maar wat ook beduidend 'beter' wil wees, soos gesien in ons verbintenis ten opsigte van die toekoms van ons land en die kontinent se mense."

Dit wil hy doen deur onder meer nouer aansluiting by die internasionale ontwikkelingsagenda en meer spesifiek by die Verenigde Nasies se Millennium Ontwikkelingsdoelwitte. As voorwaarde vir sukses, sê hy, moet daar florerende stelsels van tersi re onderwys bestaan.

Relevansie en geloofwaardigheid

Die opratting van die Universiteit se Toekomsvision vereis egter volgens prof Botman gelyklopende en intense aandag aan fasette van ons aktiwiteite wat verband hou met vrae oor relevansie en geloofwaardigheid.

'n Voorvereiste hiervoor, sê hy, is dat die Universiteit volledig multikultureel moet wees: "'n Tuiste vir almal, 'n tuiste waar kulture ontmoet. Om dit te doen moet ons 'n geloofwaardige poging aanwend om die rasprofiel van die Universiteit te verbeter. Ek wil die universiteit lei om almeer 'n multikulturele tuiste vir almal te word. Ons kan slegs gelukkig voel oor billike toegang wanneer die dogter van die plaaswerker diezelfde toekomsgeleenthede het as die seun van die plaasboer."

Ook wat betref die diversiteit van die US se personeelkorps, veral op meer senior personeelvlakke, is die situasie nie houbaar nie. "Ek beoog om daadwerklike stappe in hierdie verband te neem – wat aspekte sal insluit soos strategiese werwing, wetenskaplike en goedbestuurde loopbaan- en opvolgbeplanning asook kundigheids-oordragprogramme."

Studentesukses

Die akademiese sukses van studente lê vir prof Botman na aan die hart en is hy van mening dat die verbetering van die deelnamekoers van swartmense aan hoër onderrig, doelgerig verbeter moet word om die ekonomiese en die land se menslike hulpbronbehoeftes volhoubaar te ondersteun.

Finansiële werklikhede is egter 'n groot hindernis.

"Die Universiteit stel reeds 'n wesenlike deel van sy bronre beskikbaar om die Universiteit ook vir voorname studeinte uit arm gemeenskappe bereikbaar te maak en sal selfs nog meer bronre hiervoor moet vind. Die uitdaging en aanspraak op bronre is egter so enorm dat ons dit nie kan doen sonder die aktiewe en daadwerklike ondersteuning van ons verskillende belanghebbers nie."

Afrosentrisiteit

Om 'n multikulturele universiteit met 'n pedagogie van hoop te bou, sê prof Botman, vereis die vestiging van 'n Afrosentriese benadering tot hoëroonderrig. "Die Universiteit moet beide plaaslik en globaal 'n relevante en gerekende rolspeler wees. Ja, ons moet in die internasionale arena ons vasteplek verder uitbou, maar, ons moet ook strate-

giese vennootskappe uitbrei en nuwes aangaan in Afrika, Asië, Suid-Amerika en Australië. Die US se Suid-Suid en veral die Afrika verhoudinge moet die vlagskip word waaronder die Europese suksesse en intellektuele kapasiteit verder sal seil."

Volgens prof Botman is die US onlosmaaklik deel van die werklikhede van Suid-Afrika en Afrika. "Ons toekomstige sukses is afhanklik van Suid-Afrika en Afrika se sukses."

Afrikaans

Oor Afrikaans het prof Botman gesê dat vir lank, en tereg, dit beskou is as die taal van die onderdrukker en is die klem in die proses geplaas op die pyn van Afrikaans. "Maar wat van die hoop van Afrikaans? Afrikaans is die hoop vir 'n beter lewe van groot getalle mense dwarsoor ons land."

As ontwikkelde akademiese taal verteenwoordig Afrikaans ook die hoop vir die ontwikkeling van ander inheemse tale. "Daarom het die US erns met die plek en bevordering van Afrikaans in 'n meertalige konteks.

"Afrikaans is nie 'n toestand waarin hierdie Universiteit verkeer nie. Dit is een van haar visiestellings. Ons het besluit om Afrikaans in 'n meertalige konteks te bevorder en dit is ook ons bedoeling om die rasprofiel van hierdie Universiteit te verbreed. En tussen hierdie oënskynlike spanningsveldel, lê huis ons uitdagings van hoop vir die toekoms."

Nie hier om net 'n job te doen nie





Prof Botman het afgesluit deur te sê dat hy nie by die Universiteit is "om bloot 'n 'n job' te doen nie. Ek is hier om 'n roeping te vervul, want ek behoort nie eintlik aan myself nie. My hoogste lojaliteit behoort aan die Een wat my geroep het.

"Die idee waarvoor Stellenbosch voorstaan wil bekendstaan is om 'n sentrum van Hoop vir Afrika te wees." ■

- Lees prof Botman, die Kanselier, prof Elize Botha, en die Minister van Onderwys, me Naledi Pandor, se volledige toesprake by www.sun.ac.za/university/Management/Rector/Russel/inhuldiging.html

From success to significance - Prof Russel Botman installed as Rector

Hayman Russel Botman, the University's eleventh head, was installed at a gala event on 11 April. The article is a summary of his speech delivered at the event. He referred, among others, to the University's credibility, relevance, student success, people management and Afrocentricity. He said that the University needed to establish a new pedagogical framework - a pedagogy of hope - and that from now on Stellenbosch wished to stand for the idea of being a centre of hope for Africa. Read the speeches of Prof Botman, the Chancellor, Prof Elize Botha, and that of the Minister of Education, Ms Naledi Pandor, online.



UIT 'N ANDER HOEK

Man van geloof, hoop en liefde

Prof Nico Koopman, Professor in Sistematiese Teologie en Ekklesiologie en ook Direkteur van die Beyers Naude-Sentrum vir Publieke Teologie is 'n jarelange kollega en vriend van die rektor. *Matieland* het hom gepsels om 'n intiemer perspektief van die nuwe rektor te bied.

Die was aan die Universiteit van Wes-Kaapland waar Dek Russel Botman leer ken het - hierdie man wat geloof die fondament van sy lewe gemaak het.

Russel was 'n senior student toe ek in die Teologie begin studeer het. As student en later as jong predikant was hy vir ons 'n rolmodel. Die deur van die pastorie in Wynberg waar hy predikant was, was altyd vir ons oop vir advies. Ek en sy broer Deon, 'n klasmaat van my wat tot die Studenteraad verkies is, het midelberg van die aanbod gebruik gemaak en gereeld deurgery as Deon met sy boeta wou beraadslaag oor die pad vorentoe. Dit was in die dae van moeilike en opwindende studente- en landspolitiek - en natuurlik die dae toe ons almal pragtige afrohaarstyle gedra het!

Iets wat my van die begin af opgeval het, was dat Russel nie aan homself behoort het nie - iets wat hy tydens sy inhuldiging opnuut verklaar het. Russel behoort aan God en aan sy medemens. Hy behoort aan die mense van Suid-Afrika, mense van

verskillende godsdienstige en ook van sekulêre geloofsoortuigings en mense van verskillende etniese, sosio-ekonomiese, taal- en kultuuragtgronde.

Russel beweeg gemaklik tussen hierdie diversiteit van mense. Die diversiteit van mense het hom egter ook gevorm en as't ware vir hom 'n veilige, geborgte ruimte geword waarbinne hy so heerlik blom.

Hy ken egter ook lyding en swaarkry. Die lyding wat hy al in sy lewe ervaar het, soos die dood van sy eerste vrou, Lizzie, het hom geleer van die relatiwiteit van die lewe en dat niemand verabsouteer moet word nie. Bejēen dinge met erns, maar erken ook jou menslike beperktheid. Die beste wat ons kan doen, het hoogstens die status van voorlopigheid.

Dit alles het hom die uitsonderlike vermoë gegee om koelkop te bly as dinge warm word. Juis dan verskyn daardie kenmerkende glimlag en kan hy debatte wat kookpunt bereik met 'n fyn sin vir humor en met gracie hanteer.

Hierdie kalmte verbyster my soms. Soos toe ons in 1991 tydens 'n vuurwarm kerkvergadering van die desydse NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika, kamermaats in Mamelodi was. Russel het in die moderatuur gedien en was dus in die hart van die stryd en spanning. Terwyl ek nog wil praat en sukkel om aan die slaap te raak as gevolg van die spanning, het hy heerlik, in diepe geborgenheid, gelê en slaap. Die volgende dag kon hy met nuwe energie die uitdagings aanpak!

Russel is by uitstek 'n man van hoop. As teoloog en kerkeleier werk hy jare lank oor hierdie tema. Hy publiseer en praat plaaslik en internasionaal oor hoop binne die konteks van die proses van globalisering, wat

benewens goeie uitkomste ook lei tot die uitsluiting en verarming van miljoene mense regoor die wêreld - veral in Afrika. Wêreldwyd word sy werk oor hierdie temas in teologiese kringe baie hoog aangeslaan.

Ek was dus nie verbaas toe Russel rektor word en hoor hy praat van 'n pedagogie van hoop nie. Stellenbosch moet 'n plek van hoop word, 'n plek waar, soos hy dit stel, die dogter van die plaaswerker dieselfde drome kan koester as die seun van die plaaseienaar.

Russel het egter ook visie. Daardie rare vermoë om in die toekoms te kan insien. Dis die dat ek hom 'n publieke hermeneut noem. Die taak van 'n hermeneut is om pro-aktief die tekens van die tye te lees, om te interpreteer, om te onderskei, prioriteite raak te sien, om sin te maak van dit wat rondom ons aangaan - veral in plaaslike en globale kontekste wat snelle omwentelinge beleef - en om op pro-aktiewe wyse gepaste response te formuleer. Ook hier glo ek het Russel die gawe om die Universiteit visioenêr te lei.

Russel is ook 'n man van liefde. Heel eerstelike vir sy vrou, Beryl, en hul kinders. Sy liefde leef hy ook uit teenoor alle mense, selfs teenoor diegene met wie hy op fundamentele punte verskil.

Sy liefde manifesteer ook in sy vermoë om in ander se velle te klim. So kan hy werklik saam met ander dink, voel, begeer en werk.

Liefde is egter nie net vir hom aangename gevoelens nie. Hy weet dat die liefde gestalte kry deur die aktualisering van geregtigheid in verskillende vorme en dien hy die saak van geregtigheid in Suid-Afrika. En die merkwaardige is hoe hy die verkeerde op liefdevolle wyse kan ontmasker, op 'n wyse wat mense nie stigmatiser, demoniseer en ontmagtig nie, maar wat hul waardigheid respekteer en hulle energie gee om sake reg te maak.

As Stellenbossers en as Maties, is ons bevoorde dat Russel Botman as rektor te hê! Hy is die regte man, op die regte tyd, op die regte plek. ■

From another angle

Prof Nico Koopman is a long-time friend and colleague of Prof Botman and provides a more intimate look at the man behind the title.


Lig in sy lewe

Aan prof Russel se sy is mev Beryl Botman, 'n onderwysspesialis wat onder meer deeltyd vir die Departement van Onderwys se Versekersingsdirektoraat in die Afdeling Heelskool-evaluering werk. Beryl spandeer graag tyd saam met haar gesin en geniet Suid-Afrikaanse verhale en poësie. Daarby is sy ook 'n jazz-liefhebber en dien in die direksie van die Bell Valley Initiative, 'n gemeenskapsinisiatief om MIV/Vigs in die Helderberg-area te beveg.

Die Botman-gesin

Sy gesin is vir hom die belangrikste en die gunstelingmense in sy lewe sê prof Russel. Hayman is 'n rekenaartegnologiebeampte by die Foschini-groep, Lizelle is 'n student in rolprentproduksie, Ilse is 'n BSc (Bosbou)-student in haar vierde jaar en inwoner van Lydia en Roxanne is 'n leeder by Rhenish op Stellenbosch.





Links: Prof Chris Brink by die Universiteit van Newcastle (Foto: Press & Communications, Newcastle University)

Totsiens, prof Chris

Die vorige Rektor en Visekanselier, prof Chris Brink, het 'n pos as Visekanselier van die Universiteit van Newcastle in die Verenigde Koninkryk aanvaar. Wat beter manier om van hom afskeid te neem as met 'n brief van die nuwe Rektor, prof Russel Botman. Die brief is opgeneem in 'n boek wat pas oor prof Brink se termyn as Rektor verskyn het. *Matieland* groet vir prof Brink en wens hom alles van die beste toe met sy nuwe uitdagings.

Beste Chris

Vyf jaar op enige ander plek sou 'n mens kon beskryf as 'n relatiewe kort tydperk - met die onderliggende gevoelswaarde van vervlietenheid. Dit is nouliks wat 'n mens kan sê oor jou termyn as Rektor en Visekanselier van hierdie Universiteit wat by tye so 'n emosionele kruifvat kon wees.

Jou termyn was hoë-energie jare. Ek dink jy het in vyf jaar ingepas wat op 'n normale tydskaal elders die impak sou hê van 'n veel langer verblyf. Dit is vyf jaar wat ek nie anders kan beskryf nie as "it was the best of times, it was the worst of times". Dalk is die aanhaling al 'n bietjie geslyt, maar vir my heel gepas vir wat ek wil noem jou termyn van hoë intensiteit. Vergun my asseblief heelwat poëtiese vryheid in my aanwending daarvan.

The best of times

Waar kom ons vandaan? Waar is ons nou? Waar wil ons wees? Hoe kom ons daar? Op jou skerpsinnige, helder manier het jy die uitdagings van die Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en daarna, saamgevat en dit tot 'n vyfpunt visiestelling vereenvoudig op 'n manier wat rigting kon gee aan 'n universiteitsgemeenskap wat vastrapplek gesoek het in 'n nuwe veranderende sosio-politieke klimaat.

Dit het praktiese fasette van selfvernuwing en transformasie uitgelig, waardeur jy ons met knap leierskap in dikwels vuurwarm emosionele gesprekke gelei het. En wanneer die emosie plek gemaak het vir rede kon jy konstrueer, rekonstrueer, dekonstrueer en abstraheer op 'n manier wat vir ons almal verrykend was. Logies en klokhelder.

Jou oortuigende tweedimensionele model vir die akademie en die passing met die Universiteit se strategiese doelwitte het eers die wenkbroue gelig, maar die logika en sinvolle uiteensetting het die akademici oorgehaal. Dit het groter inhoud en rigting gegee aan die oorhoofse sakeplanne van die US en op 'n manier die Visiestelling verlewendig in al ons kernbedrywighede en inisiatiewe. Jy het nuwe lig geplaas op die besigheid van die universiteit en die universiteit as besigheid.

Sake soos die Eerstejaarsakademie (waarmee jy my hand gesterk het) en jou rigtinggewende denke oor die posisionering van die US as navorsingsgedrewe instansie, het die akademiese adrenalien laat bruis. As Viserektor (Onderrig) het ek jou student-

gesentreerde benadering soos manna ervar.

Opwindende tye. Só het kollegas in Bestuur en uit die fakulteite by herhaling gesê.

Maar dit was die binne-prentjie. Die onopsigtelike een. Die wêreld van e-pos aanmoediging, van ondersteuning vir bepaalde idees en inisiatiewe, vir jou begrip en leiding oor moeilike sake en besluite, vir jou akademiese leiding en wêreldgehalte waardetoevoeging aan prosesse en strukture om die akademiese saak van die US te dien. Akademies, die spreekwoordelike "best of times".

The worst of times

Ek het in my kort dankbetuiging verlede jaar by die Bestuur se jaareindfunksie gesê jy is die een mens wat so totaal verkeerd verstaan word. Ek is vandag meer oortuig daarvan. Die totale ommeswaii in die openbare mening sedert jou komst hierheen van "Brink die bouer" na "Brink die breker" is vir my tiperend daarvan.

Dit spreek van hoë verwagtinge wat nie heeltemal rekening gehou het met die werklike uitdagings van die taak wat jy moes verrig nie. Die pad van verandering is nooit maklik nie. Die meeste mense het 'n spontane teenkanting teen vernuwing en alles wat die ou manier van doen bevragekten. Daarby bring dit onsekerhede mee wat mense moeilik verwerk - veral as 'n seker omgewing skielik nie meer die geborgenheid en sekuriteit van die verlede inhoud nie.

Jy moes moeilike sake hanteer. Baie daarvan is nog steeds met ons en sal nog vir jare met ons wees. Die taaldebat en diversiteit is die twee bekendstes. Dit is sake wat nie oornag met 'n pen-streep reggestel kan word nie. Jy het die dapper pad geloop en ter wille van die breër landsbelang soms 'ongewilde' besluite geneem. In jou soekende na die mees praktiese hantering van taal aan die US het Bestuur 'n taalmodel aanvaar wat groeriuimte vir Afrikaans gelaat het naas die wêreldtaal, Engels.

Jou verbete erns met diversiteit en pogings om US toeganklik te maak vir mense wat voorheen nie hier kon studeer nie, het jou opponente geïnterpreteer as die dood in die pot vir Afrikaans. Hieroor is jy verguis en aangeval. Die media was meedoënloos in sy stryd en fel in sy kritiek teenoor jou. Maar deur dit alles het jy jou waardigheid behou. Selfs in die binnekonsellektes wanneer die stryd om jou op sy hoogste gewoed het. Dit het by ons wat elke dag met

jou in noue kontak was, net bewondering afgedwing.

Dit was vir die US "the worst of times". Maar ten spye daarvan laat jy 'n Universiteit agter wat vandag op talle terreine soveel beter daaraan toe is: akademies, finansiële, op navorsingsgebied en in terme van die US se rol in diensbaarheid van die groter gemeenskap. Jy het regstelling en gelykbergtiging in die breedste sin nagstreef en geleef. Die krag en energie wat jy bestee het om die gemeenskappe van Idasvallei, Cloetesville en Kayamandi deel te maak van die universiteits- en dorpsgemeenskap strek jou tot eer. Vir my was dit altyd hartverblywend om in gesprekke met leiers uit hierdie gemeenskappe die welwillendheid teenoor die US te ervaar wat jy gekweek het in die aangesig van agterdog en die nagelate pyn van apartheid. Die boekstawing van die verswee geskiedenis van die mense van die Vlakte waaraan jy impetus verleen het, het baie harte vir hierdie Universiteit gewen. En dis maar 'n enkele voorbeeld.

Ek erf 'n universiteit wat in talie opsigte meer paraat is vir die eise van ons tyd, danksy jou leiding en inisiatiewe oor die afgelope vyf jaar. Die geskiedenis sal jou termyn hier nooit kan tipeer as verfluentend of vir die vergetelheid nie. Soos die Engelse sê: Your efforts were not in vain.

Baie dankie vir die kollegialiteit, die oomblikke van diep gesprek en besinning oor die US en sy rol in die groter wêreld, en vir groeigeleenthede wat oor my en ander se weg gekom het. Dit het my geestelik en intellektueel 'n ryker mens gelaat en my beter toegerus vir die taak wat die universiteitsgemeenskap aan my as jou opvolger toevertrou het.

Alle sukses met die uitdagings wat op jou wag in Newcastle.

My beste wense vergezel jou, Tobeia en die kinders.

Russel

Goodbye Prof Chris: *Matieland* bids the previous Rector and Vice-Chancellor, Prof Chris Brink, farewell on the eve of his departure to his new position as Vice-Chancellor of the University of Newcastle in the UK. The article is in the form of a letter to Prof Brink, written by none other than the new Rector, Prof Russel Botman. The letter forms part of a new book on Prof Brink's term as Rector of Stellenbosch University.

om groen te leef

deur Engela Duvenage



'n Trunz waterfilter, aangedryf deur 'n sonpaneel en windturbine, wat onlangs by die Lynedoch Eco Village buite Stellenbosch geïnstalleer is. Die filter kan tot 20 000 liter water per dag suwer. Lynedoch is die hoofkwartier van die Sustainability Institute - 'n internasionale leef- en leersentrum wat fokus op volhoubaarheid. Die Universiteit se Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning bied in same-werking met die Instituut 'n Meestersgraad in Volhoubare Ontwikkeling aan en skakel ook in by die nuwe Nagraadse Program in Hernbare en Volhoubare Energiestudies. Al die nagraadse modules van die nútgestigte Studiesentrum word in Lynedoch aangebied.

Wikus van Niekerk van Mostertsdrift is op 'n missie om sy huisgesin van vier mense en twee honde meer energiebesparend en dus groener te maak.

'n Paar naweke gelede het hy die gloeilampe in sy dubbelverdiepinghuis met die elektrisiteitsbesparende kompak-fluoresseertipe vervang. Sy vrou het egter die spiraalmenere nie vreeslik esteties gevind nie, en het opsluit die gloeilampe in hul voorportaal terugverander.

Vroeër vanjaar het Wikus sy elektriese warmwatersilinder met 'n sonverwarmingsseenheid vervang om hul stortwater op te warm. Dit kan glo sy munisipale rekening met tot 40% sny – en natuurlik help om minder skadelike CO₂-kweekhuisgasse uit te straal.

Teen enigets tussen R10 000 en R23 000 vir 'n 200 liter-stelsel besef Wikus alte goed dat dit nie 'n eenmalige uitgawe is wat alle huishoudings kan bekostig nie, al wil hulle hoe graag hul deel vir die planeet doen. Subsidies is darem tans hiervoor beskikbaar, en meer is in die pyplyn, wat dit meer bekostigbaar kan maak.

Volgens algemene bedryfsberekening kan dit tot vier jaar neem voordat die sonwaterverwarmingseenheid uit die besparing afbetaal is, en daarna is die warm water amper verniet!

In sy oopkantoor bibber Wikus, 'n professor in Meganiese Ingenieurswese, as hy op 'n vroeë winteroggend sy trui tuis vergeet het. Hier probeer hy ook energiebesparend binne die bestaande raamwerk van sy gebou lewe, al is hy nie vreeslik gewild by sy sekretaresse, Anita, wat graag 'n verwamer wil aanskakel nie.

"Môre moet ek eenvoudig onthou om warmer aan te trek," verklaar hy pragmatics, want hy weet dit is nie maklik om volhoubaar te lewe nie.

As direkteur van die Studiesentrum vir Hernbare en Volhoubare Energie moet hy immers 'n voorbeeld stel om gewone huishoudings en nywerhede te inspireer om groen te glo en groen te doen.

Die sentrum is verlede jaar gestig danksy befonding van die Suid-Afrikaanse Nasionale Energie-navorsingsinstituut (Saner), 'n filiaal van die Sentrale Energiefonds.

Saner ondersteun ook die Senior Leerstoel in Energienavorsing: Biobrandstowwe en ander Skoon Alternatiewe Brandstowwe, wat vanjaar aan prof Emile van Zyl van die Departement Mikrobiologie toegeken is (sien bl 16).

Die sentrum tree namens Saner as sambreelliggaam op om landwyd navorsing deur en opleiding van wetenskaplikes, beplanners en ingenieurs in dié veld te dryf.

Hul navorsings- of kursusmeestersgraad- en doktorale studies is beskikbaar vir enigiemand met 'n vierjarige of na-graadse kwalifikasie in Ingenieurswese, Natuurwetenskappe, Bestuur of Ekonomie. Die multidissiplinêre MPhil- en MEng-programme word deur die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning en die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese aangebied. Navorsing word ook in die Fakulteit Natuurwetenskappe en Fakulteit Agri-Wetenskappe gedoen (sien bl 16 vir inligting oor spesifieke navorsingsprojekte).

Danksy die beurshulp van Saner het die eerste 21 meestersgraad- en 4 doktorale studente in Februarie ingeval om oor volhoubare ontwikkeling, hernbare energiestelsels, energie-doeltreffende stede, beleid rakende hernbare energie, sonkrug en bio-energie te leer.

Die sentrum se maandelikse Hernbare Energiebesprekingsforums gaan van krag tot krag, en word togespreek deur plaaslike en nasionale kenners wat aan die voorpunt van hierdie veld staan.

Alles 'n mondvol, maar noodsaklik om die ingenieurs en beplanners te laat saamduik oor ons energiesituasie: Suid-Afrika sorg vir die neëntiende hoogste vrystelling (1,42%) van kweekhuisgasse ter wêreld.

"Al is ons maar 'n klein landjie, en voel dit dark na 'n klein aandeel tot die groter geheel, bly dit nie reg nie," sê prof Van Niekerk. "As mens kyk na ons CO₂-uitsette teenoor ons energieverbruik, is ons van die swakste ter wêreld."

Dit alles dra by tot aardverwarming, en, so word al meer besef, die verandering van ons klimaat, stygende seevlak,

smeltende gletsers en kwynende hulbronne soos water. Navorsing wys dat temperature in die Koue Bokkeveld naby Ceres, byvoorbeeld, reeds met 1 °C gestyg het sedert die 1970's.

Prof Van Niekerk en sy navorsingsingenieur, Katot Meyer, glo Suid-Afrika se oorvoedige sonskyn hou die grootste potensiaal vir plaaslike volhoubare energieopwekking in, bo byvoorbeeld windkrag of biobrandstowwe.

Volgens albei is risiko en geld die vernaamste struikelblokke waarom volhoubare energiebronne nie 'n werklike invloed op ons verskaffingsrentjie maak nie.

Al het dit die potensiaal om wesenlike krag op te wek, bly 'n visioenêre projek soos prof Detlev Kröger van die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese se kilometer hoë sonstoringprojek 'n waagstuk van 'n paar biljoen rand. "Die hoogste gebou ter wêreld is maar 452 m hoog.

"Ons weet golfenergie werk, maar nou moet mens nog dink aan praktiese dinge soos hoe om so 'n opwekkingstellasié in die see te montere, asook die nodige omgewingsimpakstudies."

Ingenieurs krap ook nog kop oor doeltreffende maniere om opgewekte wind-energie wat nie gebruik word nie vir latere gebruik te berg.

Daarby, glo dit of nie, wek Eskom steenkoolkrag op teen slegs sowat 12c/kW, teenoor die 50 Eurosent (sowat R4,80/kW) wat Europeërs moet opdok.

"Daar is nog nie genoeg dryfkrag om te soek na ander energiebronne nie. Hoekom die wiel herontwerp as dit dan klaar werk?" is Meyer se sentiment.

Joernalis Max du Preez stem saam in die tydskrif *mindshift* dat dit moeilik is om onbeperkte hulbronne toe te ken of 'n hele lewenswyse te verander vir 'n wesenlike bedreiging soos globale verwarming wat nog nie aan die lyf gevoel kan word nie.

"Dit is miskien selfs moeiliker vir regerings wat uit die aard van hulself meer geïnteresseerd is in die verkiesing, of vir maatskappye wat dit haat om geld uit te gee op iets wat hulle nie kan definieer of presies kan voorspel nie," skryf hy.

Dit beteken nie dat mens hande in die hare hoof te sit of, die ander uiterste, bloot moet voortgaan om energie-intensief te leef nie.

Inisiatiewe soos die Studiesentrum vir Hernbare en Volhoubare Energie, asook doelstellings van die Suid-Afrikaanse regering om die energievraag teen 2015 met 12% te sny, wys op 'n toenemende



Gideonsbende. Die Studiesentrum vir Hernbare en Volhoubare Energie word geleid deur prof Wikus van Niekerk, Direkteur (middel) en mnr Saliem Fakir, Mededirekteur (links). Saam met hulle is mnr Katot Meyer, 'n ingenieur werkzaam by die Studiesentrum.

bewustheid dat energieverbruikspatrone moet verander. In Eskom se "Power Alert"-initiatief in die Kaap verlede jaar het die publiek positief gereageer deur "af te skakel" as die nood druk.

"Dit gaan alles oor hoe 'n mens lewe," stel prof Van Niekerk gerus. "Pas jou leefwyse aan, ry minder, stap meer. Koop 'n hibridiese Toyota Prius of 'n ander kleiner voertuig. Sit 'n isolerende kombers rondom jou geiser. Sit saans jou rekenaar af. Ontwerp nuwe geboue beter.

"En leef meer spaarsamig." ■

BRONNE:

- "The heat is on", Max du Preez, *mindshift*
- Adapting to climate change in the Cape Floristic Region, Rebecca Freeth, Bastian Bomhard en Guy Midgley, SANBI
- www.sun.ac.za/crses

A green way of living

The University is involved in a number of projects and initiatives on the topic of sustainability and renewable energy. The newly-established interdisciplinary Centre for Renewable and Sustainable Energy Studies is headed by Prof Wikus van Niekerk, a professor in Mechanical Engineering, and brings together a number of academics and researchers at the University. They oversee research on sustainable development, renewable energy systems, energy-efficient cities, policy on renewable energy, solar power and bio-energy.

Die Studiesentrum vir Hernubare en Volhoubare Energie is aan die Universiteit Stellenbosch toegeken, glo direkteur prof Wikus van Niekerk, danksy Maties se jare lange betrokkenheid by navorsingsprojekte oor hernubare energie soos sonkragstasies, windturbines en biobrandstowwe.

Dit is vanjaar weer eens op nasionale vlak bevestig met die toekenning van 'n Senior Leerstoel in Energienavorsing: Biobrandstowwe en ander Skoon Alternatiewe Brandstowwe aan mikrobioloog prof Emile van Zyl. Hy is 'n wêreldleier in die produksie van ensieme in rekombinante bakkersgjs wat plantmateriaal hidroliseer en die vrygestelde suikers na bio-ethanol omskakel.

Die leerstoel, een van die eerste drie soortgelyke inisiatiewe by plaaslike universiteite, word deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Energie-navorsingsinstituut (Saneri) teen R2 miljoen per jaar oor die volgende vyf jaar geborg.

Die nagraadse Biobrandstof-navorsingsprogram (BNP) sal wetenskaplikes en bio-ingenieurs oplei, nuwe tegnologie in veral die bio-ethanol veld ontwikkel en nuwe en bestaande tegnologie vir plaaslike toestande aanpas.

Dit word gesamentlik gerig deur die US se Departement Mikrobiologie (prof Van Zyl en dr Marinda Bloom) en die Departement Prosesingenieurswese (prof Hansie Knoetze en dr Johann Görgens), en die Universiteit van Kaapstad se Departement Chemiese Ingenieurswese.

Prof Hansie Knoetze en dr Johann Görgens van die Departement Prosesingenieurswese ontwikkel reeds termiese en biologiese prosesse om lignosellulose en styselagtige roumateriale tot biobrandstof om te skakel. Danksy prosesmodellering doen hulle navorsing oor hoe die kombinasie van biobrandstofproduksie saam met ander waardevolle chemikalieë groter winsgrense kan verseker.

Prosesingenieurswese ontwikkel ook saam met eweknieë prof Leon Lorenzen en mnr Johan van der Spuy van Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese 'n biobrandstoftoetsfasilitet wat 'n vermengings- en analitiese toetsfasilitet asook 'n biobrandstof-enjintootfasilitet sal insluit.

Die Departement Bosbou en Houtkunde doen tans 'n sosio-ekonomiese opname oor die potensiaal van biobrandstofproduksie om tradisionele bosbou-

bedrywighede in die Oos-Kaap te vervang. Verskeie projekte is onlangs saam met ander departemente van die Fakulteit AgriWetenskappe voltooi oor die volhoubare voorsiening van biomassa vir omskakeling na herwinbare biobrandstowwe.

US navorsers is egter nie net in die biobrandstofveld betrokke nie.

Die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese is reeds die afgelope sewe jaar nou betrokke by die ontwikkeling van grootskaalse hernubare sonkragprojekte, waarvan die sonskoorsteenprojek van prof Detlev Kröger 'n voorbeeld is.


Prof Theo von Backström en sy span doen navorsing oor windturbines. Turbines word ook ontwikkel om energie deur golwe en seestrome op te wek, terwyl die passiewe termiese en temperatuurregulering van geboue ook aandag geniet.

Die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning ondersoek die potensiaal van geïntegreerde volhoubare energie-oplossings vir gemeenskappe, asook die bekostigbaarheid en voordele van die installering van sondakpanele in massabehuisingskemas.


Die impak van hernubare energietegnologie op die piekkragaanvraag van Eskom word deur die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese ondersoek, terwyl prof Maarten Kamper navorsing doen oor nuwe permanente magneetgenerator-tegnologie vir wind- en waterturbines op 'n sub-10 kW-kragvlak.

Op 'n makrovlak stel die Departement Bedryfsingenieurswese ondersoek in na strategieë waardeur ekonomiese na 'n volhoubare energiemodel kan oorskakel. ■

So vergroen US die aarde



Theo von Backström



Detlev Kröger



Johan van der Spuy



Marinda Bloom



Johann Görgens



Emile van Zyl



Leon Lorenzen



Maarten Kamper

How the University is greening the earth

This article looks at a number of projects on renewable energy in which the University is involved.

GROEN STUDENTE



Francois Rossouw, Adriaan Lombard en Edward Lemmer doen navorsing oor onderskeidelik windturbines, mikro-hidro kragstelsels en wind-elektriese waterpompstelsels.

US-navorsers gekies om prestige navorsingsleerstoele te beklee

Vier van die eerste 21 prestigeryke Suid-Afrikaanse navorsingsleerstoele in die nuut-gestigte Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel-inisiatief (oftewel die South African Research Chairs Initiative (SARCHI)) is aan die Universiteit Stellenbosch toegeken.

Die SARCHI-program is deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie geïnisiéer en is die enkel grootste finansiële intervensie in die nasionale navorsingstelsel. Daar is reeds R200 miljoen aan die inisiatief toegewys.

Die vier hoog aangeskrewe navorsers verbonde aan die US is prof Leonard J Barbour (Leerstoel in Nanogestruktureerde Funksiionele Materiale); prof Lubertus Klumperman (Leerstoel in Gevorderde Makromolekulêre Strukture); prof Jens Kossman (Leerstoel in Genetiese Aanpassing/Verwerking van Biopolimere); en prof Heinrich Schwoerer (Leerstoel in Fotononika, Ultravinnige en Ultra-intense Laserwetenskap).

Prof Mzamo Mangaliso, President van die Nasionale Navorsingstigting (NNS), het gesê dat Suid-Afrika nie net internasionale navorsingstanndaarde wil ewenaar nie, maar die pas vir die res van die wêreld in sleutel-nisgebiede wil aangee.

"Hierdie leerstoele sal 'n inspuiting wees vir nuwe en addisionele navorsingskapasiteit in Suid-Afrika - 'n noodsaklike hulpbron - wat kan lei tot 'n veelvoud van nuwe kennis en tegnologieë wat 'n ware en betekenisvolle impak op die lewens van

Suid-Afrikaners kan hê - in der waarheid vir inwoners van Afrika en die wêreld," het prof Mangaliso gesê.

Prof Piet Steyn, die Waarnemende Senior-Direkteur: Navorsing aan die US, het gesê dat die universiteit baie trots is op die vier professore wat gekies is.

"Die bekendstelling van die eerste 21 navorsingsprofessore in Suid-Afrika is bo alle twyfel een van die belangrikste intervensies deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie om navorsing in Suid-Afrika te bevorder. Die program het ten doel om topkwaliteit navorsers na Suid-Afrika te trek asook om uitnemende navorsers in Suid-Afrika te bebon. Die program beoog verder om 210 navorsingsprofessore teen 2010 te skep wat 'n positiewe impak op navorsingspraktijk in ons land sal hê en Suid-Afrika in staat sal stel om 'n prominente speler in die globale kenniseconomie te word. As universiteit ondersteun ons hierdie inisiatief ten volle en ons huldig die vier navorsers aan wie leerstoele toegeken is," sê prof Steyn. ■

Stellenbosch researchers receive prestigious research chairs

Stellenbosch University (SU) has been awarded four of the first 21 prestigious Research Chairs in the newly-established South African Research Chairs Initiative (SARCHI). The SARCHI programme was established by the Department of Science and Technology and heralds the single biggest injection of funding into the national research system. A total of R200 million has already been allocated to the Initiative.

US SKEP DIE ROOM IN LANDBOUNAVORSING



Die Fakulteit AgriWetenskappe spon met 24 navorsers wat 'n NNS-evaluering het. Voor is drie ontvangers, naamlik prof Trevor Britz (Voedselwetenskap), dr Stephanie Midgley (Hortologie) en dr Corli Witthuhn (Voedselwetenskap). Agter is prof Walter Claassen (Viserekotor: Navorsing), prof Leopoldt van Huyssen (Dekaan: Fakulteit AgriWetenskappe), prof Louw Hoffman (ontvanger van Veekundige Wetenskappe), prof Russel Botman (Rektor en Visekanseller) en prof Piet Steyn (Waarnemende Senior Direkteur: Navorsing). (Foto: Anton Jordaan (SSFD))

Die Fakulteit AgriWetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch (US) is 'n top-landbounavorsingsinstelling in die land. Dit blyk uit die feit dat nie minder nie as 24 van sy navorsers tans evaluerings van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) het.

Die evaluering behels dat alle aktiewe navorsingswetenskaplikes met doktorsgrade in Suid-Afrika jaarliks deur die NNS geëvalueer word. Op grond van 'n sterk evaluasie en navorsingsvoorstelle word spesiale navorsingsfondse, wat onontbeerlik vir enige navorser is, dan aan hulle toegeken.

Vir enige navorser is 'n NNS-evaluering van groot waarde. Die departement Hortologie het die



Die bekleérs van die SARCHI-leerstoele van bo na onder: prof Leonard J Barbour, prof Jens Kossman, prof Lubertus Klumperman en prof Heinrich Schwoerer

grootste aantal geëvalueerde, naamlik vyf. Die departemente Bewaringsekologie en Entomologie, Genetika, en Wingerd- en Wynkunde het elk vier geëvalueerde. Voedselwetenskap het drie, terwyl Grondkunde twee en Landbou-ekonomiese en Veekundige Wetenskappe elkeen een geëvalueerde het.

Die rektor van die US, prof Russel Botman, het tydens 'n spesiale toekenningsfunksie erkenning aan die navorsers gegee en hulle vir hul toegewyheid tot die bevordering van voortreflike navorsing aan die US bedank. ■

3 new deans

Dr Edna van Harte has again proved to be a groundbreaker. She was the first woman student dean at Stellenbosch University, and has now been appointed as dean of the Faculty of Military Science - not only the first woman but also the first person of colour to hold the position. She and Prof Yusef Waghid, the new dean of the Faculty of Education, are the first persons of colour to be appointed deans at Stellenbosch University. The Faculty of Law boasts with a stalwart of many years in the person of Prof Gerhard Lubbe, who was appointed as its new dean.



DR EDNA VAN HARTE

While Dr Edna van Harte admits that she has seen a couple of eyebrows raised when she was introduced as the dean of the Faculty of Military Science, she also says that she is very happy in this new role. "I am just as passionate about the Saldanha campus as I was about the university's main campus when I worked there as student dean."

In May 2006, Dr Van Harte stepped in as interim dean of the Faculty of Military Science. Her duties included overseeing the faculty budget, ensuring the quality of education, managing human resources

in the faculty, managing the research division and being involved in the selection of students from the ranks of the South African National Defence Force (SANDF). She served as interim dean for six months, after which faculty members overwhelmingly nominated her for the position of dean.

The goals she has set for herself include reviewing the current curriculum, ensuring that students are suitably trained as future leaders of the SANDF and potential peacekeepers in Africa, and generating research beneficial to the Department of Defence, the SANDF and the broader society. She also intends to tackle issues such as the recruitment and retention of black academics and increasing the cohort of female academics.

Dr Van Harte lives on the military base and experiences military life firsthand. However, she says she is still humbled by the code of conduct that students pledge to, realising "that these students are also pledging to sacrifice their own lives for the wellbeing of the citizens of this country as well as their peers".



PROF YUSEF WAGHID

The appointment of Prof Yusef Waghid as dean of the Faculty of Education at Stellenbosch University can be viewed as confirmation that both academic excellence and diversity are priorities when the university deals with transformation.

Prof Waghid obtained his DEd (Philosophy of Education) from the University of the Western Cape and also holds a PhD (Education Policy Studies) and a DPhil (Philosophy) from Stellenbosch University.

He began his career in education in 1979 as a teacher at Zeekoevlei Secondary School, after which

he became head of the Physical Science Department at Wynberg Secondary School. His association with Maties began in 1998, when he was appointed director of the Centre for Education Development. He has been professor in the Department of Education Policy Studies since 2002 and chair of this department since 2003.

Prof Waghid is an internationally acclaimed researcher with a C2 rating from the National Research Foundation (NRF). He is editor of the South African Journal of Higher Education and a member of the Philosophy of Education Society of Great Britain, the American Educational Research Association and the Central Research Committee of Stellenbosch University. He is also an executive member of the South African Association for Research and Development in Higher Education.

Prof Waghid had this to say about his appointment: "I believe that academic merits were the primary factor in my appointment and will therefore make use of the opportunity to make a further contribution, both nationally and internationally, to both the academic and education leadership fields."

PROF GERHARD LUBBE

Prof Gerhard Lubbe, a professor in the Department of Private and Roman Law, is a Matie alumnus. He attained a BA LLB degree here, after which he completed his LLM degree at Yale University in America. In 1973 he returned to Maties as senior lecturer in the Law Faculty, and in 1977 he obtained a professorship in Law.

He has shared his knowledge of the law with other South African universities through his involvement as part-time lecturer at, amongst others, the University of the Western Cape (1983-1993) and also as Adjunct Professor of Law at the University of Cape Town (1999-2002). He is a recognised researcher with a B2

grading from the NRF and has been a visiting researcher at the Institute of Advanced Legal Studies at the University of Regensburg and the Max Planck Institute for Foreign Private and Private International Law in Hamburg.

Prof Lubbe said that a desire to make "a contribution to the university and the country in this challenging and exciting time" through his involvement at the faculty motivated him to apply for this post. "Even though I will carry the responsibility of making decisions as dean, I have set myself the goal of utilising the collective insights of the faculty by means of consultation and participative management regarding important decisions we need to make," he said. ■



Beverley Fanella, 'n adviseur van die Sentrum vir Voornemende Studente, saam met 'n groep leerders wat deelgeneem het aan die "n Dag in die lewe van 'n Matie"-projek as deel van die Vennootskapskoleprojek. Die leerders het 'n dag op die kampus spandeer en in Minerva middagete geëet.

Elke jaar stroom duisende blinkoog-eerstejaars na universiteite regoor die land om hul studieloopbane te begin, maar statistiek toon dat net minder as die helfte van hierdie studente nie graduateer nie. Hiervan staak die meeste hul studies reeds in hul eerste jaar.



Vennootskapskoleprojek werp vrugte af

Een van die oorsake vir die hoë uitvalsfyfer is die gaping tussen skool en universiteit wat te groot is.

Om hierdie uitdaging gedeeltelik te bowe te kom, het die Universiteit Stellenbosch verlede jaar die Eerstejaarsakademie van stapel gestuur met die doel om 'n positiewe impak op die deurvloekoers van nuwelingstudente te maak.

Maar hoe gemaak met voornemende studente wat nog nie op kampus is nie? Ook hier het die universiteit 'n aktiewe rol om te speel. Daar was veral by voorheen onderwysbenadeelde skole 'n behoefté om hul leerders aan die hoérondertwysomgewing bloot te stel.

Om gestalte te gee aan die gesonde samewerking wat daar reeds tussen skole en die universiteit bestaan, is die Vennootskapskoleprojek van stapel gestuur.

"Tans is die universiteit by 17 nabygeleë skole betrokke om leerders vir naskoolse studies te help voorberei. 'n Belangrike element is om leerders met potensiaal te identifiseer en 'n verhouding met hulle op te bou," sê mnr Leon van den Heever, Direkteur van die Sentrum vir Voornemende Studente (SVS). "Die resultaat van die vennootskap," voeg hy by, "is dat hierdie skole vandag belangrike voederskole vir die universiteit is en talle kandidate vir die universiteit sowel as hoér onderwys lewer."

Die skole is Belhar Sekondêr, Bernadino Heights Sekondêr, Cloetesville Sekondêr, Eersterivier Sekondêr, Gordon Hoërskool, Kasselsvlei Sekondêr, Kayamandi Sekondêr, Klein Nederburg Sekondêr, Kylemore Sekondêr, Lückhoff Sekondêr, Malibu Sekondêr, New Orleans Sekondêr, Noorder Paarl Hoërskool, Paulus Joubert Sekondêr, Sarepta Sekondêr, Schoonspruit Sekondêr en Stellenzicht Sekondêr.

In 2005 en 2006 het dié skole ongeveer 20% van die totale getal geregistreerde bruin eerstejaarstudente aan die US gelewer.

Verskeie fakulteite en afdelings is geïntegreerd by skole betrokke. Dit sluit in die fakulteite Ingenieurswese, Natuurwetenskappe, Gesondheidswetenskappe en Lettere en Sosiale Wetenskappe. Die Instituut vir Wiskunde en Wetenskap-onderrig (IWWOUS), SunZone, die TRAC-skolesentrum en SunStep is van die afdelings wat betrokke is.

Sommige van die projekte word by die skole aangebied terwyl ander 'n besoek aan die kampus noodsaak.

Die programme wat aangebied word, sluit in onder meer vakansieskole in wiskunde en wetenskap, taal en kultuur (wat insluit die nou al bekende Woorde Open Wêrelde-projek van die Woordfees en besoeke deur skywers), beroeps- en vakkeusevoorligting, algemene voorligting,

inligting oor die US self, opedae en vakansieskole, asook 'n beursprojek.

Een van die uitdagings is om finansiering vir die projek te bekom, sê me Celeste Nel, senior adviseur van die SVS. "Tans word die projekte befonds uit interne begrotings van die onderskeie fakulteite, departemente en dienseenhede, maar eksterne fondse sal die universiteit die geleentheid bied om 'n nog groter rol by die skole te speel."

En, gemeet aan die terugvoering wat die universiteit kry, is daar beslis 'n behoefté aan die diens, soos 'n leerder dit gestel het: "Hierdie universiteit sien 'n kant van my raak waar ek my drome kan vervul..." **m**

- Kontak Celeste Nel by 021 808 4327 of cswan@sun.ac.za vir meer inligting.

Partnership Schools Project comes of age

The Partnership Schools Project was launched to acknowledge the partnership between the University and a number of schools in the Western Cape. Currently, the University is involved in 17 schools to assist learners in their preparations for tertiary study. The involvement ranges from science workshops presented at the schools to visits by learners to the campus, where they are involved in a number of projects.



Tans lê die hele lasertoestel sowat 2 m lank uitgestrek op 'n werkbank in die Lasernavorsingsinstituut, maar dr Johan Burger en M-student Alex Heidt hoop dat dit tot 'n kommersieel bruikbare toestel die grootte van 'n groterige kosbliki omgebou kan word. (Foto: Engela Duvenage)

Nuwe plaaslike ontwikkelings in lasertegnologie kan dalk besoeke aan tandartse minder vreesaanjaend maak.

Dr Johan Burger en sy span van die Departement Fisika het onlangs die eerste plaaslik geboude ultrakortpuls-laser in Afrika gebou. Hierdie modus-gesluite laser gebruik optieseveseltegnologie en nie konvensionele kristal- of gasmidea nie.

Die pikosekonde-hoëdrywing-laserpuls wat hierdie apparaat produseer, duur slegs een miljoenste

Pynlose tandartsbesoeke dalk moontlik danksy lasers

van een miljoenste van 'n sekonde. Dié uiters vinnige polsaksie wek baie min hitte op. Dit is ideal vir tandartsapparaat, omdat die laserstraal nie die behandelde tand verhit of laat vibrer nie. Dus, geen pyn nie. Dit is ook voordeelig vir oog- en velbehandeling. "Ons weet dit werk, maar nou moet ons uit vind hoe en hoekom dit werk," verduidelik dr Burger die pad voorentoe.

Matië-fisici het drie jaar gelede 'n strategiese besluit geneem om 'n groter fokus op die nismark van ultrakortpuls-optiesevesellaser binne die foto-nika te plaas. Optiesevesellaser-tegnologie het sy ontstaan te danke aan die vroeë ontwikkeling van die internet en optiese telekommunikasiestelsels. Vandag word multi-kilowatt kontinue vesellasers vir die sny en swel van metaalplate in die motor- en skeepsvervaardigingsbedryf gebruik.

Dr Burger hoop dat die Matie-weergawes goedkoper sal wees en minder instandhouding sal verg sodat kleiner vervaardigers ook tegnies gesofistikeerde maar betroubare en gebruikersvriendelike lasertoerusting kan gebruik. Benewens die optiese-glasveseldraad wat in Frankryk volgens die Stellenbosse navorsers se spesifikasies vervaardig is, is die meeste komponente relatief goedkoop.

Die navorsing word deur die Nasionale Navorsingstigting ondersteun. ■



Left: The CIB's first graduates, Ulrike Irlich, Michelle Greve and Jeanne Gouws (Photo: Anton Jordaan (SSFD)). Right: Ndivhuwo Luruli.

Jeanne Gouws, Michelle Greve, Ulrike Irlich and Ndivhuwo Luruli made history when they became the first MSc graduates produced by the DST-NRF Centre of Excellence for Invasion Biology (CIB).

They received their degrees during the March graduation ceremony of the faculties of Science and AgriSciences - and all cum laude to boot!

Another MSc student, Gené Guthrie, graduated from the University of the Western Cape.

The multi-institutional CIB, with its headquarters at Stellenbosch University (SU), was established in 2004 as part of the DST-NRF Centres of Excellence Programme. It is co-funded principally by the South African Department of Science and Technology (DST) through the National Research Foundation (NRF) and SU.

Its focus is on how biological diversity is altered by invasive plants and animals, and the effects they have on the functioning of ecosystems and the services they deliver. This provides scientific information that assists policy makers and managers with rational decision-making options regarding invasive alien species. ■



Navorsingsassistent Gerhardt Coetze en dr Marinda Bloom aan die werk in hul laboratorium in die Departement Mikrobiologie. (Foto: Engela Duvenage)

Rooibostee kry meer skop

rooibostekomponente in warm water toegespits. "Sonder behandeling met die ensiemmengsel is net sowat 20% van tradisionele rooibostee in warm water oplosbaar, in vergelyking met 40% van swart tee," vertel sy. "Met ensiembehandeling kan vervaardigers van rooibos-ekstrakte tot 30% meer ekstrak per kilogram plantmateriaal verkry."

Nog 'n bonus is dat die ensiembehandeling nie 'n noemenswaardige verlies aan waardevolle gesonde antioksidante veroorsaak nie. ■

Vegetation map makes Prof Mucina proud

A Slovakian-born botanist in the Department of Botany and Zoology, Prof Ladislav Mucina, has helped to rewrite his adopted motherland's vegetation history.

JPH Acocks's *Veld Types of South Africa* has been the standard reference on the indigenous vegetation of South Africa used by ecologists, farmers, environmental consultants and other students of natural systems since the 1950s, but it was in serious need of updating.

This led to the National Vegetation Map of South Africa Project (VEGMAP), with Prof Mucina and Dr Mike Rutherford of the SA National Biodiversity Institute (SANBI) as driving forces. It was funded by the Department of Environmental Affairs and Tourism (DEAT), with support from the Norwegian government, and was managed by SANBI.


South African scientists and academics, along with colleagues from Swaziland, Lesotho, Germany and the Netherlands, helped the duo to collect data from all possible published sources. Fieldwork was done by a small army of colleagues and the editors themselves to fill in the gaps where data was inadequate.

Thanks to VEGMAP, Acock's original seven biomes have been extended to nine continental biomes and two on the Prince Edward Islands, and his 79 veld types to 435!

The project's first product, the 1:1 000 000 *Vegetation Map of South Africa, Lesotho and Swaziland*, rolled off the printing press in 2005. The final cartographic work for this huge and beautiful, colourful wall map was done by Mr Adriaan van Niekerk and Prof Hannes van der Merwe of the Centre for Spatial Analysis in the SU Department of Geology, Geography and Environmental Studies.

The comprehensive 807-page full-colour book *The Vegetation of South Africa, Lesotho and Swaziland*, with Prof Mucina and Dr Rutherford as co-editors, was launched in May as part of DEAT's International Biodiversity Day celebrations.


The bulky book includes descriptions of each vegetation type, including details on distribution, landscape features, geology and soils, its endemic



Prof Ladislav Mucina in front of the Vegetation Map of South Africa, Lesotho and Swaziland, which is a product of VEGMAP. (Photo: Frans Radloff)

taxa, conservation status and biogeographically important taxa. It also includes a bound 1:1 000 000 atlas.

The VEGMAP products have already been embraced by their potential users as the authoritative word when it comes to the vegetation treasures of Southern Africa. ■



Prof Alex Kisters and members of his multi-national research team, lecturer Dr Jean-Francois Moyen, PhD student Cynthia Sanchez-Garrido from France, and post-doctoral fellow Dr Cristiano Lana from Brazil, in front of the Chamber of Mines building. It is being refurbished to serve as the new home of the amalgamated Department of Geology, Geography and Environmental Studies. (Photo: Engela Duvenage)

From Nature to National Geographic

Geologists often find themselves in hostile locations and conditions – all in the name of science. Playing his part in promoting the wonders of the earth sciences recently put Geology professor Alex Kisters in a different yet equally difficult spot – a filming location.

As part of a National Geographic documentary on the early evolution of the earth's crust, he had to endure Mpumalanga in the middle of February – at 35°C and 100% humidity! And, of course, the spotlight and cameras rolling for two days.

"Sometimes I had to say the same things twenty times over," he remembers his 'acting days'.

The documentary *Naked Science: Colliding Continents* has been aired on South African television since September last year, and was also screened in the USA. Another documentary on the same

topic will be released later this year, and will feature Prof Kisters's colleague from Stellenbosch University, Prof Gary Stevens.

"The filming crew visited the Grand Canyon, Iceland and the Alps for the documentary, but these are quite young examples compared to what we find in the Barberton area in Mpumalanga," says Prof Kisters, who, as an archaean geologist, studies the evolution of early earth older than 2,6 billion years.

Prof Kisters recently co-authored a paper on archaean geodynamics in the Barberton greenstone belt east of Badplaas for the esteemed scientific journal *Nature* with colleagues Dr Jean-Francois Moyen and Prof Stevens. They showed that the tectonic evolution of the planet was similar 3,2 billion years ago to what it is today. ■

Kundigheid in Plantpatologie aan die US aansienlik uitgebrei



'n Formidabele versterking van die Departement Plantpatologie: van links is Prof Altus Viljoen, dr Lizel Mostert en prof Wally Marasas. (Foto: Anton Jordaan (SSFD))

Die Departement Plantpatologie het sy navorsingskapasiteit aansienlik uitgebrei met die onlangse aanstelling van drie wetenskaplikes wat internasionaal erken word vir die bydraes wat hulle op hul onderskeie navorsingsgebiede gelewer het.

Prof Altus Viljoen is as voorstander van die departement in die Fakulteit AgriWetenskappe aangestel. Prof Viljoen het homself gevëstig as 'n internasionaal erkende wetenskaplike op die gebied van die beheer van siektes en peste van piesangplante. Hy geniet uitgebreide nasionale en internationale samewerking, dien as same-roeper van die Internasionale Netwerk vir die Verbetering van Piesang en Plantain (INIBAP) se werkgroep vir plantbeskerming, en is betrokke by die opleiding van verskeie studente vanuit Afrika.

Dr Lizel Mostert is deur die finansiële ondersteuning van die Sagtevrugte-produksente-

trust (SPT) as navorser in fitomikologie in die departement aangestel. Die doel van haar aanstelling is om veral die sagtevrugtebedryf in die Wes-Kaap te ondersteun ten opsigte van die bywerking van rekords, diagnostiek en die karakterisering van belangrike plantpatogene. Daar word voorsien dat haar navorsing sal fokus op kwarantynorganismes wat 'n bedreiging vir landbougewasse in Suid-Afrika inhou, asook swamme wat die uitvoer van ons landbouprodukte kan ondermy.

Prof Wally Marasas is as buitengewone professor in die Departement Plantpatologie aangestel. Prof Marasas word internasionaal as 'n wêreldleier op die gebiede van Fusarium-taksonomie en mikotoksikologie beskou. Sy aanstelling bied die Fakulteit AgriWetenskappe die geleentheid om navorsingsprogramme in hierdie spesialiteitsgebiede binne die Departement Plantpatologie te vestig en te versterk. Prof Marasas het in sy loopbaan wyd gepubliseer, en word as een van die honderd mees aangehaalde wetenskaplikes in sowel die landbou- as die plant-en-dierwetenskappe beskou. ■

Die eerste Wes-Kaapse kortkursus in bosluise, wat onlangs deur die Fakulteit AgriWetenskappe in samewerking met prof Ivan Horak, bosluiskundige van die Onderstepoort Veeartsenykundige Instituut, aangebied is, was uiter geslaagd.

Prof Horak doen al vir meer as twintig jaar navorsing op Afrika-bosluise en word internasionaal as 'n gesaghebbende op die gebied van bosluisidentifikasie en -taksonomie erken.

Volgens dr Sonja Matthee van die Departement Bewaringsekologie en Entomologie, wat die kursus gereël het, was dit baie prakties van aard en het die 23 kursusgangers (veearse van farmaseutiese maatskappye, die privaat sektor en die Departement Landbou, asook navorsers, boere en veeartsenykundige tegnoloë)

die kursus van groot waarde gevind. Die kursus is deur die SA Veeartsenykundige Assosiasie vir DPO-punte geregistreer.

Volgens dr Matthee, wat in parasietbirodversiteit en parasiete as drywers van ekosisteme spesialiseer, sal die korrekte identifikasié van bosluisspesies en 'n begrip van hul biologie tot die beheer van bosluise in boerderystelsels en geografiese gebiede bydra.

Twintig van die algemeenste bosluisspesies wat in die suidelike deel van Suid-Afrika voorkom, is ondersoek en hul biologie en beheer is bespreek. Veral die siektes wat deur hierdie organismes oorgedra word, het aandag geniet. ■



Mnr Koos Lötter (afgetrede dosent en stigterslid van die KPV) oorhandig 'n sertifikaat aan George Erasmus (top-voorgraadse Hortologie-student vir 2006). Heel links is prof Karen Theron (huidige voorstander van die US se Departement Hortologie) en heel regs is dr Wiehahn Steyn, huidige voorstander van die KPV.

Universiteit versterk bande met snyblom- en vrugtebedrywe

"Die uitvoer van snyblomme en vrugte is uiter kompeterend aangesien gehalte nie onderhandelbaar is nie. Dit is waarom hierdie bedrywe sterk steun op hul kennissvennootskappe met die US," sê prof Karen Theron van die Fakulteit AgriWetenskappe.

"Ons glo dit is noodsaaklik dat dielewering van voorpuntkennis en gesikte tegnologie vir hierdie uiter kompeterende uitvoermarkte in noue samewerking met die bedrywe gedoen word," verduidelik sy.

Prof Theron se Departement Hortologie is baie goed verteenwoordig op sowel die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Tuinbouwetenskappe (SAVTW) as die Kaaplandse Pomologiese Vereniging (KPV).

"Drie lede van ons doserende personeel, naamlik proff Lynne Hoffman en Graham Barry en dr Elke Crouch, dien vanjaar op die SAVTW-raad. By die onlangse kongres in Mpumalanga het dr Crouch die toekenning vir die beste aanbieding deur 'n persoon onder 35, gewen."

"Die US se Departement Hortologie het sedert die stigting van die KPV in 1964 nou bande met die vereniging gehandhaaf en was ook 'n rolspeler in die stigting daarvan. Ekself was vir baie jare 'n raadslid en tans is een van ons dosente, dr Wiehahn Steyn, die voorstander."

Die KPV se kontantprys en sertifikaat vir die student wat gemiddeld die beste in voorgraadse Hortologie-modules presteer het, is teen die einde van verlede jaar aan George Erasmus toegeken. Mnr Erasmus, wat van 'n sagtevrugteplaas in die Villiersdorp-omgewing kom, beplan om 2007 in Europa te werk, waarna hy die vrugtebedryf sal betree. ■

Ma, ek wil gaan wynkunde swot

Volgens onlangse mediaberigte is tientalle wynplase in veral die Stellenboschgebied te koop en het "die reuse-oorskot aan wyn wêreldwyd in 'n nagmerrie en 'n ekonomiese ramp vir Suid-Afrika se wynboere ontaard". Beteken dit dat ouers nie meer hul kinders Stellenbosch toe moet stuur om Wingerd- en Wynkunde te studeer nie? Karin Theron het gaan ondersoek instel.

Volgens ingeligte bronne met wie *Matieland* gesels het, is hierdie negativiteit egter totaal oordrewe en nie op ingeligte feite gegrond nie. Kenners meen boonop dat die twee sake niks met mekaar te doen het nie.

Mediaberigte in onder meer *Rapport* skryf die sogenaamde ramp toe aan 'n paar faktore, waaronder swak wynprys, hoër insetkoste, Suid-Afrikaners wat swak wyndrinkers is, streng arbeidswetgewing en ook swak bemarking van die wynbedryf onder toeriste.

Volgens sommige van die berigte is minstens 50 plase in Stellenbosch in die mark en volgens 'n bekende kommunikasiekonsultant van die bedryf het sommige verskaffers van wynmaaktoerusting in 30 jaar nog nie so 'n ramp gesien nie.

Ernst le Roux, Groepbestuurder: Druwe- en Wynvoorsiening van Distell, die grootste wynmaatskappy in Suid-Afrika, sê dit is kortsigtig om te beweer dat die ganse Suid-Afrikaanse wynbedryf in die moeilikhed is net omdat 50 wynplase in Stellenbosch in die mark is.

"Stellenbosch produseer ongeveer 10% van die totale hoeveelheid wyn in Suid-Afrika, dus kan jy nie die totale bedryf aan dié een streek meet nie."

"Die Stellenbosch-area produseer hoofsaaklik vir 'n nismark en produsente wat nie kompeteterend in daardie nismark is nie, vrou. Maar daar is baie produsente in die area met wie dit baie goed gaan, dus is dit vir 'n wynboer moontlik om in die Stellenbosch-area suksesvol te wees. My teenvraag is eerder: Hoeveel plase is in der waarheid onlangs verkoop? Ek weet net van twee. Is dit nie dalk eerder 'n geval dat die ouens kansie vat met lawwe prys nie?"

Sommige ontleders meen dat te hoë kredietverlening aan wynplase ook 'n rol speel in die feit dat sommige nou hul kelderdeure moet sluit.

Le Roux beklemtoon ook dat die wynbedryf 'n sikliese bedryf is. "In 1995 het ons rooiwyn ingevoer,

in 2002 het die pryse gesak, en ek voorsien dat dit weer teen 2010/2012 hoog sal wees. Wingerd is 'n langtermyn-gewas, maar 'n groot probleem is dat wynboere dit nie altyd so hanteer nie. Ons is té geneig om prysgedrewe te wees. As 'n sekere variëteit teen 'n goeie prys verkoop, plant almal dit, en as die prys daal, word dit uitgetrek. As 'n mens in ag neem dat 'n wingerdstok vier jaar vat om in volle produksie te kom en tot 25 jaar oud word, is dit nie baie wys om so oorhaastig op te tree nie."

Volgens SAWIS, die amptelike inligtingsmaatskappy vir die Suid-Afrikaanse wynbedryf, was Suid-Afrika se per capita wynverbruik, 8,6 liter, nog altyd veel laer as dié van lande soos Frankryk (47,6 liter), dus kan mens kwalik die huidige 'krisis' aan Suid-Afrikaners se 'swak' drinkgewoontes toeskryf.

Le Roux skryf eerder die huidige probleem toe aan die transformasie wat die wynbedryf sedert 1994 onderraan het. "Die wynbedryf is voorheen streng gereguleer en beskerm deur mekanismes soos onder meer minimumprys. Nou opereer die wynbedryf in die vrye ekonomie en dié harde werklikheid tref dié boere wat nog nie geleer het om slimmer te werk nie."

Volgens prof Melané Vivier, voorsitter van die Departement Wingerd- en Wynkunde, benodig die wynbedryf juis goed opgeleide mense.

"Die bedryf behoort nie net erns te maak met die basisvlak-opleiding van wingerd- en kelderwerkers nie, maar ook te streef na 'n vernuwendende werksmag wat toenemend vakkundig beter gekwalificeer is, op tegniese én bestuursvlak. Tans staan en val alles vir die bedryf by praktiese opleiding. Dit is belangrik, maar vakkundige diepte, analitiese denke en probleempollosingsvaardighede is dit wat die bedryf oor tyd kompetenter sal maak."

"Dit is ook so dat die departement meer as slegs wingerd- of wynkundiges oplei. Persone met vak-

kundige kennis regoor die waardeketting van wingerden wynproduksie en die bemarking daarvan word benodig, en die US is die enigste universiteit in Suid-Afrika wat gegradueerdes op hierdie vlak kan produseer. Die studente word dus opgelei met die potensiaal om die volgende generasie akademici en navorsers vir die bedryf te kan wees."

Volgens Jan Boosjen, uitvoerende bestuurder van Winetech, wat die koördineringsliggaam vir navorsing in die wynbedryf is, is voorpunttegnologie uiteraard noodsaklik om met hoogs kompetenterende internasionale markte te kan meeding, net soos vir enige bedryf in die landbou-omgewing.

"Die langtermyn-mededingendheid van die Suid-Afrikaanse wynbedryf is afhanglik van sy vermoë om vinniger te leer en meer innoverend te wees as sy kompeteerders," meen hy.

"Dit is egter ewe noodsaklik dat hierdie voorpunttegnologie wat deur wetenskaplikes geskep is, oorgedra en toegepas word in die bedryf. Ook hierin speel graduandi van die universiteit 'n groot rol," verduidelik prof Leopoldt van Huyssteen, dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe.

Die groot uitdaging waarvoor die departement nou te staan kom, is om studente op te lei wat sowel die toegepaste as die analitiese vaardighede het om die bedryf vorentoe te dra, wat nou saamhang met nuwe strategieë om praktiese wingerd- en kelderopleiding met wetenskaplike teoriebeginsels te kombineer.

Prof Van Huyssteen se raad aan ouers is dus: "Stuur gerus jul kinders Stellenbosch toe om Wingerd- en Wynkunde te studeer. Die wynbedryf is 'n langtermyn-bedryf wat juis topkundiges nodig het." ■

Wine industry still needs top experts

Media reports over the past few months have created the impression that it is no longer worthwhile to study Viticulture and Oenology, due, among others, to the large number of wine farms that are up for sale, especially in the Stellenbosch region. The article shows that the fact that so many wine farms are for sale is related more to the property industry than to the wine industry, which still needs top professionals.

Eight glasses of water a day keeps the doctor away?

Often we hear that drinking eight glasses of water a day is a sure way of staying healthy. Lynne

Rippenaar filled her water bottle and tried to find out if eight (or was it six?) glasses of water a day is enough.

Most people are familiar with the general recommendation for adults of eight glasses of water a day.

Yet, estimating water or fluid intake requirements is not easy and individual requirements are highly variable, says Ms Irene Labuschagne, dietitian and manager of the Nutrition Information Centre (NICUS) at the Faculty of Health Sciences.

"Water comprises 50% of body weight in women and 60% in men. Every system and function in the body depends on this fluid. It also aids in the digestion of food, carries nutrients to cells and provides a moist environment for ear, nose and throat tissues." However, says Ms Labuschagne, we also need to realise that the total fluid intake of humans depends on physical activity levels, the climate they live in, their health status, clothing and various other physiological factors such as pregnancy and breastfeeding.

According to Ms Labuschagne, the adequate intake (AI) for total fluid to prevent dehydration in sedentary men and women (aged 19–50 years) is 3,71 and 2,71 litres of total fluid per day respectively. Solid food and digestion of food also contributes to this recommendation as food, such as fruit, also contains fluid.

Drinking fluids represents approximately 81% of total water intake, which translates into 3,01 litres per day for men (12 glasses of 250 ml) and 2,71 litres per day (10 glasses of 250 ml) for women.

Only water?

Many people prefer alternatives to water such as cool drinks, fruit juices, coffee, tea, milk or sport drinks. However, says Ms Labuschagne, water is regarded as the

preferred drink to fulfil daily fluid needs.

"This is followed by tea, coffee, low-fat and fat-free milk and drinking yogurts, diet or artificially sweetened cool drinks, cool drinks or drinks with some nutritional benefits – such as fruit or vegetable juices, full-cream milk, alcoholic beverages, and sports drinks – and lastly sweetened drinks or nutrient-poor drinks."

Of this total fluid intake, women should drink at least four glasses (250 ml) and men at least six glasses (250 ml) of clean, safe water per day.

Too much or too little

Although uncommon, it is in fact possible to drink too much water. When the kidneys are unable to excrete excess water, the electrolyte (mineral) content of the blood is diluted, resulting in a condition called hyponatraemia (low sodium levels in the blood). Endurance athletes such as marathon runners who drink large amounts of water that do not contain adequate sodium are at higher risk of hyponatraemia.

Hyponatraemia is not a common illness, so don't go throwing your water bottle away just yet.

Becoming dehydrated is just as dangerous. General signs and symptoms of dehydration include excessive thirst, fatigue, headache, a dry mouth, little or no urination, muscle weakness, dizziness and light-headedness.

As the saying goes, prevention is the best cure. However, if you feel dehydrated, try to correct it with increased fluid intake. Seek medical help if you are vomiting or have diarrhoea. "The best options are rehydration fluid products. Never wait if it is a child. Take the child to a doctor or health facility," says Ms Labuschagne. ■

FLUIDS – THE GOOD, THE BAD AND THE UGLY

- Water is highly recommended for daily fluid intake. It provides no additional energy, which makes it ideal for any overweight or inactive adult. It also provides variable amounts of minerals such as calcium, magnesium and fluoride.
- Tea provides antioxidants, flavonoids, amino acids and minerals (mainly fluoride). Adults should preferably limit their intake of caffeine drinks to no more than four cups of coffee per day or eight cups of tea per day. Preferably, these should be with fat-free or low-fat milk and no sugar.
- Dairy products are by far the richest source of calcium. There is a positive relationship between milk consumption and bone-mineral density, which protects against osteoporosis in

later life. Low-fat products are recommended for all adults and children older than five years.

- Sweetened cool drinks and fruit drinks are energy dense and contribute to an increased daily energy intake and thus obesity. Limit these to no more than 240 ml (approximately one standard cup) per occasion. These drinks should be avoided by diabetics and inactive, overweight adults and children.
- Fruit juices (100% juice with no added sugar) provide most of the nutrients of the fruits used, but they are energy dense and may lack fibre and other nutrients or constituents present in the whole fruit. Consumption of whole fruits is still considered to be the best way to achieve satiety and energy balance. Vegetable juices

are generally a healthier alternative to fruit juices because they provide less energy. However, they can be high in salt. Limit these to no more than 240 ml (approximately one standard cup) per occasion.

- Sports drinks contain at least half the energy of sweetened cool drinks and provide sodium, chloride and potassium. The carbohydrates, water and salts are advantageous in endurance events (strenuous exercise for more than one hour).

For further or personalised information, contact NICUS on 021 933 1408 or via e-mail at nicus@sun.ac.za or contact a dietitian registered with the Health Professions Council of South Africa. Visit the NICUS website at www.sun.ac.za/nicus.

Jong US-professor stel hoë prys op keuses

deur Carin Smith

Eksperimenteer en evalueer voortdurend jou keuses aan die hand van terugvoer.

Dit is die lewens- en beroepsbenadering van prof Stan du Plessis, die jongste volle professor in Ekonomie wat die afgelope sestig jaar by die Universiteit Stellenbosch (US) aangestel is.

Hy beskou sy aanstelling as volle professor verlede jaar op 33-jarige ouderdom as 'n bewys dat talle van die glasplafonne by die US verwijder is.

"Die hele wêreld het deesdae 'n meer buigsame model - ook in die private sektor.

"Ouderdom kan jou nie meer pootjie nie en dikwels staan mense in hul dertigerjare deesdae aan die hoof van internasionale maatskappye," sê Du Plessis vanuit sy kantoor wat uitkyk op Papegaaiberg.

Dit bring natuurlik groter keuses mee vir maatskappye by die aanstelling van personeel en gevaardgaande groter mededinging onder die jongeres.

Du Plessis wys daarop dat laasgenoemde lei tot sogenaamde "kreatiewe verwoesting", wat bepaal dat dieselfde kreatiewe proses wat 'n idee of persoon aan die bewind bring, ook weer tot 'n val kan lei.

"Dit is dus nie 'n sikliese model nie en jou huidige sukses waarborg nie dat dit sal bly voortbestaan nie," waarsku hy en skroom nie om te sê dit bly ook op hom van toepassing nie.

"Deur selfvoldaan agteroor te sit sal 'n risiko wees, want 'n mens moet vandag aanhou innoveer en presteer om op die kruin te kan bly," verduidelik hy.

"Om in die mark te kan wen, moet jy meeding deur iets te lever waarmee verbruikers bedien word en die mededinging bestaan selfs binne maatskappye. 'n Mens kan nooit van 'n Status quo in 'n mark praat nie."

Du Plessis se curriculum vitae lees soos 'n droom: BCom (Wiskunde) cum laude aan die US in 1993 en BCom (Hons) (Ekonomie) cum laude in 1995. Daarna het hy die geleentheid gekry om aan Clare College, Cambridge, te gaan studeer waar hy in 1996 'n MPhil (Ekonomie) behaal het.

Hy raak nou nog opgewonde wanneer hy vertel van sy Cambridge-dae: "Dit is 'n plek waar studente entoesiasies is oor die akademie en dis beslis nie cool om min te swot en deur te kom nie."


In 1995 is hy aangestel by Ou Mutual Batebestuur in Londen waar hy ekonomiese ontledings vir batebestuurders moes doen.

"Dit was fantasies om in die laat-1990's 'n ekonom in London te wees met al die entoesiasme en onstuimighede op die mark, soos die Mexikaanse, Brasiliaanse en Russiese krisisse," vertel hy.

Sy grootste sukses was toe hy die maatskappy miljoene rande bespaar het deur aan te raai dat daar nie in Russiese staatseffekte belê word nie. Sowat twee maande later het die Russiese ekonomie in due gestort.

"Ekonomie is nie daar om goeie weddenskappe te gee nie. Ons lewer eerder 'n bydrae deur baie slegte goed te sien kom voordat dit jou tref."

Hy het dieselfde benadering gevolg met sy "eksperimentele" besluit om na Suid-Afrika terug te



Prof Stan du Plessis, professor in ekonomiese. (Foto: ANTON JORDAAN, SSFD)

keer en 'n pos as dosent in makro-ekonomiese aanvaar. Terselfdertyd het hy gewerk aan sy doktorsgraad, wat hy in 2003 voltooi het.

"Ek het nie geweet of ek 'n suksesvolle dosent kan wees nie. Daarom het ek my terugkeer as 'n eksperiment gesien waarmee ek terugvoer aan myself kan bly verskaf. Ek en my vrou het besluit die lewenskwaliteit wat ons hier geniet - insluitend vriende, familie en die pragtige natuurskoon - is die risiko werd. Geld is belangrik, maar dis nie al aspek wat oorweeg moet word nie," verduidelik hy.

Hy geniet die diskresie wat hy by die US het oor die aanwending van sy tyd en die vryheid om te kan sê as hy soms iets nie weet nie.

Dis veral lekker om nie meer voortdurend gevra te word om die wisselkoers vooruit te skat nie en hy kan die onderwerpe kies waarmee hy wil werk.

"Baie mense was verras met my keuse om terug te keer. Ja, ek sou finansieel beter in London gevaa het, maar ek sou weer ander dinge moes inboet. 'n Mens moenie dogmaties wees nie. Tans maak Stellenbosch vir my sin, maar ek bly oop vir terugvoer."

Sulke berekende risiko's blyk in sy gene te wees, want sy oupagrootjie het vroeg in die twintigste eeu besluit om uit Litauë na Suid-Afrika te emigreer. (Stan is huis 'n verkorting van sy eintlike naam, Stanislaus.)

Vandag, drie geslagte later, is Du Plessis, sy broer en sy suster beroepsli, terwyl die familie wat agtergebleef het, steeds in 'n klein dorpie met modderstrate in hutte woon.

Hy is optimisties oor die samelewning en sien hoe

spontane orde geskep word danksy die keuses wat mense het en onderlinge mededinging wat lei tot 'n uiters dinamiese aansporing om goed te doen vir jouself en ander - dus nie 'n zero-som-spel nie.

"Daar is nie 'n enkele ding wat jou kan weerhou om optimisties te wees in Suid-Afrika nie, want ons beskik oor die kritieke faktor om keuses vir selfbeskikking te hê. Hierdie keuses was nie voor 1994 daar nie," sê Du Plessis.

Na sy mening is daar egter beslis ruimte vir private inisiatief en hy wil beleidmakers waarsku om nie mense se keuses weg te neem nie - byvoorbeeld deur die vasstel van medisynepryse.

"Jou optimisme moet lê in of die stelsel jou inisiatief sal beloon. In Suid-Afrika kan jou inisiatief steeds sukses bring, maar dit sal nie in jou skoot val nie." ■

• Hierdie artikel het oorspronklik in *Die Burger* verskyn en word met vergunning van SAKE24 geplaas

Young economics professor has high regard for choices

The article features one of the youngest ever economics professors in the Department of Economics. Prof Stan du Plessis says that one has to experiment and evaluate your decisions on a continuing basis via feedback. "It will be risky to be complacent, because one continuously has to innovate and perform to keep riding the crest," he said.

US tolklokaal - eerste van sy soort in die Wes-Kaap

Praat in tale. Van links is mnr Julius Dantile, Pansat Wes-Kaap; prof Ludolph Botha, Senior-Direkteur: Akademiese Steudienste; prof Carlotta von Maltzan, Departement Moderne Vreemde Tale; prof Botman; mnr Hannes van der Poel, Stadsraadlid Stellenbosch; prof Siegfried Huigen, Departement Afrikaans en Nederlands; en dr Harold Lesch. (Foto: Anton Jordaan (SSFD))



Die eerste tolklokaal om by 'n universiteit in die Wes-Kaap ingerig te word, is vroeër vanjaar by die Universiteit Stellenbosch bekendgestel.

Die tolklokaal, geleë in die Lettere-gebou, kan sesentien gaste en ses tolke (twee per taalkombinasie) akkommodeer.

"Dit beteken," sê dr Harold Lesch, 'n dosent in die Departement Afrikaans en Nederlands, wat ook verantwoordelik is vir die totstandkoming van die tolkprogram en tolklokaal in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, "dat daar nou op kampus die moontlikheid bestaan om in al drie amptelike tale van die Wes-Kaap - Afrikaans, Engels en Xhosa - gelykydig te tolk."

Volgens dr Lesch sal die tolklokaal vir opleiding van studente, empiriese navorsing oor spesifieke tolking, kortkursusse, en dienste aan die universiteitsgemeenskap en die breër publiek voorsiening maak.

"Ons wil graag tolke lewer wat gereed is vir die praktyk en vir die realiteit van Suid-Afrika," sê dr

Lesch. "Dit word al hoe belangriker vir tolke om 'n rol te speel in die bou van brûe tussen verskeie taalgroepe en om ras se harmonie te verbeter."

Die rektor, prof Russel Botman, het die openingsgeleenthed bygewoon en gesê dat 'n tolklokaal soos dié een by die US sal bydra tot demokrasie in Suid-Afrika deur middel van die gehalte van die tolke wat dit vir howe en hospitale sal lewer.

"Ek dink nie daar is 'n beter manier om die Suid-Afrikaanse samelewings te verbeter as om mense in hierdie land te help om beter met mekaar te kommunikeer nie."

"Die eintlike vraag wat oor taal gevra word, is 'n vraag oor administratiewe geregtigheid. Dit het te doen met die kernvraag wat 'n persoon sal vra as hy byvoorbeeld voor 'n regter staan en dit is, gaan hierdie persoon my kant van die saak verstaan, gaan sy beoordeling oor my saak gebaseer wees op die presiese feite wat ek gegee het en gaan ek reg beoordeel word. Tolking het hier 'n baie belangrike

rol om te vul," sê prof Botman.

"Dit gaan nie hier om die elite se taal nie; dit gaan oor die mense in die klein dorpie wat hulle siekies in kruwaens laai en na 'n dokter bring wat hulle nie verstaan nie. Dit gaan nie net oor die reg om jou taal te praat nie, maar oor lewe en dood." ■

- Kontak dr Harold Lesch by 021 808 3573 of per e-pos by hlesch@sun.ac.za.

Interpreting venue launched

The first interpreting venue to be launched at a university in the Western Cape was opened at Stellenbosch University recently. The venue, providing simultaneous interpreting services, also makes provision for the training of students, empirical research on interpreting in particular, short courses, and services to the University community and the broader public

Stellenbosch philosopher receives Harry Oppenheimer Fellowship Award

Prof Paul Cilliers of the Department of Philosophy at Stellenbosch University has made history as the first academic in the social sciences and humanities to be awarded the prestigious Harry Oppenheimer Fellowship.


Candidates from all disciplines compete annually for this award, which is granted only to top scholars in South Africa.

The fellowship was initiated by the Oppenheimer Memorial Trust in 2001 and has a monetary value of up to US \$125 000. Prof Cilliers intends to use these funds to conduct further research in his field in collaboration with colleagues in Europe.

Prof Cilliers, an internationally respected scholar, received the fellowship for 2006 in recognition of his outstanding achievements in developing a general understanding of complex systems. His book *Complexity and Postmodernism* is widely regarded as one of the central texts on complexity in the social sciences.

Through his work, Prof Cilliers showed the fundamental relationships between a number of contemporary philosophical positions, specifically post-structuralism, and insights gained in the past two decades from mathematical and computational modelling of complexity. This allowed him to make the findings of complexity science applicable to problems in the social sciences and humanities and to develop a critical position on the limits of different kinds of models of complex systems.

"The fact that the importance of philosophical reflection is recognised in this way is extremely encouraging for all of us working towards a more humane understanding of the world. It also recognises the importance of a number of moral values that cannot be reduced to instrumental thinking and mere calculation. Complexity thinking helps us to develop more inclusive strategies, using insights from both the natural and the human sciences, without dissolving the difference between them," says Prof Cilliers. ■



Prof Paul Cilliers (Foto: Hennie Rudman, SSFD)



Stellenbosch - broeiplek vir musiektalent!

In 2005 het *Matieland* berig oor die groot hoeveelheid musiek-groepe, oftewel bands, wie se musiekwortels in Stellenbosch lê. Nou, twee jaar later, is daar soveel nuwe groepe en kunstenaars wat sê dat Stellenbosch die plek is waar dinge gebeur dat *Matieland* vir Louise Steyn gevra het om 'n paar ervare, nuwe en jong stemme te gaan vra wat na hulle mening die Eikestad so 'n goeie broeiplek vir musiek maak.

Op Stellenbosch het 'n musiek-aar gebars. So kom dit voor. Of die genre rock, punk, alternatief, instrumentaal of selfs kontemporêre a cappella is: Dié studentedorp is beslis besig om die hoeveelheid talent wat hom jaarliks binnevloei met mening uit te pomp.

Die instrumentale groep DNA Strings praat uit ondervinding daarvan om op Stellenbosch jou vastrapplek in die plaaslike musiekbedryf te vind. Volgens Flip du Plessis, hul djembe-speler, het DNA Strings immers op Stellenbosch besef dat hulle iets groter kan bereik as om net in koffiewinkels te speel. Hy meen ook dat net mooi dinge gebore kan word uit 'n kombinasie van kreatiewe jongmense, waarmee die dorp jaarliks gevoed word, die ryk geskiedenis van musieklegendes, rooiwyn en 'n inspirerende omgewing.

Kaleidoskoop, die baie jong groep met 'n sterk akoestiese aanslag, sê musiek is net so deel van Stellenbosch as wat wyn is. Studente dors daarna, sê hulle. Kaleidoskoop het onlangs hul debuutalbum, Bladwisselend, bekendgestel. Boonop is die Stellenbosse musiekgemeenskap bederf met 'n lekker onderlinge gees en kon ervare musikante soos Bertie Coetzee van Zinkplaat en die rockgroep Slagyster, wat reeds

naam gemaak het, hulle in die regte rigting help, sê Kaleidoskoop.

Dan getuig Die Helde se storie ook daarvan dat die Stellenbosse broeines nie net tot die studente beperk is nie. Dié nuwe generasie Afrikaanse rockgroep raas al van hul skoldae (nog onder die naam Merry Melodies) saam. Van daar af was dit af-draande pad en spog dié Maties vandag met 'n kortspeler ('n Eeuue oue melodie), verskyn hulle op Die Eerste Avontuur, 'n kompilasie-album wat deur die jong Stellenbosse platematskappy De Plate Kompanjie uitgereik is, draai hul eerste musiekvideo "Jy moet Luister" op die musiekkanal MK89. Baie meen ook dat die De Plate Kompanjie, wat deur die manne van Zinkplaat gestig is, baie waardevol in die plaaslike musiekbedryf is, omdat hulle aan talentvolle jong groepe (met min geld) blootstelling gee.

Vir die plaaslike musiekagent Ilse van der Merwe staan die feit dat Stellenbosch so baie plekke het wat vir lewendige optredes geskik is, soos Dorpstraat-teater of Bohemia, uit as rede waarom dié dorp so baie musikante se broeines is. Dan, sê sy, speel rock-legendes soos Valiant Swart ook 'n groot rol om Stellenbosch as tuisdorp gewild te hou en jonger stemme te inspireer.

Buite musiekgroepes of musikante met

Stellenbosch-bande, soos Springbok Nude Girls, Valiant Swart, Koos Kombuis, Gian Groen, Akkedis, Jan Blohm, Bed on Bricks, Delta Blue en DNA Strings, som The Led se verhaal die Stellenbosse musiekstorie die beste op, meen Ignatius Vlok, platejoggie by die plaaslike musiekradiostasie MFM.

The Led, 'n alternatieve rockgroep van so sewe jaar gelede, was 'n akroniem vir "lawyers, engineers and doctors". Toe hulle egter klaar hul rock 'n roll-drome op Stellenbosch uitgeleef het, het hulle weer na dié beroepe teruggekeer, vertel hy.

Dan is daar ook diegene wat hul Led-beroepe beoefen terwyl hulle hul musiek-drome uitleef. Die nege-stuks kontemporêre a cappella-groep Adamsappel het eers buite die Stellenbosch-musieksfeer tot stand gekom, maar vertel dat hulle individueel hul talente op die Stellenbosse teaterverhoë en sér-kompetisies begin beproef het. Volgens Adamsappel is musiek en sang 'n gewaardeerde aktiwiteit wat die broei van musiektalent op die dorp 'n hupstoet gee.

Die dorp se pols klop dus hard - plaaslik en daar waar Stellenbosse studente hulle na afloop van hul studies vestig. Een ding is egter seker en dit is dat Stellenbosch sy status as musiekbroeines verdien. ■

Stellenbosch remains nesting ground for music talent

The article deals with the fact that Stellenbosch continues to produce a vast amount of the music talent in South Africa. One reason could be that so many theatres are willing to provide a stage for upcoming stars to strut their stuff. The large student population that supports music, wine and the inspiring environment all contribute to Stellenbosch churning out droves of musicians.



Internasionale studente leer graag Afrikaans

Vroeër vanjaar het sir Richard Branson en Al Gore die grootste globale wetenskap-en-tegnologie-prys bekendgestel. Die doel van dié prys is om die nadelige effek van koolstofdioksied in ons atmosfeer te beveg. Die individu met die beste idee sal \$25 miljoen wen - nie te versmaai nie, veral as jy 'n student is.

By die Universiteit Stellenbosch is agt internasionale studente gevra om hul individuele idees voor te lê – met 'n klein verskilteitjie of twee. Hulle moet die voorlegging in Afrikaans doen en die prys vir die beste voorstel wen nie \$25 miljoen nie, maar wel 'n pakkie koekies.

Marisca Coetzee is een van vyf dosente aan die Eenheid vir Afrikaans, een van die eenhede van die Universiteit se Taalsentrum. Dié eenheid vind sy oorsprong in die onvermoë van sowel niemoedertaal- as moedertaalsprekers om akademiese uitdagings in Afrikaans binne 'n universiteitskonteks die hoof te bied.

Marisca koördineerdeer 'n kursus wat die eenheid, in samewerking met die US se Internasionale Kantoor, aanbied. Getiteld "Afrikaans vir Beginners", help dié kursus internasionale studente om met Afrikaans te vry.

"Daar bestaan tans twee kursusse, Afrikaans vir Beginners (Vlak I) en Afrikaans vir Beginners (Vlak II). Vlak I is hoofsaaklik vir internasionale studente wat slegs vir een semester op Stellenbosch kom studeer, terwyl Vlak II studente wat vir 'n volle graadprogram hier kom studeer beter toerus om die uitdaging van hooflesings in Afrikaans die hoof te bied."

Afrikaans vir Beginners is een van talle oopsies waaruit internasionale studente kan kies wanneer hulle aan die US kom studeer. Die meeste studente wat dié kursus volg, kom van Namibië, Zimbabwe, Amerika,

Noorweë en veral van Duitsland. Tans is daar nagenoeg 'n honderd studente in die onderskeie kursusse.

"Ons probeer om hulle te leer hoe om ten minste te weet wat ander mense van hulle sê op kampus of in kroeë. Dis hoofsaaklik gebaseer op luister- en praatvaardighede en ons leer hulle hoe om strategies bekwaam te wees om iemand te antwoord in Afrikaans," vertel Marisca.

Vlak I bestaan uit twee sessies van twee en 'n half uur per week. Studente wat Vlak I voltooi, kan Vlak II volg. Dit is gelykstaande aan 'n jaarkursus wat studente se taalvaardighede verder ontwikkel.

Dié wat Vlak II volg, moet vandag hulle mondeling-eksamen aflê. Elkeen het sy of haar eie "blinkste plan" vir sir Richard se \$25 miljoen bedink. Alhoewel nog sir Branson nog Gore die klas bywoon, is die doel van dié oefening om studente se woordeskata te ontwikkel, én (natuurlik) om mekaar te vermaak.

Torbjørn Kristoffersen van Noorweë is eerste. "My aanbieding is 'n bietjie kort," sê hy voor hy begin.

Marisca sê vir die klas sy gaan eers Torbjørn se plakkaat met wondergom teen die bord plak. "Wonder gum?" vra een van die studente. "Does that have something to do with a tree?" "Nee, dit is wondergom," en sy trek stukkies uitmekaar om teen die bord te plak.

Aan die linkerkant van Torbjørn se plakkaat is sy illustrasie van besoedeling. 'n Motor (van Duitse fabrikaat) spuit uit-

Heel links:Torbjørn Kristoffersen van Noorweë gooï Die Taal. Links: So maak mens. Roman Eul van Duitsland. (Foto's: André-Pierre du Plessis)

laatgasse in die atmosfeer in. Sy oplossing? 'n Filter wat die koolstofdioksied by die uitlaatpyp in 'n tenk opvang. Dié tenk sal by vulstasies (met 'n prentjie van Caltex aangedui) uitgepomp kan word. Aan die regterkant van Torbjørn se plakkaat is die nuwe woorde wat hy uit sy voorbereiding vir dié mondeling geleer het: Vulstasie = Gas station. Omgewing = Environment. Aanbieding = Presentation.

As deel van die mondeling word ander studente aangemoedig om vrae aan Torbjørn te stel. "Het jy die prys vir die project gedienk?" vra een. "In die toekoms sal dit gudkop wies," antwoord Torbjørn.

Dié mondeling is die resultaat van 'n volle semesterkursus van veertig uur. Die fokus val hoofsaaklik op die ontwikkeling van praat- en luistervaardighede. Elemente soos plakkate word nie soseer gebruik om skryfvermoëns te ontwikkel nie, maar word eerder as hulpmiddel ingespan om sprekers meer gemaklik met Afrikaans te maak.

"Ja, die klasse help," sê Max Dinkelmann van Duitsland, "maar op Stellenbosch is dit maklik om in Engels oor te slaan as iemand jou nie verstaan nie. Dié klasse help ons om 'n gesprek te volg, al kan jy nie altyd terug antwoord nie."

Maties se naglewe is nou meer toeganklik vir dié studente wat voorheen glad nie Afrikaans verstaan het nie. Soos een van hulle dit stel: "Dis makliker om Bohemia-Afrikaans te verstaan as 7de Laan-Afrikaans. Mense wat dronk is, praat stadiger."

Die studente wat reeds besig is met Vlak II het 'n ontwikkelde verwysingsraamwerk in die Afrikaanse kultuur.

Deur aktuele kwessies soos lugbesoedeling te gebruik, help Marisca dié studente om koorante oor die onderwerp te bestudeer. Daar word gekyk hoe die woordorde na sekere voegwoorde verander en die werkwoorde wat hulle deur sulke oefeninge aangeleer het in koorantartikels verbuig.

Een van die lekkerste goed wat Roman Eul van Duitsland met sy kennis van Afrikaans kan doen, is om met bergies te kan praat. "Hulle dink ek is wel mal of popdrank." ■

Afrikaans is popular amongst international students

About a hundred students are taking classes to learn Afrikaans. The courses, presented on two levels, deal mainly with verbal abilities and are taught in an informal setting. The courses enable international students to understand a class presented entirely in Afrikaans.

Woordfees 2007 bring landskappe bymekaar

deur Magdel Meyer

Al ooit gewonder waar die perfekte plek sal wees om ou vriende weer te sien en sommer ook 'n heerlike glasie wyn te geniet terwyl Marius Weyers vir Anna-Mart van der Merwe in sy arms vashou? Die US Woordfees, in samewerking met *Die Burger*, bied die antwoord.



Tydens die agtste Woordfees in Maart 2007 is verskillende aspekte van die liefde aangeraak in ongeveer 107 uiteenlopende skrywers-, drama- en musiekproduksies asook kunsuitstallings met die tema *Landskappe van die liefde*. Landskapkunstenaar Strijdom van der Merwe het spesiaal met die oog hierop 'n treffende plakkaat gelewer.

Of dit nou liefde vir die land, vir taal, woorde, kuns, of liefde vir die liefde self is – dit is 'n tema wat uiteindelik te make het met identiteit en hoe dit deur verskillende landskappe gevorm word. En dit is juis wat gevier is – identiteit én diversiteit in ons mooi land. Dít het die Woordfees weereens gedoen deur van die voorste skrywers, kunstenaars, musikante en akteurs op die planke te bring.

Een van die nuwighede en hoogtepunte hierdie jaar was die NB Uitgewers-tent, met 'n program vir oud en jonk – van boekbekendstellings en kinderpartyjies tot 'n kunsuitstalling en heerlike driegangmaaltyd saam met Mariëtte Crafford. Skrywers, joernaliste en uitgewers kon in die pragtige tuin van Bergzicht Heerenhuys feesgangers op die punt van hul stoele hou.

Hooffoto: Victor Fredericks en Charles Louw deel hul liefde vir Diana Ferrus tydens die produksie *Slawestories* op die pragtige ou plaas Muratie.

Regs-bo: WOW-leerders by een van die slypskole in die Wilcocks-gebou.

Regs-middel: Katinka Heyns en Anna-Mart van der Merwe tydens 'n baie spesiale ontbyt waar feesgangers saam met beroemde veterane in die toneelwêrdel kon aansit.

Regs-onder: Mariëtte Crafford saam met die Botha-susters ná die gesprek oor haar nuwe boek, *Sonskynkaffee*, 'n reisdokument van stories, kos en herinneringe aan haar en haar twee kinders se lewe op Kakamas. Gaste kon boonop smul aan 'n driegang-maaltyd saamgestel uit Sonskynkaffee.

Ander nuwighede was 'n pragtige kunsmark by die Studentekerk, 'n wyntent voor die HB Thom en 'n Woordfees Mardi Gras, 'n orkesoptog, stalletjies, 'n pretpark en 'n gratis verhoog op die Braak.

En die skrywers het opspraak gemaak deur die filosowe die eerste keer in die geskiedenis van die Woordfees (weliswaar naelskraap) in Filosofiekaffee te klop! Johan Rademan van RSG was die skeidsregter. Iris Bester het ook met die Plataankaffee by die Sasol Kunsmuseum elke dag om middagete daarvoor gesorg dat die res van die land kennis neem van dit wat op Stellenbosch gebeur.

Musiekproduksies soos Coenie de Villiers, De Priester en een Kerkorrel, Charlene Truter, Blondes, Beatles & Bach, Die Blou Kaffee en vele meer is entoesiasties bygewoon en in vele sale was daar nie

plek vir 'n muis nie. Meer as twintig produksies was vooraf uitverkoop, kaartjie-verkope het met 30% toegeneem en die Woordfees kon met 'n saalbesetting van nagenoeg 75% spog.

Die jaarlikse WOW- (Woorde Open Wêrelde-)dag is oudergewoonte in die Wilcocks-gebou aangebied, met ongeveer 750 leerders wat slypskole in woerdeboekgebruik, skeppende werk en joernalistiese vaardighede kon bywoon.

Die tema vir die volgende Woordfees op 3-9 Maart 2008 is op kuier gerig: So is ons tafel gedek. Want waar is 'n lekkerder kuierplek as De Akker in die Woordfeestyd? Met of sonder ou vriende, geliefdes en familie.

Kom maak dus volgende jaar gerus 'n draai by die Universiteit Stellenbosch – trotse landskap van die Woordfees. ■



(Foto: Dr. ME D'Amato)

Beste MatiesAlumni

Vanjaar is geen uitsondering as dit kom by die talle oud-studente wat kom inloer vir koffie, hartlike gesprekke en om my te peper met vroe nie!

Baie dankie hiervoor!

Dit is werklik die gedeelte van my werk wat ek die meeste geniet - veral die baie vroe oor Afrikaans, alumni se bydrae tot Visie 2012 EN aanbiedings van

oudstudente wat betrokke wil raak.

Alumni-funksies blyk net al hoe gewilder te word! Dit is amper asof daar opnuut 'n opvlammig in die verhouding tussen die Universiteit en sy oud-studente is. Hieroor is ek baie opgewonde.

Julle hou ons op ons tone oor die vordering wat ons met Visie 2012 maak en jul vroe spreek van mense wat werklik op hoogte is van ontwikkeling by die US. Belangriker nog, dit sê dat daar baie alumni is wat wil weet hoe om betrokke te raak!

Raak betrokke!

Onthou gerus dat jy betrokke kan raak as netwerkkoördineerder vir 'n spesifieke streek of deur 'n mentor te word. Kontak my gerus vir meer inligting hieroor of besoek www.matiesalumni.net. Ons verwelkom ook vir Ellena de Jager, ons nuwe netwerkkoördineerder vir Johannesburg.

Ontmoet die nuwe rektor

Ons ontvang baie versoek om die nuwe rektor te ontmoet. Juis daarom is die res van die jaar se aktiwiteite gepak met geleenthede vir interaksie met prof Russel Botman. Kom ontmoet hom en kom hoor wat sy visie vir die Universiteit is.

Oor die afgelope ses maande het ons reeds meer as 'n duisend oudstudente ontmoet. Dit sluit in besoeke aan Secunda, Oudtshoorn, die Overstrand-area, in die Boland en selfs tot so ver as Botswana en die Verenigde Koninkryk.

Elke keer kom ek verfris terug Stellenbosch toe, met nuwe idees en entoesiasme om in julle behoeftes te voorsien want dit is tog hoekom ek hier is! En die beste van alles is, dat ons soms met mekaar verskil, maar dat ons met passie ons verskeie standpunte met mekaar kan deel.

Woon 'n MatiesAlumni-funksie by

Teen die einde van hierdie jaar gaan ons 'n rekordgetal alumni na geleenthede uitgenooi het. Meer as 60% van die sowat 96 000 alumni waarvan ons weet, sal dan al 'n uitnodiging na een of ander geleenthed ontvang het.

Kyk gerus na die geleenthede op die MatiesAlumni kalender. As jy in die Wes-Kaap bly moet jy verseker die geleenthed van die jaar bywoon: 'n formele bal, aangebied by die Kaapstad Internasionale Konferensiesentrum (Kiks) op 1 September. Kom vier Matiewees saam met ons... in styl!

Groete uit Stellenbosch!
Heidi



Nuwe netwerkkoördineerder

MatiesAlumni-netwerkkoördineerders reël in samewerking met die Alumni-kantoor byeenvolkomste, gee nuusgebeure deur en help met die bywerking van adreslyste. Hier is die nuutste koördineerder. Besoek gerus www.matiesalumni.net vir die volledige lys.

**Suid-Afrika (Gauteng, Johannesburg):
Ellena de Jager, BA Hons
(Bedryfsielkunde)**



Ellena is die nuutste Netwerkkoördineerder. Sy skryf dat haar vyf jaar as Matie so ongelooflik was dat sy haarself net nie kon keer om weer betrokke te raak nie. "Vir al die Maties wat soos ek opgetrek het Gauteng toe om die "rat race" aan te pak, sal ek baie graag as skakel dien om bande te hervestig en te versterk." Ellena, 'n SR-lid in 2004, was in Minerva en later Huiskomiteelid vir Aristea. Sy was lank by MFM 92,6 betrokke en het op die *Stellenbosse Student* se redaksie gedien. Sy het ook op die komitees van die Karnavalkomitee (nou Jool) en die Intervarsity gedien. "My passie vir die musiekindustrie het hard gepraat. Nadat ek 'n ruk lank vir Karen Zoid gewerk het, het ek geskuif na Electromode Musiek, waar ek tans die produksies van CD's en DVD's behartig en ook as die assistent van die Besturende Direkteur optree." Stellenbosch sal altyd my hart se punt bly.

Kontak Ellena per e-pos by ellena@ilcglobal.com of skakel haar by selno 082 920 1357 of by (011) 463 0248



Voor: Liesl Potgieter, Attie James, Petrus van der Westhuizen, Sarah Czarnomsky. Agter: Mikki en Pieter Malan, Marko Bekker, Christine Walters (MatiesAlumni se netwerkkoördineerder in Londen) en Henk Viljoen.



Voor: Helga Punt, prof Russel Botman (rektor) en Charlene Niel Hendriksz.

Become a network coordinator!

Our list of network coordinators worldwide has expanded. These people assist the Alumni Office to organise events in your area, give feedback on news about alumni in specific regions and help with the updating of address lists. The complete list of network coordinators (in English and Afrikaans) is available on the MatiesAlumni website, www.matiesalumni.net.

Interested in becoming a network coordinator?

Contact Heidi October (Coordinator: Alumni Relations) at tel 21 21 808 2948 or e-mail her at hoctober@sun.ac.za.

Alumni events for the rest of 2007

JULY

Sat 28 July: Alumni dinner in Lusaka, Zambia

AUGUST

Thu 9 August: Breakfast event for all female alumni in the Cape to celebrate Women's day with the theme "women & wine"!

SEPTEMBER

Sat 1 September: Don't miss out on the biggest event on the social calendar for 2007!! All alumni in the Western Cape will be invited to celebrate their Matie status... in style with a black tie dinner ball at the Cape Town International Convention Centre!

NOVEMBER

Fri 2 November: Washington

Sun 4 November: New York

Sat 10 November: Gauteng

Contact Heidi October at tel (021) 808 2948 or via e-mail at hoctober@sun.ac.za for more information on these events.

Jou inligting word benodig!

VK-Maties hou byeenkoms

MatiesAlumni, van so ver as Birmingham in die Verenigde Koninkryk (VK), het vroeër vanjaar in die Suid-Afrika Huis by Trafalgar Square in Londen saamgetrek om prof Russel Botman en ander alumni in die VK te ontmoet.

Hier is hulle op hoogte gebring met die nuutste ontwikkeling by die universiteit en het hulle hul eie netwerke verstewig.

Een gas het die volgende te sê gehad: "Dit was verseker my lekkerste aand tot nou toe in Londen. Die regte Suid-Afrikaanse kos, wyn en pragfoto's, al die inligting van Matieland, verseker dat ek 'n Matie sal bly. Dankie vir die moeite wat julle wêreldwyd doen om ons netwerke te verstewig!"

Is jy 'n OudMatie in Londen? MatiesAlumni se netwerkkoördineerder in Londen is Christine Walters. Kontak haar by 44 77 11 096 111 of per e-pos by christiowalters@hotmail.com.

Botswana alumni get together



Photo above: Dr Kagiso and Ms Yvonne Mmonatau, Prof Nogwaja Zulu, Vice-Chancellor of the UB, Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor of Stellenbosch University, Mr Patrick and Ms Margaret Gunda.

Alumni in Botswana had the opportunity to meet the new rector and vice-chancellor, Prof Russel Botman, earlier this year.

Prof Botman was in Gaborone to sign a memorandum of understanding (MoU) with his counterpart at the University of Botswana, Prof Bojosi Othogile, to promote collaboration between the two universities. The MoU allows for student and staff

exchange and general cooperation in the areas of research, teaching, supervision and support.

The Alumni Office hosted an alumni function for SU's Botswana alumni, at which Prof Botman was the guest speaker.

The University of Botswana is now SU's third institutional partner on the continent. In 2006, the university signed MoUs with the University of Dar es Salaam and Makerere University. Discussions are underway with the University of Namibia, the University of Mauritius, the University of Nairobi in Kenya and Addis Ababa University in Ethiopia for similar agreements.

The MatiesAlumni Network Coordinator in Gaborone is Nnana Mmopelwa. Contact her at 267 716 27021 or via e-mail at nnana_m@hotmail.com.

« Konvokasielde



Caledon Villa

GASTEHUIS



Vir akademiese uitruiling is die Universiteit daar.

Vir kulturele uitruiling is Caledon Villa daar!

Kom huis by Bolandse gasvryheid - rustig naby die kampus,
die historiese middedorp en die Eersterivier.

Neethlingstraat 7 · Stellenbosch 7600 · Tel/Faks: +27 21 883 8912
info@caledonvilla.co.za · www.caledonvilla.co.za

E-nuusbrief op pad

Die US beoog ook 'n e-nuusbrief aan alumni. Om hierdie e-nuusbrief te ontvang, moet jou adresbesonderhede (e-posadres) natuurlik ook reg wees. Komaan, laat hoor van jou!

Notule van die konvokasie se jaarvergadering

Die notule van die jaarvergadering van die konvokasie wat op 9 November 2006 plaasgevind het, is op die US se webtuiste by www.sun.ac.za onder die hofje 'Alumni' beskikbaar of kan elektronies by esk@sun.ac.za aangevra word. Jy kan ook versoek dat dit per pos aan jou gestuur word deur 021 808 4516 te skakel. Weens hoë drukkoste en posgeld sal die notule nie meer per pos aan alle lede van die konvokasie gestuur word nie.

Neem ook kennis:

Die volgende jaarvergadering van die konvokasie is op Donderdag 8 November 2007 om 19:00 in die HB Thom-teater, Victoriastraat, Stellenbosch. Die spreker by hierdie geleentheid is die US se nuwe rektor, prof Russel Botman.

KOSHUIS REÜNIES

2007

Majuba hou reünie in September



Majuba Manskoshuis vier vanjaar sy 40ste bestaansjaar op Stellenbosch. Die naweek van 21 tot 23 September 2007 beloof 'n naweek gevul met ou vriende, herinneringe en goeie tye te wees.

Kontak Porra Coetze by 084 700 0978 of per e-pos by 14269376@sun.ac.za vir inligting.

Helderberg Republiekfees vier sy 50ste bestaansjaar



Die Helderberg Republiekfees is 50 jaar oud en word gevier met 'n reünie van 6 tot 9 September 2007.

Een van die hoogtepunte van die naweek is die stigting van 'n beursfonds. Ook op die spyskaart

is 'n gholfertoernooi, 'n wynproef, 'n spitbraai, en 'n galadinee. Kom vier saam die dae van dwerggooi, toutrek en armdruk, en van kraaiatramyl, nagkrieket en Die Leeu.

Kontak Dalene Swart, die organiseerder, by 082 922 4534 of per e-pos by dalene_b@mweb.co.za vir meer inligting.

Heemstede herenig op 28 Julie



Heemstede Dameskoshuis hou op 28 Julie 2007 'n bymekaarkom vir huidige en oud-Heemstede. Die tema van die dag is 'Hats and Heelz' en dit beloof hope pret te wees.

Kontak Jana Giliomee by 076 604 8184 of per e-pos by 14537974@sun.ac.za vir meer inligting.

2008

Minerva word 50 in 2008



Minerva vier volgende jaar haar 50ste bestaansjaar. Daar word tydens die September-vakansie 'n groot reünie gehou, alhoewel die spesifieke datum nog nie bepaal is nie.

Vir meer inligting kontak Lise-Marie Greeff-Villet by 082 200 6737 of lmg@sun.ac.za. Minervianers kan ook die webtuiste by <http://student.sun.ac.za/minerva/omb.htm> besoek om met gebeure en nuusbrokkies op datum te bly.

Huis Marais word 60!



Huis Marais vier vanjaar sy 60ste bestaansjaar en hou 'n reünie op die naweek van 17 en 18 Augustus 2007. Die naweek se verrigtinge word die Saterdagaand met 'n formele dinee afgesluit.

Kontak Jaco Bruwer by 082 971 3645 of per e-pos by hm_oudhuisman@sun.ac.za vir meer inligting en 'n inskrywingsvorm.

Women of Fire word 70



Huis ten Bosch vier vanjaar haar 70ste bestaansjaar, en hierdie mylpaal gaan gevier word met 'n feesnaweek van 5 tot 7 Oktober 2007. Die naweek se aktiwiteite sluit in 'n skemerkelkie en kuier in die tuin, 'n teeparty, wyntoer en reüniedinee. Alle oud-Huis ten Boschers word versoek om Lelanie de Roubaix by 082 8855 245 of per e-pos by 14519224@sun.ac.za te kontak.

Serruria word 30!



Serruria, Dames van Deug, vier vanjaar haar 30ste bestaansjaar. Feesviering vind Saterdag 8 September by Serruria plaas. Kom geniet lekker herinneringe van onvergetlike Matie-dae saam met vriendinne.

Vir meer inligting kontak Hilette du Toit by 082 956 9446 of stuur 'n e-pos na 14279266@sun.ac.za.

ROCK 'n ROLL vir MINERVA!



Alle oud-Minervianers, Alumni en vriende!

Herleef die era van padkafees (roadhouses), teruggelakte hare en die aanbreek van Rock 'n Roll!

Minerva nooi almal uit na 'n vertoning van die musiekbijspel *Rock Around the Clock* op 8 Augustus 2007 by die Barnyard Teater in Willowbridge, Bellville.

Kaartjies: R100 per persoon
Navrae/Besprekings: LMG@sun.ac.za, Sel 082 200 6737
Meer inligting: <http://student.sun.ac.za/minerva/omb.htm>

Wilgenhof
105 JAAR - REÜNIE

Respekte ♦ Individualiteit ♦ Kritiese Denke ♦ Sin vir Gemeenskap

105 is groter as 100

Ons hoop om meer van julle (as met die eusefes) by nog 'n groter en lekkerder reünie te ontvang

28 tot 30 Maart 2008

Vir meer besonderhede kontak enige van die onderstaande:

Danie Pienaar (Ouder-voormalige voorstander)	Jannie Klijnsma (Augustus)	Le Roux van der Westhuizen (Johannesburg)
WILGENHOF KONTAKT@WILGENHOF.COM.SA	WILGENHOF WILGENHOF@YAHOO.COM.ZA	WILGENHOF@WILGENHOF.COM.ZA

Sonop hou volgende jaar reünie



Sonop, wat al verskeie name gehad het, is 80 jaar gelede gebou en beplan 'n reünie vir 2008.

'n Datum is nog nie vasgemaak nie, maar Sonoppers word gevra om Jana Marais

by 084 400 5659 of per e-pos by 14590972@sun.ac.za te kontak.

MATIES ALUMNI REIS- EN VELDRYKLUB



BREEK WEG EN ERVAAR DIE NATUUR!

01-12 September 2007 Angola Visvlei
Ongerep, ongeskonde en ongelooflik

22-27 September 2007 Lesotho, die Dak van Afrika
Katzedam, Basotho's en Sanipas

5-28 September 2007 Kaokoland, Namibië
Woestyn olifante, feetjesirkels en natuurskoon

21-27 Oktober 2007 Luderitz - Walvisbaai
Oudste woestyn, hoogste duine... 'n moet

12-24 November 2007 Luiwa Plain, Zambia
Wildebeeste, groot riviere en natuur prag

01-06 Desember 2007 Baviaanskloof
'n Planteryk, diep klowe en hoë berge

VIR MEER INLIGTING KONTAK: Jurgens Schoeman by telno (021) 912 4090 of per e-pos by jurgens@thejourney.co.za

BTK hou reünie in 2008



Die Berg- en Toerklub (BTK) is in 1928 gestig en vier aanstaande jaar sy 80ste bestaansjaar. Om hiermee saam te val, word 'n reünie van alle oud-BTKners tydens die Paasnaweek, 21-24 Maart 2008, beplan. Dit word weer op Kunje in die suidelike Cederberg gehou, waar die vorige reünie vyf jaar gelede ook plaasgevind het. Dit is toe deur bykans 300 mense bygewoon en die organiseerders, onder leiding van prof Jurgens Hendriks, hoop dat net soveel geesdriftiges weer na Kunje sal opruk.

Alle belangstellendes word versoek om hul naam, adres en kontakbesonderhede te stuur aan Maretha Steinmann, Jonkershoekweg 56, Stellenbosch 7600; of na dietersteinmann@sun.ac.za, of skakel 021 886 6043.

Oudmatie lei nanomedisyne-eenheid in die VSA



Prof André Nel, 'n oud-Matielie verbonde aan die California NanoSystems Institute (CNSI), 'n navorsingsentrum van die Universiteit van Kalifornië, Los Angeles (UCLA), het onlangs die hoof geword van 'n nuutgestigte afdeling vir nanomedisyne by die CNSI en die UCLA Mediese Skool. Dit is die eerste nanomedisyne-afdeling in die VSA.

In nanomedisyne word nanotecnologieuse operasies in die menslike liggaaam uitgevoer om siektes en beserings te behandel. Nanotecnologie verwys na tegnieke wat op 'n vlak van een miljardste van 'n meter uitgevoer word. Hierdie wetenskap word allerwee beskou as die nuwe industriële revolusie en gaan, volgens André, 'n groot impak op die biologiese wetenskappe en medisyne hê.


Die primêre doel van die afdeling is om dokters in die beginsels en die toepassing van nanowetenskap en -tecnologie in die medisyne op te lei. Die afdeling wil op die lang termyn nuwe paradigmas vir die diagnostering en behandeling van siektes vestig wat tans nie met bestaande tegnologie moontlik is nie.

André het sy MB, ChB in 1975 en 'n Doktoraat in Medisyne in 1987 by Maties verwerf.

Hy staan ook aan die hoof van 'n interdissiplinêre hoofkampusprogram by die Universiteit van Kalifornië wat vir die veilige implementering van nanotecnologie in die staat van Kalifornia verantwoordelik is.

André is getroud met Margaret Gardiner.

Avonturier Correné Erasmus-Coetzer. Agter haar is Denise Martin en Beth Cheesebrough



Oudmatie ski tot in die rekordboeke

René aan die stuur van Namibiese TV-nuuskanaal



MatieAlumnus René Lötter maak haar merk as nuusredakteur van Namibiese eerste onafhanklike TV-nuuskanaal.

ONE Africa Television (OATV), 'n Namibiese kommersiële televisiekanaal, saai reeds sedert 2003 internasionale nuus, sport, opvoedkundige en kinderprogramme uit, maar het onlangs begin om 'n daaglikse nuusbulletin met plaaslike inhoud aan te bied.

Tot op hede was die enigste televisienuus dié van die staatsuitsaalkorporasie, die NBC (Namibian Broadcasting Corporation).

Volgens René streef die nuusspan na objektiwiteit, aangesien hulle nie aan enige politieke party of groep verantwoording doen nie.

Kontak René Lötter per e-pos by rene@oneafrica.tv

Clarke-prys vir MatieAlumnus James Barnard



Dr James Barnard, 'n Matielie-ingenieurstudent van die vyftigerjare, is pas met die 2007 Clarke-prys vereer.

James spesialiseer in omgewingsake en werk vir

die maatskappy Black & Veatch Corporation in Kansas City, Missouri, in die VSA.

Die prys is aan hom toegeken vir sy deurslaggewende navorsingsbydraes en praktiese toepassings van biotecnologie in die behandlingsprosesse van afvalwater.

Die Athalie Richardson Irvine Clarke Prize word jaarliks aan individue toegeken wat op die gebied van navorsing en tegnologie oor water presteer.

Die prys bestaan uit 'n goue medalje en \$50 000 prysgeld.

Die Bardenpho-pryses – 'n proses om oortolige nitrate en fosfate uit afvalwater te verwederdra – dra dr Barnard se naam.

Sandra Botha lei DA in Parlement



MatieAlumnus Sandra Botha is as leier van die opposisie in die Nasionale Vergadering gekies.

Sandra het ekonomiese aan die US studeer en haarself in landboukringe in die Vrystaat bewys voordat sy parlement toe is. Sy was aktief by die anti-apartheidbeweging betrokke en het verskeie gemeenskapsprojekte geïnisieer en geleei.

Sy is as ampelike leier van die opposisie gekies omdat die leier van die DA, me Helen Zille, as burgemeester van Kaapstad nie 'n parlementslid is nie.

reg wees, maar as die kop skort dan beteken dit niks." Onder meer moes sy temperatuur van tussen -20°C en -50°C trotseer en ook vreesaanjaende ysstorms en sterk winde kon weerstaan.

Die 1200km oor die soms gevaelike terrein was nie maklik nie – buiten die temperatuur, die swaar slee met haar kos en yskeure van sowat 200m diep moes sy en haar span, Denise Martin (40) van Kanada en Beth Cheesebrough (32) van Londen, hulself teen vriesbrand beskerm.

"Antarktika is asemrowend – die oneindige horison, die spierwit ys om jou wat vir myle net aaneen strek."

Correné sê sy kon dit nie gedoen het nie as dit nie was vir die ondersteuning van haar man, familie en bo alles – "die Hand van God".

"Jy is nie alleen daar nie. Hy is altyd met jou. Antarktika behoort aan Hom en jy is Sy gas. Dis 'n reis hier binne in jouself wat elkeen moetervaar."

Besoek www.correne.co.za vir meer inligting oor Correné se ervaring.



Toekoms blink vir hokkieklub

Die Steinhoff Maties-hokkieklub het die afgelope semester bewys dat hulle bevoeg is om 'n Wêreldbeker-hokkietoernooi hier aan te bied.

Oor Desember en Januarie het die klub op Coetzenburg 'n hokkietoetsreeks gehuisves waar Suid-Afrika en vyf internasionale spanne teen mekaar meegeding het.

Plaaslike hokkielieffhebbers kon Duitsland, Nederland, Groot-Brittanje, Ierland en Kanada se vrouespanne in aksie sien. Volgens Jenny King, afrigter van Suid-Afrika se vrouehokkiespan, was die reeks 'n groot sukses en het dit hokkie van uitstaande gehalte opgelewer.

"Ek glo die ontwikkeling van hokkie in die Boland het 'n groot hupstoot gekry met dié reeks. Dit is nie 'n sport wat baie televisieblootstelling kry nie, en om spanne soos Duitsland en Nederland (wat tans die wêreldkampioen is) op jou agterstoep in aksie te sien, sal beslis enige hokkiespeler se belangstelling aanwakker," sê King. "Kinders kan nie daarna streef om fenomenale hokkiespelers te

word as hulle nie weet hoe fenomenale hokkiespelers lyk nie."

Die kersie op die koek is dat ál die spanne wat hier was, aangedui het dat hulle weer wil kom. Behalwe vir die toetse waarin hulle gespeel het, het hulle ook hul oefenkampe hier gehou, danksy Maties se uitstekende fasiliteite.

"Ek dink noudat die woord versprei het, gaan die Maties se hokkiefasiliteite net 'n groter en groter aantrekingskrag vir internasionale spanne word," sê King. Duitsland en Groot-Brittanje het reeds bevestig dat hulle weer in November kom besoek aflé.

Die bykomende dienste wat die Universiteit Stellenbosch se Sportprestasie-sentrum aan die spanne bied, dra by tot die wêreldklaspakket wat hier aangebied word.

Verder gaan die hokkieklub van krag tot krag: hul man- en vrouespanne voer tans die batoon in die WP Superliga. Nie minder nie as elf Maties is ook weer opgeneem in die Suid-Afrikaanse vrouespan wat in Junie na Ierland getoer het.

Foto links:
Shelley Russel
(Foto: Jackie Wiese)

Die meeste van Maties se sportklubs het uitstekend presteer die afgelope semester. Die volgende kan op die Maties se lys van sporthoogte-punte ingesluit word:

deur Marli van Wyngaard

Die Maties-atletiekklub, in samewerking met Boland Atletiek, het die Yellow Pages Ultimate Athletics V-byeenkoms in Maart vanjaar op Coetzenburg gehuisves. Dié byeenkoms het meer as 10 000 toeskouers gelok, wat beloon is deur verskeie rekords te sien spat. Van die wêreld en Suid-Afrika se beste atlete was hier in aksie, met heelwat Maties wat puik presteer het. Die Maties Robert Oosthuizen (goud in die spiesgooi), Janus Robberts (goud in die gewigstoot), Ross Jordaan (brons in die gewigstoot), Keenan Watson (brons in die verspring), Tihanna Vorster (brons in die 400 m) en Dicardo Jacobs (silwer in die 3 000 m-hindernis) het almal medaljes verower.

Die Maties-judokas het weer eens die Universiteit Stellenbosch se naam hoog gehou en vir die sesde agtereenvolgende keer die Nasionale Studente-kampioenskappe gewen. Die Maties het altesaam 'n kwart (15) van ál die medaljes ingepalm. Die Matie Jurgie van Zyl het ook in April vanjaar, met sy eerste deelname as senior judoka in die Suid-Afrikaanse span, twee goue medaljes by die Afrika Sone VI-toernooi in Botswana gewen.



The newly established Maties/Helderberg Club for Athletes with a Disability is performing extremely well. Sixteen of their athletes represented Western Province at the National Disabled Championships held in Germiston in April. The Maties athletes earned a total of 37 medals amongst them, while breaking numerous records. The Maties swimmers Elizabeth von Wechmar and Gina Lourens also performed superbly in the disability events at the National Swimming Championships and brought home three medals.

Photo left: Fanie van der Merwe



Rugby gesond op Stellenbosch



Foto bo:
Gio Aplon
Foto links:
Louw Schabot

Die FNB Maties-rugbyspan sal later vanjaar vir die elfde agtereenvolgende keer die WP by die Nasionale Klubrugbykampioenskap verteenwoordig.

Sedert die herlewning van dié toernooi in 1997 is die Maties die enigste klub wat nog elke jaar kon kwalifiseer. Verlede jaar kon die Maties slegs die Plaat-afdeling wen.

Die Maties het die 2007-rugbyseisoen uitstekend afgeskop en die eerste ronde van die WP Super A-liga gewen. Oor die afgelope elf jaar was daar nog geen span wat die Maties in die eerste ronde kon onttroon nie.

Maties is ook die verdedigende Super A-liga-kampioene nadat hulle verlede jaar, soos in 2005, as die algehele wenners van die liga bekroon is.

Die jaar het reeds in Januarie op 'n hoogtepunt begin vir die Maties-rugbyklub - wat deur Steinhoff International, FNB en Sanlam ondersteun word - toe die Wêreldbeker-raakrugbytoernooi op Coetzenburg aangebied is.

Dit was die eerste keer in die geskiedenis wat dié toernooi in Suid-Afrika gespeel is, en Coetzenburg se velde was die ideale plek vir dié internasionale aangeleentheid. Toeskouers is op opwindende raakrugby deur die wêreld se beste spanne, soos Australië (die uiteindelike kampioene), Nieu-Seeland, Engeland en Frankryk, getrakteer.

Daarna het die Maties se reeks Intervarsity-kramgetings begin. Hoewel die Maties aanvanklik met 32-35 deur die Kovsies in Bloemfontein geklop is, het hulle met skitterende oorwinnings oor die Pukke en Tukkies vergoed. Maties het Pukke met 38-37 geklop in 'n briljante wedstryd in die Danie Craven-stadion waarin Maties die wenpunt in die laaste sekonde van die stryd aangeteken het. Ook die Tukkies moes lelik op hul neuse kyk in Stellenbosch, met Maties wat hulle oortuigend met 50-27 verslaan het.

Die laaste Intervarsity, wat ook as 'n WP-ligawedstryd gedien het, was teen aarts-vyande Ikeys. Maties het almal verras en die gevaaarlike Ikey-span met 36-23 op Nuweland geklop.



Maties best in Boland

"We are thrilled! There are only two players in our team that have won the league before."

This was the reaction of Maties's cricket captain, Warren Hayward, after the Steinhoff Maties cricket team was crowned champions of the Boland Premier League. Maties performed extremely well this year and managed to come out on top in a highly competitive league.

With their victory, Maties ensured that the Boland Premier League Trophy now takes pride of place in the display cabinet at Coetzenburg. Maties will also represent Boland in the National Club Championships in September.



"It is a new experience for us to be league champions. To get to the top was a process that took time and hard work, but it finally paid off," says Warren. "The structure that was laid down by the Maties Cricket Club, as well as the input of coaches Omar Henry and Adrian Holdstock and Steinhoff's financial support, all contributed to our success."

According to Warren, the commitment of the players was also great. "Everyone gave it their all. The players sacrificed a lot to be at every game, even through holidays and exams."

To the question what their expectations are for the Club Championships, Warren said: "The competition is going to be tough. We are an inexperienced side, but luckily we have a very experienced coaching side."

Head coach, Omar Henry, is also proud of the team and says that they can feel satisfied with their performance. "The players passed numerous tests throughout the season, since the team had to make many changes due to injuries and provincial commitments. The fact that they still maintained their winning momentum says a lot about the depth of the club and the commitment of the remaining players," says Omar.

"However, there is still room for improvement. There is enough potential in the team, but they will have to work very hard if they want to achieve success at the Club Championships."

The Maties cricket team will undertake a tour to Oudtshoorn during the winter holidays, where they will play against South Western Districts (SWD) as preparation for the National Club Championships.

The Maties Underwater Hockey Club has rewritten the history books twice: In December, and again in March, they won the National Underwater Hockey Club Championships. Six Maties - Brent Borstlap, Dirk Tromp, Russel Millen, Kannas Wied, Piet Joubert and Anton de Kock - were selected for the South African men's team, while three Maties - Amy Lansdell, Huibrie Janse van Rensburg and Danicke Benadé - were selected for the SA women's squad.



Arno Viljoen (voor) en Erik Kleinhans
(Foto: Sven Martin, Gallo Images)

Die fietsryers van die universiteit het ook weer eens hul staal gewys in die uitdagende Giro de Capo-fietstoer waaraan van die wêreld se voorste fietsryers deelgeneem het. Arno Viljoen (38ste) en Erik Kleinhans (55ste) het dié uitmergelende toer van ses dae suksesvol voltooi. Tydens die jaarlikse Cape Epic-bergfietstoer het dieselfde twee ryers van die GT EduLoan Maties-fietsryklub saamgespan en algeheel 16de geëindig uit die 936 jaers wat die toer voltooi het.

Reeds vir 50 jaar lank stuur die Universiteit *Matieland* gratis aan oudstudente om hulle ingelig te hou oor US-nuusgebeure en die doen en late van alumni. 'n Beteenisvolle groep alumni is ook finansiële ondersteuners.

Om alle oudstudente ingelig te hou oor alumni se skenkings en hoe dit by die Universiteit aangewend word, spoeg *Matieland* van nou af met 'n bladsy wat net afgestem is op aktiwiteite van die Stellenbosch Stigting – die Universiteit se afdeling wat filantropiese skenkings faciliteer.

Hierdie skenkings bevorder uitnemendheid aan die Universiteit en sluit in beurse, skenkings vir gemeenskapinteraksieprojekte en verskeie ander projekte by die Universiteit.

In hierdie eerste uitgawe skop ons af met 'n artikel oor die ruim skenking van die PSG Groep en sy voorsitter, mnr Jannie Mouton.

Vir meer inligting oor die Stigting se aktiwiteite, besoek gerus die webblad by www.sun.ac.za/stigting of sien www.matiesalumni.net vir skakels na hoe om skenkings aan die US te maak.

NUWE BEURSLENINGSFONDSE: EERSTE MATIES BAAT IN 2008



*By die bekendstellingsgeleentheid van die Jannie Mouton en PSG Groep Beursleningsfondse was (agter) mnr Bernardt van der Linde en Jan Mouton van die PSG Groep; me Annamia van den Heever, Direkteur van die Stellenbosch Stigting; mnr Gareth Cornelissen, Koördineerder: Korporatiewe Fondinsameling en mnr Sidney van Heerden, Koördineerder: Skenkings (Individueel) van die Stellenbosch Stigting. Voor is prof Walter Claassen, Viserekotor; Navorsing; mnr Chris Otto, Besturende Direkteur van die PSG Groep; mnr Jannie Mouton, Voorsitter van die PSG Groep en prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier.
(Foto: Hennie Rudman (SSFD))*

Die grootste skenkings wat nog vir beurse aan die Universiteit gemaak is, is onlangs aangekondig. Die **Jannie Mouton** en **PSG Groep Beursleningsfondse** met 'n waarde van sowat R6 miljoen is moontlik gemaak deur die PSG Groep en mnr Jannie

Mouton (in sy persoonlike hoedanigheid) wat elk 100 000 PSG-aandele aan die US geskenk het.

Die eerste groep Maties kan al in 2008 by hierdie ruim skenking baat.

Die opbrengs op hierdie ruim skenkings gaan reeds teen die einde van die jaar sowat R200 000 lewer wat in die vorm van lenings of beurse aan behoeftige en begaafde studente aangewend sal word.

Die rede vir die ruim skenking, het mnr Mouton gesê, lê daarin dat die bevordering van onderwys en opleiding een van die sekerste maniere is om die sosiale uitdagings in Suid-Afrika aan te spreek.

"Ek en die PSG Groep het spesifiek besluit om die skenking aan die Universiteit Stellenbosch te maak omdat ons glo dat die nuwe Rektor, prof Russel Botman, die wil en vermoëns het om die US met sukses vorentoe te neem en ons sal onverpoos voortgaan om die Universiteit te ondersteun."

Mnr Mouton het ook ander besighede en korporatiewe rolspelers uitgedaag om soortgelyke skenkings aan die US te maak. "Skenkings in die vorm van beurse is 'n verantwoordelike manier om in studente se toekoms te belê en daarom wil ek ander besighede en korporatiewe Suid-Afrika uitdaag om ook in die US te belê."

Skenkings soos dié van Jannie Mouton en die PSG Groep is ook 'n belegging in die toekoms van Suid-Afrika. Volgens mnr Sidney van Heerden (Koördineerder: Skenkings: Individueel) van die Stellen-

bosch Stigting en faciliteerdeer van die betrokke skenking aan die Universiteit, dra skenkings in die vorm van beurse by tot die welvaart van alle bevolkingsgroepes in Suid-Afrika. "Daar is waarlik 'n groot getal studente wat intellektueel die vermoë het om 'n groot bydrae tot die land te maak, maar gegewe Suid-Afrika se geskiedenis het nie almal dieselfde finansiële vermoëns nie. Skenkings in die vorm van beurse verseker dat die US op 'n groter skaal in die lewens van hierdie studente kan belê."

"Hierdie spesifieke beursleningsfondse," sê mnr Arrie Hanekom, Hoof: Afdeling Beurse en Lenings aan die US, "hou ook 'n spesiale aansporing in vir beurshouers aangesien die PSG Groep ook onderneem het om volgens hul diskresie van die beurshouers na afloop van hul studie in diens te neem wat beteken dat hulle terugbetaalings sal kan vryspring."

Volgens mnr Hanekom is daar nog heelwat soortgelyke skenkings nodig as die US sy transformasiedoelwitte wat betref die ondersteuning van voorheen benadeelde studente wil haal. "Ons benodig tans sowat R44 miljoen per jaar. Via die National Student Financial Aid Scheme of South Africa, oftewel NSFAS, dra die regering R12 miljoen by en die Universiteit gee self ook R12 miljoen. Om die res van die beursmandjie vol te maak, benodig ons nog heelwat beurse," het hy gesê.

"Ten spyte van die tekort wat daar nog is," voeg hy by, "bly dit 'n hoogtepunt van my werk om 'n student in te roep met die nuus dat hy of sy rustig kan slaap, want daar het 'n beurs ingekom!"

Besighede kan hul Swart Ekonomiese Bemagtigingstatus verhoog deur skenkings te maak vir beurse of stipendiums aan swart Suid-Afrikaners. 'n Allesomvattende beurs by die Universiteit (wat insluit klasgeld, akkommodasie, boeke, ens.) beloop sowat R50 000 per jaar.

First students to benefit from bursary loans in 2008: The first group of students to benefit from the largest ever donations to the University to date will do so in 2008. The Jannie Mouton and PSG Group Bursary Loan Funds have a value R6 million and are the result of the PSG Group and Mr Jannie Mouton, its Chairperson, donating 100 000 shares each towards establishing the funds.

- Ds JJ (Koos) Badenhorst van Altena Strand (87). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BA in 1941. Dien as predikant van gemeentes in Uitenhage, Klipplaat, Hopetown, Rondevleihoogte, Adelaide en NGSK Adelaide-Bedford.
- Mnr HJ (Hein) Basson van Bellville (87). Verwerf sy BA in 1945.
- Dr BE (Ben) Eisenberg van Groenkloof (73). Oudinwoner van Huis Visser. Verwerf sy BSc Landbou in 1954, MSc Landbou in 1957 en sy PhD Landbou in 1967.
- Mev MJ (Miems) Botha (née Anthonissen) van Stellenbosch (91). Oudstudent van die Universiteit. Was veral bekend vir die SAUK-radiopraatjie "Nuusbrief uit Londen" wat sy lank behartig het.
- Prof HS (Hermanus) Breytenbach van die Strand (78). Verwerf sy PhD (Odont) in 1974, MSc (Tand) in 1980 en Ded in 1989.
- Mev BE (Beryl) Bruwer (née Lamprecht) van Bellville (86). Oudinwoner van Huis ten Bosch. Verwerf haar BED in Huishoudkunde in 1943.
- Mnr DJJ (Daan) Conradije van Pretoria. (79) Oudinwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BSc Ing in 1950.
- Mnr JH (Johan) Cornelissen van Pretoria-Noord (61). Verwerf sy OD in LO in 1967.
- Mnr AM (Mike) de Villiers van Lynnwood (92). Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BSc in Bosbou in 1935.
- Prof JJ (Jan) de Villiers van Stellenbosch (84). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BA (MW) in 1945; MA (MW) in 1948 en sy DPhil in 1956. Oud-personeellid by die Departement Maatskaplike Werk.
- Mnr PJK (Piet) de Wet van Somerset-Wes (80). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BComm in 1946.
- Mev JM (Jennifer) du Preez (née Burger) van Northcliff (57). Oudinwoner van Heemstede en Huis de Villiers. Verwerf haar BA in 1969 en haar SOD in 1970. Sy was 'n onderwyser aan die Hoëskool Brandwag in Benoni.
- Mev JF (Frieda) Duckitt (née de Jongh) van Yzerfontein (72). Oudinwoner van Huis de Villiers. Verwerf haar HPOD in 1955.
- Mev DM (Daphne) Fulcher (née Kuboni) van Lightwater, Engeland (67). Verwerf haar BA in 1991.
- Mev MV (Marie) Geyser (née De Jager) van Waterval-Boven (83). Oudinwoner van Harmonie. Verwerf 'n Diploma in Huishoudkunde in 1942.
- Ds HA (Bert) Heyns van Langverwag, Stellenbosch (84). Oudinwoner van Wilgenhof. Verwerf sy MA in 1947 en sy BD in 1947.
- Mev ELvS (Elza) Heyns (née van Huyssteen) van Sunnyside, Pretoria (94). Oudinwoner van Harmonie. Verwerf haar HPOD in 1933.
- Dr BJ (Burke) Hill van Australië (70). Verwerf sy BSc in 1959 en sy MSC in 1962.
- Mnr WH (Hoffie) Hofmeyr van Aston Manor (85). Oudinwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BSc in 1941 en sy SOD in 1942.
- Prof JP (Hans) Jansen van Hermanus (83). Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BA in 1944; SOD in 1947 en sy DPhil in 1951.
- Mnr JJ (Johan) Jonck van Pretoria (69). Verwerf sy BA in 1960.
- Mev AR (Anna) Jordaan (née Botha) van Kuruman (70). Oudinwoner van Monica. Verwerf haar ODLO (SOD) in 1957.
- Prof RJ (Reinholt) Joubert van Linden, Johannesburg (58). Oudinwoner van Eendrag. Verwerf sy BAdmin in 1969; Hons BAdmin in 1971 en sy MAdmin in 1972.
- Ds JH (Kobus) Koch van Durbanville (68). Oudinwoner van Majuba. Verwerf sy BA in 1960; Hons BA in 1963; BTh in 1967 en sy Lis Teol in 1968.
- Mnr AP (André) Kellerman van Stellenbosch (64).
- Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BA in 1963, Hons BA in 1965 en sy MA in 1968. Hy was 'n oud-personeellid van die Departement Sosiologie.
- Mnr GHJ (Gerrit) Kruger van Zwavelpoort (55).
- Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BSc Ing in 1975.
- Mev CE (Cornelia) le Roux (87). Was bekend as Tannie Le Roux. Kosmatrone van Sonop Koshuis van 1969 tot 1977.
- Mev EM (Elsa) Lategan (née Spies) van Pretoria (60). Oudinwoner van Sonop. Verwerf haar BSc Huishoudkundegraad in 1968 en werk in Pretoria by die Departement Nasionale Opvoeding en skryf praatjies vir Vrouerubriek.
- Ds GS (Gerrit) Louw van Melville, Pretoria (34).
- Oudinwoner van Simonsberg. Verwerf sy BA in 1995; Hons BA in 1997; BD in 1999 en sy MTh in 2002.
- Mnr M (Mike) Maas van Vaalwater (77). Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BSc in 1952. Boer op die plaas Sterkspruit naby Vaalwater.
- Mev MC (Dalene) Malherbe (née Visser) van Pretoria (77). Oudinwoner van Huis de Villiers. Verwerf haar BA Maatskaplike in 1949.
- Mej S (Sunél) Malherbe van Brackenfell (23). Oudinwoner van Lydia. Verwerf haar BSc in landbou in 2005. Sunél was 'n belangrike wynmaker van Swartland Wyne.
- Mev MFJ (Daleen) Mej (née Scholtz) van Winterton (89). Oudinwoner van Monica. Verwerf haar Dipl in Huish in 1936.
- Prof GW (Garth) Milne van Stellenbosch (58). Personeellid by die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese en instrumenteleel in die lancering van Suid-Afrika se eerste mikro-satelliet, Sunsat, en in die suksesse van SunSpace, 'n afwentelmaatskappy van die Universiteit.
- Dr DC (Dirk) Neethling van Lydiana-Rif, Pretoria (73). Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BSc in 1954 sowel as grade by ander universiteite. Sluit sy loopbaan af as Hoof Uitvoerende Beample van die Nasionale Energieraad nadat hy onder meer Antarktiese eksedisies geleef het en op verskeie rade gedien het waaronder Eksom, Mossgas en SASOL III.
- Ds VO (Vidius) Nel van Altena Strand (82). Was student by die US Kweekskool van 1946 - 1949.
- Mnr JDW (Johan) Olivier van Stellenbosch (53). Oudinwoner van Simonsberg. Verwerf sy BEcon in 1983.
- Ds HJ (Hannes) Otto van Geluksoord, Stellenbosch (93). Oudinwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BA in 1935 en sy MA in 1939.
- Prof D (Daniel) Page van Stellenbosch (93). Hy was Hoof van die destydse Departement Openbare en Ontwikkelingsbestuur (Stads- en Streeksbeplanning) aan die US.
- Dr DVV (Dirk) Pienaar van Bellville (51). Oudinwoner van Helderberg. Verwerf sy MIng in 1986 en sy Hons BIng in 1979.
- Mev V (Veda) Raubenheimer (née Stephan) van River Galde Aftree-oord, Parklands (82). Spesiale student in Lettere en Wysbegeerte (Frans)
- Adv HVDM (Merwe) Scholtz van Kaapstad (53). Oudinwoner van Eendrag. Verwerf sy BComm in 1974 en sy LLB in 1976. Hy was die seun van die skrywer, digter en akademikus, prof Merwe Scholtz.
- Dr CP (Phillip) Schreuder van Bellville (61). Oudinwoner van Huis Marais. Verwerf sy BSc in 1969; Hons BSc in 1971 en sy MSc in 1975.
- Mnr DJvZ (David) Smit van Stellenbosch (83). Verwerf sy BSc in Landbou in 1946.
- Dr E (Etienne) Smit van Wellington. Oudinwoner van Huis Marais. Verwerf sy BSc in 1948; SOD in 1950; BEd in 1961; MED in 1967 en sy DED in 1985. Was ook 'n US koorlid van 1946-1947.
- Regter FS (Frank) Smuts van Bloemfontein (85). Oudinwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BA in 1942. Was Regterpresident van die Vrystaat en ook Voorsitter van die Algemene Balieraad van Suid-Afrika.
- Mnr HJJ (Hennie) Steyn van Stellenbosch (65). Verwerf sy BEcon in 1979.
- Mev DM (Marie) Streicher (née Uys) van Swellendam. Verwerf Diploma in Spraak en Voordrag.
- Mnr J (Jan) Tait van Lynnwoodrif (30). Oudinwoner van Eendrag. Verwerf sy BEng. in 1998 en sy MSIn in 2000.
- Mnr JJL (Jaco) Taute van Kimberley (35). Verwerf sy BEcon in 1993 en HOD in 1996. Bekende rugbyspeler wat onder meer vir WP gespeel het.
- Mnr PPA (Pieter) Theron van Nelspruit (86). Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BSc in 1941 en sy MSc in 1944.
- Prof SJ (Susarah) Truter (97). Verwerf haar MSc (cum laude) in 1946.
- Dr A (Annette) van der Westhuizen van Patensie (49). Oudinwoner van Heemstede. Verwerf haar MB, ChB in 1983.
- Mev CL (Lou) van Heerden (née Meiring) van Lyttelton (76). Verwerf haar BA in 1949, BMus in 1951, ODMS, 'n Sertifikaat in Koorleiding en haar SOD in 1950.
- Dr H (Helena) van Schalkwyk van Somerset-Wes (84). Verwerf haar BA in 1943; SOD in 1944; MA in 1973 en haar DPhil in 1959.
- Mnr H (Harm) van Tiddens van Gordonsbaai (73). Verwerf sy BA in 1954 en SOD (nagraads) in 1956.
- Ds RR (Roelof) van Wyk van Potchefstroom (81). Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BA in 1946.
- Ds AJ (Albertus) van Zijl van Worcester. Oudinwoner van Hombre. Verwerf sy BA in 1957.
- Mnr AA (Abrie) van Zyl van Panorama (53). Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BA in 1975. Hy was voormalige nuusredakteur en oud-hoof van die Tygerbergtaak van Die Burger.
- Mnr FJ (Frik) van Zyl van die Strand (84). Verwerf sy BA in 1943 en sy SOD (nagraads) in 1944.
- Mev JH (Babs) van Zyl (née Steenkamp) van Faerie Glen (77). Oudinwoner van Sonop.
- Mev RE (Rene) Viljoen van Stellenbosch (62). Verwerf haar MA in Opvoedkunde in 1991 en haar SDKO in 1980. Was ook Senior Lektrise by die Fakulteit Opvoedkunde.
- Mnr HA (Hennie) Warnich van Bellville (50). Oudinwoner van Huis Visser. Verwerf sy BComm in 1978 en sy HOD in 1980.
- Prof HFH (Hellmuth) Weich van Durbanville (70). Was Oudinwoner van Dagbreek in 1954 en Huis Marais in 1955-1958. Verwerf sy BSc Ing in 1958; MIng in 1960; MMed in 1973 en sy MD in 1979. Was hartchirurg by die Departement Kardiologie, Tygerberg.
- Dr GM (Gillian) Whiting (Yates) van Rondebosch (73). Verwerf haar DPhil in 1998.

NOTA: Matieland huldig graag oudstudente wat oorlede is, maar benodig sover moontlik volledige inligting. Dit sluit in volle name, van (en nooiensvan indien van toepassing), geboortedatum, datum waarop persoon oorlede is, grade behaal aan die US (of ander verbintenis, bv. ontvangers van eeregrade wat nie hier studente was nie) en 'n kort beskrywing van die persoon se beroepslewe. Foto's is ook welkom, maar plasing hiervan hang af van die hoeveelheid spasie wat beskikbaar is.

Stuur asb die inligting na me Malena Fourie van die Alumni-kantoor by tel (021) 808 4843, faks (021) 808 3026 of per e-pos by alumni@sun.ac.za.

Ons moet tog een of ander tyd bietjie kuier ...



lets op die hart? Skryf gerus aan my by media@sun.ac.za of by Die Redakteur: Matieland, Afdeling Bemarking en Kommunikasie, Universiteit Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland 7602. Die faksnommer is (021) 808 3800.

Wat 'n ontnugtering toe ek die dag besef dat *dating* in felheid toeneem ná die confetti gegooi is!

Nee, ek praat nie van die liefdesvlam wat moet aanhou brand tussen jou en jou geliefde na afloop van jul troue nie. Ek praat van hoe moeilik dit is om vriende te maak met ander paartjies! Dis amper om weer van voor af te begin date.

Dit het ek weer besef die dag toe ek teruggetrek het Stellenbosch toe.

Net soos in 'n huwelik is daar die "wittebrood". As nuwelinge op die dorp nooi mense julle oor vir 'n braai, koffie na kerk en vir rugbykyk op 'n Saterdag. Jy maak 'n klompie vriende en jy dink alles is klopdisselfoom.

Maar eendag hoor jy die ontstellende nuus en jy weet die *honeymoon* is verby: die Van Wyks en die Smitte (julle beste nuwe vriende) het Sondag saamgebraai en julle nie genoeg nie...

Teen wil en dank, soms in die diepe onderbewussyn, besluit julle dan dat hulle nie so maklik van julle gaan ontslae raak nie. 'n Mongoolse braai? Die Fondue-potte afstof? 'n Sop-en-sjerrie-aand? Die Van Wyks en

Smitte is julle vriende en hulle gaan nie so maklik wegkom nie!

Ja, vriendskappe met ander paartjies is nie net maanskyn en rooiwyn nie. Dis soms harde werk om daai droompaartjie te ontmoet en mee vriende te maak.

Hou maar dop hoe paartjies vir mekaar ogies maak by 'n partytjie! Soms vind hulle maklik aanklank by mekaar en word 'n eerste afspraak vinnig gereël. (Daar's tog, lyk my, 'n paar ongeskrewe goue reëls, waarvan die belangrikste is dat die afspraak nie binne hoorafstand van die gasheer en gasvrou gemaak mag word nie.)

Ander kere moet mens die paartjie wat julle in die oog het by meer as een braai én in die winkel raakloop voordat 'n afspraak enigsins ter sprake

kom (partykeer help dit as jou kinders hul longe los skree vir 'n Spiderman-roomys in 'n oorvol winkel, want dan kry hulle jou dalk jammer).

Party paartjies is meedoénloos met 'n fyn beplande strategie van *divide and conquer*. Manlief vat sy teiken eenkant toe en sal byvoorbeeld begin uitvra oor dié se kar se petrolverbruik (as die kar naby is, moet jy een van die bande 'n ligte skop met die voet gee), waar hy op skool was en natuurlik in watter koshuis hy was (en probeer om iets goeds oor die betrokke koshuis kwyt te raak).

Vroulief sal haar teiken oorrompel met 'n verwysing na onder meer naels, haarsstyl of skoene. (Nee, dit werk nie vir mans om mekaar se naels te komplimenteer nie.)

En dan is die slag geslaan. *Veni, Vidi, Compli, Vici*. We came, we saw, we complimented, we conquered. Die eerste afspraak is gemaak.

Op 'n ernstiger noot.

Vir my is vriendskappe een van die kosbaarste dinge wat daar is. Ons het almal 'n diepgewortelde behoeftes daaroor. Ons wil dit koester en uitbou. As enkelinge en as paartjies het ons nodig om te weet dat daar ander mense is wat vir ons omgee, wat ons nou en dan oornooi vir koffie. Vriendskappe bevestig ons menswees; dit dien as't ware as bewys dat ons inpas, aanvaar word en dat ons oraait is.

Ten spye hiervan is dit tog soms so moeilik om by mekaar uit te kom. Hoekom sê ons byvoorbeeld so maklik vir mekaar: "Ons moet tog een of ander tyd bietjie kuier..." in plaas daarvan om vorendag te kom met 'n datum, plek en tyd?

Dalk is die rede dat ons vrees vir verwerping groter blyk te wees as ons behoeftes aan vriendskap. Maar dit dra eintlik nie water nie, want as ons dan nou kwansuis "verwerp" word, was daar in die eerste plek nie sprake van vriendskap nie - wat weer veronderstel dat ons 'n paar keer verwerp moet word voordat ons goeie vriende kan maak!

En dan is ons nog so begaan oor hoe ons huise lyk: dat daar nie twee koppies in jou huis is wat dieselfde lyk nie; jou wynglasversameling uit agt verskillende tipe huisdansglase bestaan; jy nie 'n koffiemasjien het wat die melk kan *froth* nie en jy in die kole met 'n stok krap in plaas van met 'n fris, Amerikaans-vervaardigde vlekvryestaalknypers.

Dalk lê 'n deel van die antwoord daarin dat ons goeie vriende moet wees vir ander mense - sonder om iets terug te verwag. Dat ons nie aanvaar hoef te word of gewild hoef te wees nie, maar dat ons dalk meer moet luister, meer moet uitvra én meer moet omgee.

Miskien moet ons minder besorg wees oor hoe ons vertoon en meer begaan wees oor wat ons vir ander mense kan beteken. Dalk moet ons juis mense nooi wat nie so gewild is nie. Om juis mense oor te nooi as jou huis op sy deurmekaarste is (want vriende aanvaar jou net soos jy is). Om mense oor te nooi vir roereiers op roosterbrood in plaas van 'n koninklike sesgangete.

Dalk is dit wanneer ons regtig goeie vriende gaan begin maak.

Tot volgende keer!
Martin

Selling Masterpieces in every area

Stellenbosch



Sole Mandate

14 ha. Vacant farm land - 5min. from Stellenbosch. Build your dream "FARM HOUSE" surrounded by Shiraz and Chenin Blanc vines under drip irrigation. Real countryside feeling with large dam and mountain views, next to very well established wine farm.
Asking Price: R6 900 000.
Contact: Ron Jones 082 853 4889.

Stellenbosch



Mandate

Say Hello to a Good Buy! R4 950 000 incl. transfer fees!
This spacious home on large stand with dam view offers ample accommodation. A rented house since completion, this house needs an owner to love it and improve it and make it a home. Baby sister also available at R4 560 000 incl. transfer fees!
Contact: Chris Cilliers 082 568 1122.

Stellenbosch



Alleenmandaat

Ruim groot woning naby die kampus en winkelsentrum. Huidige huurinkomste van R20 000 per maand. Baie groot erf, swembad en lapa. Met 'n lieflike braai area en lowergroen tuin. Voldoende parkering.
Vraprys: R3 750 000.
Skakel: Johann du Toit 082 572 5273.

Stellenbosch



Alleenmandaat

Ongelooflike ligging! Naby Paul Roos, Rhenish en Bloemhof. 3 Slaapkamers, 3 badkamers, sitkamer, eetkamer, woonkamer, onthaalarea langs swembad, studeerkamer, moderne kombuis en wonderlike uitsig op die berge. Vraprys: R2 995 000.
Skakel: Anita Marais 082 853 4135.

Stellenbosch



Alleenmandaat

Splinternuut! Moderne dorphuis, prag uitsigte. Dubbele leef area, 3 slaapkamers en 2 badkamers.
Net reg vir intrek!
Vraprys: R1 150 000.
Skakel: Marlene Robson 072 148 7206.

Stellenbosch



Alleenmandaat

Aanbieding: R 2 200 000. Kom besigtig hierdie eindom in gewilde area stапafstand van skole en Universiteit van Stellenbosch! Hope potensiaal vir verdere ontwikkeling sowel as goedgekeurde planne vir tweede woning met verhuringspotensiaal. Vraprys: R2 450 000. Skakel: Marelise Visagie 072 776 2645.

Stellenbosch



Alleenmandaat

Pragtige woonstel in die kern van Stellenbosch. Lugversorging en ruim balkon. In 'n sekuriteitskompleks met kelder parkering.
Vraprys: R1 860 000.
Skakel: Magteld Du Toit 072 583 8183.

Stellenbosch



Joint Mandate

Offers from: R2 995 000. A modern home with style & quality, newly renovated to perfection with travertine & granite finishes in 2 beautiful bathrooms & kitchen, new pool & manicured garden completes the picture, owners are relocating, so claim this blue chip investment as yours today. Asking Price: R3 100 000.
Contact: Christine Bowles 082 417 2506.

Stellenbosch

Adam Tas (AFFORDABLE!) Bachelor	33m ²	R 450 000
La Dauphine (CAMPUS!) 1 Bdrm	41m ²	R 985 000
Dennehof (CAMPUS!) 1 bdrm	45m ²	R 1 095 000
Twee Pieke (SECURE!) 2 bdrm	50m ²	R 795 000
Akkerhof (FURNISHED!) 2 bdrm	74m ²	R 985 000
MacHof (CAMPUS!) 2 bdrm	47m ²	R 1 300 000
Oudehoek (CHURCH STR!) 2 bdrm	74m ²	R 1 700 000
Parkview (CAMPUS!) 2 bdrm	51m ²	R 1 750 000
Slave Cottage(HISTORICAL) 2 bdrm	40m ²	R 1 795 000
Nouveau (SPACIOUS!) 4 bdrm	73m ²	R 985 000

la Clémence

by Stellenbosch

Koester Jou Afrede!

Die droom word vervul

138 onmisbare geleenthede ... 85 alreeds opgeraap ... meer as die helfte van die gesogte wonings in Fase 3 is reeds in die hande van tevrede kopers.

Die uurglas loop leeg! Hier is die unieke geleenthed om jou afrede na 'n onherhaalbare voorreg tegemoet te hardloop: 'n tuiste omvou tussen die skilderagtige Stellenboschberge, getooi tussen historiese, lowerryke groen lanings! Voltooï die volmaakte beeld met die wesenlike eienskappe van *la Clémence*, nl.

- 'n Uitsonderlike ligging
- Eie titel
- Omvattende sekuriteitsbeheer
- Moderne gesondheidsorg
- Stylvolle aawerings
- 'n Doelontwerpte klubhuis ...

'n Beeld van die verloop



Die boomryke *la Clémence*

Die indrukwekkende ingangstruktuur lok onwillekeurig elke verbyganger se oë. Die fynbeplande toegang vertel sonder woerde dat hierdie aftreegeleenthed van weldeurdagte beplanning en kwaliteit getuig.



'n Blik op die indrukwekkende ingangstruktuur

Konstruksie van die huise:

Die wonings van fases 1 en 2 neem met rasse skrede vorm aan. 73 opgewonde eienaars sal voor 10 Desember 2007 hul stylvolle wonings kan oopsluit, die prag van die binnenshuise keuses geniet, terwyl hulle hul verlustig in die uitleef van 'n reeds gevestigde privaattuin!



Die wonings neem vorm aan

'n KLUBHUIS wat gul uitnooi!

Die *la Clémence*-droom het gestalte aangeneem met die aankoop van die grond vanaf mnr. Basil Lloyd Williams. Hoe spesiaal was die besluitneming om uiteindelik aan hierdie welbekende familie-onderneming die taak op te dra om hul eertydse pragwoning te omskep in 'n baie besondere klubhuis!

"Met sage oë?"



Inus Kempen, die ontwikkelaar, tydens die onlangse *la Clémence*-gholfdag

La Clémence - "om met sage oë te kyk" - gee op vele gebiede uitvoering juis hiéraan! Onlangs is uitgereik deur 'n spesiale **gholfdag** ten bate van die Weber Gedenk Primère Skool te loads. Die opbrengs het gedien om hierdie skool (in Jamestown) in staat te stel om na 45 jaar hul skoolsaal te voltooi.

Word deel van hierdie gesogte *la Clémence*-ontwikkeling ... Fase 3 wink u nader, Fase 4 volg eersdaags!

KONTAK ONS DRINGEND:

Nicholas	083 954 6689
Naomi	084 687 5823
Kantoor	021 880 1091
Webwerf	www.laclémence.co.za